‘N HANDLEIDING VIR

DIE ALLES-IN-EEN-TOERUSTINGSPAKKET







Plus Handleidings vir alles

INHOUD

Inleiding 4

'n Woord vooraf 5

'n Besprekingsgids vir die boek, WAARHEEN MET DIE NUWE WYN 7

'N "ONTDEK GOD"- BYEENKOMS 8

'N BESPREKINGSGIDS VIR DIE BOEK "WAARHEEN MET DIE NUWE WYN" 10

EERSTE BYEENKOMS 10

TWEEDE BYEENKOMS 10

DERDE BYEENKOMS 11

VIERDE BYEENKOMS 12

HANDLEIDING VIR LEIERS VIR DIE DVD-REEKS "JESUS, DIE DOPER MET DIE GEES" 13

Inleiding 16

SESSIE 1 'n Kennismaking met Jesus as die Salwer met die Gees 18

SESSIE 2 Die Heilige Gees in die Ou Testament 19

SESSIE 3 Die profete profeteer oor 'n nuwe era 20

SESSIE 4 'n Waar-word van die profesieë 21

SESSIE 5 Die vervulling en salwing met die Heilige Gees "empower" God se mense (deel 1) 23

SESSIE 6 Die vervulling en salwing met die Heilige Gees "empower" God se mense (deel 2) 26

SESSIE 7 Oor die gawes van die Gees 29

SESSIE 8 Samevattend oor die Gees en Sy werk 33

'N PAMFLET JESUS, DIE SALWER MET DIE GEES 35

Direkte verwysings na die Heilige Gees in die Bybel 36

Die Ou Testament oor die Heilige Gees 36

Die Nuwe Testament oor die Heilige Gees 37

'n Lys indirekte verwysings na die Heilige Gees 38

HANDLEIDING VIR LEIERS BY DIE DVD-REEKS, HOE HOOR EK DIE HERE SE STEM 40

WEEK 1 Dit is God se begeerte om met ons te praat 43

WEEK 2 My skape hoor My stem 45

WEEK 3 Ons moet leer om God se stem te hoor 48

WEEK 4 God praat deur die Bybel met ons – Hoe lees ons dit reg? (deel 1) 52

WEEK 5 God praat deur die Bybel met ons – Hoe lees ons dit reg? (deel 2) 55

WEEK 6 God praat soms direk met ons deur spontane gedagtes 58

WEEK 7 God praat deur die gawes met ons 61

WEEK 8 Raak stil in God se teenwoordigheid 65

WEEK 9 'n Doelbewuste "inbeweeg" in die Here se teenwoordigheid 68

'N HANDLEIDING VIR DIE EET VAN DIE WOORD 73

Inleiding 73

'n Leesgids vir Nuwe Testament m b v DIE STORIE AGTER DIE STORIE 73

BOEKE VAN NUWE TESTAMENT KRONOLOGIES AGTER MEKAAR 74

Opsomming van DIE STORIE AGTER DIE STORIE –storielyn 75

'n "Ontdek God"-byeekoms 80

Kom ons eet die Woord … 83

Lewenstransformasie-groepe (afgekort: LTG) 85

BOEKE VAN NUWE TESTAMENT KRONOLOGIES AGTER MEKAAR 88

Inleiding

Baie dankie vir jou ondersteuning en hande-vat met my om God se mense toe te rus in die Bybelse waarhede, en hulle in die proses te lanseer in bediening deur die werking van Sy Gees.

Mag die Here in wie se diens ek hierdie materiaal saamgestel het, dit in jou en ander rondom jou se lewens gebruik tot Sy diens en Sy eer.

Die skrywer

Dr Christo Nel

(B. A. B.Th. M. Div. D. Phil. D. Juris Prudence)

’n Woord vooraf

Kom ek deel met jou iets van die visie agter my weeklikse nuusbriefie, NOG ‘N SLUKKIE NUWE WYN, asook elke ander deel van die bediening waarin God ons gebruik.

As jy dit nog nie weet nie, NUWE WYN-BEDIENING, wil bloot ’n tuinslang wees IN DIENS VAN JESUS IN SY EKKLESIA.

Daarom is elke deel van hierdie bediening, en elke produk, of “nuwe bottel wyn” uit die kelder van hierdie bediening, bedoel om, in die hande van God se Gees, jou kop te swaai en uiteindelik jou totaal te verander!

Dit is bedoel om jou en elke ander persoon wat op die een of ander manier daardeur bedien word, onder die leiding en die werking van God se Gees, te lanseer in bediening. En om jou in die proses prakties te oefen hoe om voltyds in God se diens 24 uur 7 dae 'n week te staan, maar heelwaarskynlik op 'n totaal ander manier as wat 99% volgelinge van Jesus al die jare gedink het dit moet gedoen word.

Kom ek wees baie prakties.

Duisende manne en vroue het die afgelope jaar of twee weer opnuut ge-commit om Jesus te volg en te dien in elke deel van hulle lewens.

Die meeste van hierdie mense het nou ander volgelinge van Jesus rondom hulle nodig om hulle verder te begelei op hierdie pad van navolging en gehoorsaamheid.

Daardie volgelinge hoef nie eers noodwendig langer Christen te wees as hulle nie, of noodwendig 'n meer volwasse Christen te wees as hulle nie.

Want met die regte "gereedskap" in hulle hande, kan God se Gees hulle gebruik om, in die teenwoordigheid van 'n lewende Jesus tussen ons, as Jesus se tuinslange ander te leer bedien met wat hulle juis nou nodig het.

Dit is waarom ek die ALLES-IN-EEN-toerustingspakket saamgestel het. Alles is daarin wat 'n mens nodig het om jouself en ander mee te begelei op hierdie pad van dissipelskap.

Miskien praat die Here al lank al met jou hieroor. Naamlik om jouself beskikbaar te stel om vir Hom "te werk". Om op die een of ander manier betrokke te raak in mense se lewens sodat God jou kan gebruik in hulle lewens.

Dit is hiermee wat ek jou wil help deur hierdie stuk toerustingsmateriaal in jou hande.

- Dit leer jou hoe om die kern evangelieboodskap verstaanbaar aan ander oor te vertel.
- Hoe om mense geleentheid te gee om in geloof Jesus aan te neem as Verlosser en Here.
- Hoe om as 'n soort "geestelike vroedvrou/-man of dokter" by te staan sodat geestelike geboortes Bybels-normaal kan plaasvind.

- Hoe om dan daardie geestelike babas die regte voeding te gee sodat hulle toegerus kan word vir dieselfde bediening waarin God jou nou gebruik.
- Hierdie materiaal kan jou, en ander wat dit gebruik leer hoe die Heilige Gees in ons lewens wil werk en deur die gawes ons wil gebruik om ander te bedien.
- Dit wil jou begelei op die pad om God se stem beter te onderskei tussen die vier stemme wat ek en jy elke dag van ons lewe hoor.
- Dit wil ’n Bybelse stuk dissipline in ons lewens vestig om tyd te maak om alleen, maar ook saam met ander gelowiges op Jesus te fokus en Hom te aanbid, Hom lief te hê en na Sy stem te luister.
- Dit wil jou leer hoe om saam met gelowiges in jou lokale omgewing iets van die Bybelse ekklesia-wees te beleef en prakties te doen.

Besef jy dat met een ALLES-IN-EEN-pakket kan jy van 10 tot 'n 100 mense effektief vir ten minste 'n periode van amper 'n jaar of selfs langer fasiliteer op hierdie pad van geestelike groei en ontdek!

Besef jy dat jy deur 5 of 10 sulke pakkette te koop en aan groepe mense beskikbaar te stel, jy 'n instrument in hulle hande sit waarmee van 50 tot 'n 1000 mense toegerus en gefasiliteer kan word op hierdie pad? (En al wat julle miskien verder sou nodig hê is om vir elkeen betrokke die boek WAARHEEN MET DIE NUWE WYN aan te koop).

Alles is in hierdie pakket wat mense soos jy, of 'n ander gewillige fasiliteerder, mag nodig kry.

Mag dit jou aanspoor om nie net self hierdie pakket in jou eie lewe te gebruik nie, maar om dit ook beskikbaar te stel in die lewens van ander.

Vertrou die Here dat Hy vir jou wys hoe.

Miskien is dit deur Hom te vertrou vir die regte mense daar in jou direkte omgewing of vriendekring. En om hulle dan uit te nooi om saam met jou ’n pad te loop rondom hierdie materiaal. Om, byvoorbeeld, saam met jou, eenmaal ’n week, vir ’n uur en ’n half bymekaar te kom in iemand se huis, om dan êrens in die saam-wees, saam te gesels, te kyk en te luister na dele van hierdie materiaal.

In hierdie pakket gaan jy alles kry wat jy mag nodig kry as fasiliteerder van so ’n ontdekkingsgesprek met ander mense.

En as jy êrens langs die pad hulp nodig het, wil ek daar vir jou wees.

Kontak my enige tyd en ek sal probeer om met raad en daad jou te help om ’n effektiewe tuinslang in diens van Jesus in Sy ekklesia te wees.

Die skrywer

Dr Christo Nel

’n Besprekingsgids vir die boek, WAARHEEN MET DIE NUWE WYN

Daar is natuurlik verskillende maniere hoe ’n mens die saam-lees van die boek, WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, ’n sinvolle ontdekkingsproses kan maak.

Hier is so ’n moontlike besprekingsproses wat oor ’n paar weke kan plaasvind n.a.v. bepaalde hoofstukke in die boek.

Elke week word almal betrokke aangemoedig om die betrokke hoofstukke vir die volgende week vooraf self deur te lees, en dan word die inhoud daarvan oorsigtelik bespreek tydens die volgende byeenkoms.

Voordat ek dit egter met jou wil deel, wil ek oor iets anders eers met jou deel.

Dit is hoe ek glo gelowiges op ’n Bybelse manier kan saamkom in die teenwoordigheid van ons lewende Verlosser en Here, Jesus Christus.

Ek het ontdek en ek glo van harte dat enige byeenkoms van Jesus net sinvol kan wees as dit uiteindelik net oor hierdie ontdekking en belewing van Jesus-in-ons en Jesus wat tussen ons besig is gaan.

Daar waar mense die teenwoordigheid beleef van ’n lewende Jesus Christus, wat self met hulle praat en met hulle besig is, en deur hulle werk in ander se lewens, daar beleef ons “ekklesia” of “kerk-wees” soos God dit wil.

Dit is wat elke keer ons gebed en oogmerk moet wees as ons op enige manier saam kom as gelowige volgelinge van Jesus.

Ek glo verder dat daar maniere en maniere is om dit te fasiliteer om te gebeur onder die leiding van God se Gees.

Uit eie ervaring saam met gelowiges die afgelope 17 jaar reeds, het ek en my vrou en familie, die volgende manier ontdek wat ons gehelp het om iets hiervan prakties te ontdek en te beleef. Dit het werklik ons lewens verander en maak dit elke keer vir ons ’n opwindende ding om saam te kom met gelowiges, of dit nou in ’n saamwees saam met twee ander gelowiges is, en of dit in ’n saam-wees met duisende ander gelowiges is.

Hier is hoe ons geleer het om dit te doen.

Nie dat ek daarmee sê dit is die enigste en al-laaste antwoord in die verband nie. Ten minste weet ek uit ervaring dit werk, en dit skep ruimte vir wat die Bybel ons leer wat in die samekoms van gelowiges moet gebeur.

'N "ONTDEK GOD"- BYEENKOMS

Hoe lyk so 'n byeenkoms?

Lyk vir my ten minste 3 dinge moet gebeur as gelowiges byeen is in die Naam en teenwoordigheid van 'n lewende Jesus Christus:

- 1 Kor. 14:25 – Mense moet ervaar: "Waarlik, God is hier by julle!"
- Mat. 28:19-20 – Ons moet getuies teenoor mekaar wees van Jesus
- En iets belewe van 'n Jesus wat belowe het: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld toe…

1. Sê Dankie – deur lofprysing, aanbidding en gebed

Vra: Wat het die afgelope week in jou en julle gesin se lewens gebeur waarvoor jy wil dankie sê?

Laat tyd toe vir lofprysing, aanbidding, gebed en getuienis

2. Terugvoer oor verlede week se Woord

Vra: Waaroor het ons verlede week gesels? (Hou mekaar verantwoordbaar)

Vra: Het enigiets in jou lewe verander as gevolg van verlede week se Woord? (Toets vir gehoorsaamheid)

Het jy 'n kans gekry om iets daarvan met iemand te kon deel hierdie week?

3. Lees Skrifgedeelte van die week

Vra: Kom ons kyk wat God hierdie week deur Sy Woord vir ons wil sê. Sal iemand vir ons die gedeelte lees.

4. Vertel dit vir ons oor in jou eie woorde

Vra: Sal jy dit vir ons in jou eie woorde oorvertel, soos wat jy dit vir 'n vriend agterna sou vertel?

Vra: Stem julle saam dat dit die inhoud goed saamvat of is daar iets wat jy wil byvoeg? (As die groep iets belangriks nie raakgelees het nie of iets sê wat nie in die gedeelte staan nie, laat hulle dit weer deurlees). (Die Skrif bly ons finale toets vir waarheid – korrigeer mekaar op grond van wat daarin staan – in die verband en in die Skrif as geheel).

5. Oor God

Vra: Wat leer ons in hierdie gedeelte oor God? (Ontdek God. Ontdek dat Hy lewe. Ontdek dat Hy met ons praat)

6. Oor die mens

Wat leer ons in hierdie gedeelte oor die mens? (Ontdek verder)

7. Enige verandering wat nodig is?

Vra: As ons glo God het self met ons deur hierdie Skrifgedeelte gepraat, hoe moet ons verander in die lig daarvan? (Ontdek verder. Toets mekaar se gehoorsaamheid. Hou mekaar verantwoordbaar).

8. Vertel dit vir iemand anders

Vra: Is daar iemand spesifiek met wie jy voel om dit wat jy vandag ontdek het, te deel? (Getuienis)

9. Tyd vir Bediening van mekaar en ander se behoeftes

Vra: Wat het jou gespanne gemaak hierdie week? Wat het jy nodig vir dinge om beter te gaan?

Vra: Verskeie behoeftes is verlede week geïdentifiseer, waaroor ons gebid en mekaar bedien het. Het iemand iets om in die verband te vertel? (Hou mekaar verantwoordbaar en gee God nodig eer)

Vra: Watter behoeftes is daar rondom jou?

Vra: Hoe kan ons andersins help met behoeftes wat lede in ons groep uitgespreek het?

Bid en bedien dan mekaar hieroor

10. Wanneer weer? En Totsiens tot ons weer sien!

Vra: Wanneer en waar kom ons volgende keer bymekaar? (Gee altyd mense ’n opsie om bymekaar te kom.

Soms gee ek tydens die byeenkoms, wanneer ons gesprek rondom die Woord begin, ’n vorm uit wat mense kan help om te hoor wat Jesus tussen ons, vir elkeen wil sê.

Ek voeg dit net hierna ook vir jou by.

Onthou, jy het enige tyd die reg om van enige van hierdie materiaal in hierdie handleiding kopieë te maak om vir ander gelowiges betrokke te kan uitdeel.

Die opskrif van die vorm is ’n A4 -bladsy wat horisontaal gedraai word met die opskrif:ONTDEK GOD.

Dan verdeel ek die res van die bladsy in 3 vertikale kolomme met die volgende as opskrif vir elke onderskeie kolom:

Kolom 1 – DIE BYBEL SÊ

Kolom 2 – EK HOOR GOD SÊ

Kolom 3 – DAAROM KIES EK OM…

‘N BESPREKINGSGIDS VIR DIE BOEK “WAARHEEN MET DIE NUWE WYN”

’n Mens sou die inhoud van die boek, WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, in ’n groep oor ’n paar weke soos volgens kon gebruik om bespreking en ’n ontdekking van Jesus se stem tussen ons te vergemaklik en te fasiliteer.

Die plek waar ek gewoonlik in DIE “ONTDEK GOD” BYEENKOMS gewoonlik gelowiges stimuleer om met mekaar oor die Woord te gesels is as ons by Punt 3 in die Byeenkoms se proses gekom het. Waar ons dus gewoonlik net ’n Skrifgedeelte ter aanvang sou lees of laat lees, lees ons nou ook ’n relevante Skrifgedeelte (n.a.v. die betrokke hoofstukke van die boek se inhoud wat ons die betrokke aand sou bespreek).

Jy kan natuurlik self luister wat God se Gees vir jou in die verband wys om te doen, maar hier is hoe ek dit gewoonlik doen.

EERSTE BYEENKOMS

Laat elkeen betrokke hoofstukke 1 tot 4 vooraf lees by die huis.

Die eerste week se bespreking is dan soos volg:

Lees Luk. 5:37 tot 39 en Rom. 12:2.

Laat gelowiges vir mekaar sê wat hier staan, wat die verskillende begrippe in hierdie teksgedeeltes beteken en wat hulle dan hoor God vir hulle sê hierdeur.

Gesels dan oor die inhoud van Hoofstuk 1 tot 4 oor Christo se ervaring as tipiese N.G. dominee in die lig van dit wat met hom gebeur het en wat hy gehoor het God vir hom sê. Hoe het dit sy manier van dink verander?

Gesels dan oor elkeen betrokke se soortgelyke ervaringe in hulle eie persoonlike lewens waar hulle beleef het God praat met hulle en hoe dit hulle maniere van dink, en hulle hele lewe selfs verander het.

TWEEDE BYEENKOMS

Laat elkeen vooraf hoofstuk 5 van die boek lees.

Die week se bespreking kan dan soos volg gefasiliteer word:

Lees Lukas 24:45-49 en Hand. 2:32-42.

Laat gelowiges vir mekaar sê wat hier staan, wat die verskillende begrippe in hierdie teksgedeeltes beteken en wat hulle dan hoor God vir hulle sê hierdeur.

Gesels oor die beeld van ’n normale geboorteproses as ’n prentjie van dit wat moet gebeur in elke mens se lewe wat “geestelike gebore word”.

Gesels dan oor elkeen van die 4 dele van hierdie “normale geboorteproses” wat alles op daardie eerste dag in die lewe van ’n bekeerling in die Vroeg-Christelike kerk daar in die begin gebeur het.

Gesels ’n bietjie oor die implikasies daarvan dat die meeste van ons uit tradisionele Gereformeerde huise, a.g.v. ons kerk se leer oor die doop, gedink en geglo het dat ons “gedoop is as babas”, terwyl dit baie duidelik is dat die Bybel ons leer dat die Bybelse doop net bedien kan word aan mense wat glo, sy hulle jong kinders is of volwasse mense is wat tot bekering gekom het.

Stem jy hiermee saam of nie, en hoekom?

En as jy reeds gedoop is as gelowige, wie van julle is hande opgelê en voor gebid vir die salwing met die Gees “op jou” vir die ontvang van die gawes van die Gees in jou lewe”?

Watter implikasies, dink jy, het dit vir iemand in wie se lewe dit so gebeur het soos daar in die begin in die Vroeg-Christelike gemeentes? Dink net, van dag een af is hulle gereed en toegerus om “tuinslange” in die hande van Jesus te kan wees om mense te kan bedien met die gawes van die Gees!

DERDE BYEENKOMS

Laat elkeen vooraf hoofstuk 6 en 7 van die boek lees.

Die week se bespreking kan dan soos volg gefasiliteer word:

Lees Hand. 1:8 en 1 Kor. 12:4-11 saam.

Laat gelowiges vir mekaar sê wat hier staan, wat die verskillende begrippe in hierdie teksgedeeltes beteken en wat hulle dan hoor God vir hulle sê hierdeur.

Gesels dan oor elkeen van die gawes wat in hierdie verse genoem word afsonderlik en sê vir mekaar in julle eie woorde wat julle dink elkeen behels. Gaan kyk ook na van die betrokke Skrifgedeeltes rondom elkeen van hierdie gawes se werking as julle wil.

In die DVD-reeks hieroor gaan hierdie saak weer in detail aan die orde kom.

VIERDE BYEENKOMS

Laat elkeen vooraf hoofstuk 9 van die boek lees.

Die week se bespreking kan dan soos volg gefasiliteer word:

Lees Johannes 10:1-5 en verse 27 en 28 saam.

Laat gelowiges vir mekaar sê wat hier staan, wat die verskillende begrippe in hierdie teksgedeeltes beteken en wat hulle dan hoor God vir hulle sê hierdeur.

Gesels dan oor die stelling wat baie Christene maak naamlik dat hulle nie God se stem hoor in hulle lewens nie.

Is of was dit dalk ook jou ervaring in jou lewe as volgeling van Jesus?

Gesels oor wat Christo in sy boek verduidelik naamlik dat dit nie ’n geval is van nie God se stem hoor nie, maar eerder ’n geval is dat ons nie God se stem kan herken tussen die 4 stemme wat elkeen van ons elke dag in ons lewens hoor. Stem jy daarmee saam? Hoekom of hoekom nie?

In die DVD-reeks hieroor gaan hierdie saak weer in detail aan die orde kom.

Elkeen kan in die volgende weke die res van die boek, WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, lees.

In die volgende weke gaan julle as groep saam eers na die DVD-reeks oor die Heilige Gees en Sy gawes kyk, en dit bespreek, en in die weke daarna die ander DVD-reeks oor hoe hoor ’n mens God se stem.

HANDLEIDING VIR LEIERS VIR DIE DVD-REEKS “JESUS, DIE DOPER MET DIE GEES”



INHOUDSOPGAWE

Inleiding....16

WEEK 1 ‘n Kennismaking met Jesus as die Salwer met die Gees....18

WEEK 2 Die Heilige Gees in die Ou Testament....19

WEEK 3 Die profete profeteer oor ‘n nuwe era....20

WEEK 4 ‘n Waar-word van die profesieë....21

WEEK 5 Die vervulling en salwing met die Heilige Gees “empower” God se mense (deel 1)....23

WEEK 6 Die vervulling en salwing met die Heilige Gees “empower” God se mense (deel 2)....26

WEEK 7 Oor die gawes van die Gees....29

WEEK 8 Samevattend oor die Gees en Sy werk....33

‘N PAMFLET JESUS, DIE SALWER MET DIE GEES....35

Direkte verwysings na die Heilige Gees in die Bybel....36

Die Ou Testament oor die Heilige Gees....36

Die Nuwe Testament oor die Heilige Gees....37

'n Lys indirekte verwysings na die Heilige Gees....38

Inleiding

Dit is vir my ‘n voorreg om hierdie gids aan te bied as ‘n hulpmiddel wat geestelike leiers in die Liggaam van Jesus in staat kan stel om die mense van God toe te rus om die materiaal in hierdie boek hulle eie te maak.

By verskeie geleenthede het ek self hierdie materiaal vir gelowiges uit die N G Kerk, V G K, Pinkster- en vernuwingsgemeentes, en in huisgroep-verband aangebied. Die wyse wat ek gevind het die mees effektiewe manier was om die materiaal aan te bied, was om dit eenmaal per week aan te bied vir ‘n uur of wat, oor ‘n tydperk van agt weke.

In so ‘n kursus van agt sessies fokus ek in die eerste vyf sessies net daarop om ‘n goeie Bybelse fondasie te lê. En dan van sessie ses af, behalwe vir die kennis-inset elke week, bied ek ook geleentheid vir praktiese inoefening en bediening van mekaar soos en hoe die Heilige Gees ons lei.

My gebed is dat die agt weke-toerustingsprogram en die meegaande pamflet (wat maklik omskep kan word in Microsoft Publisher in ‘n hanteerbare 4 bladsy-pamflet - wat ek gewoonlik uitgee tydens die toerustingsprogram) werklik nuttige instrumente sal wees om God se mense beter toe te rus vir bediening van mekaar en die ongelowige gemeenskap om hulle.

Epos gerus vir my na my eposadres hieronder en dan stuur ek vir jou die betrokke dokument aan wat jy dan net kan dupliseer.

Waar ek ookal verwys na bepaalde Bybeltekste oor die Heilige Gees en Sy werk, verwys ek na hierdie tekste sonder om die volledige verduideliking hier te herhaal.

Gebruik dus self HOOFSTUK 11 van die boek saam met hierdie handleiding om die betrokke verse aan gelowiges te verduidelik.

Dit waaroor ek hierdie volgende paar weke met jou gaan gesels, het my eie lewe, bediening en teologie dramaties verander. Ek het dit aan my eie lyf en lewe gevoel en ervaar.

Ek het beleef hoe God Sy Woord waar maak in my eie lewe en hoe Hy my by verskeie geleenthede vervul het met Sy Gees om my so toe te rus met bonatuurlike gawes en vemoëns sodat ek weer ander daarmee kon bedien. Sy dit profesie, genesing, lering, ‘n woord van detail-kennis, bonatuurlike wysheid, ‘n hemelse taal, visionêre leierskap of bonatuurlike bediening was.

Ek het ook beleef hoe Hy ander daarmee deur my bedien het. Om hulle weer te vervul met Sy Gees, toe te rus en te leer om ander daarmee te bedien.

Ek het God sien wonders doen: bonatuurlike wondergenesings en radikale emosionele heelword van mense. Ek het gesien hoe die waarheid mense vry maak. Maar ook ervaar hoe God bonatuurlik voorsien het sodat ek daar kon wees waar Hy my wou gebruik as Sy tuinslang waardeur Sy strome lewende water ander kon bedien.

Sedert die 10de Oktober 1969 ken ek die God van die Bybel as my Hemelse Vader en Jesus Christus as my persoonlike Here en Verlosser. Maar dit was eers in 1993, na ‘n studie van drie maande van die 319 tekste in die Bybel waar daar direk verwys word na die Heilige Gees en Sy werk in ons lewens, wat ek Jesus Christus ook leer ken het as die Doper of Salwer met die Heilige Gees (Mrk 1:8; Hand 2:33).

Ek het in die proses God, die Heilige Gees, as ‘n lewende Persoon binne-in my van nuuts af ontdek. ‘n Persoon wat met my praat, my leer en deur my ander bedien.

Daarom vra ek vir jou die geleentheid om in die volgende paar weke vir jou te wys wat ek hieroor ontdek het in Sy Woord.

Die materiaal wat ek hier met jou gaan deel, is lewensnoodsaaklik vir elke gelowige kind van God om te ontdek. Ons kan immers nie getuie wees van en oor ‘n lewende God sonder die krag en toerusting, sonder die leiding en lering van God, die Heilige Gees, as ‘n lewende werklikheid in ons lewe nie.

Hy is die Een wat nuwe wyn aan ons bedien. Maar ook die Een wat ons wil leer hoe lyk die nuwe wynsakke wat die dinamiek en lewe van hierdie nuwe wyn kan akkommodeer.

SESSIE 1 'n Kennismaking met Jesus as die Salwer met die Gees

1. Inleidend

- Joh 14:12 ev, verse 18, 23 en 26 – Watter aangrypende belofte is dit nie hierdie nie! Kan dit waar wees! En die sleutel is die Heilige Gees wat kom!

Kom ons gaan kyk hoe die salwing met die Heilige Gees in Jesus se eie lewe en bediening hier op aarde 'n nuwe krag-dimensie gebring het:

- Mat 3:11 – Jesus gaan ook bekend staan as die Doper met die Heilige Gees.
- Luk 3:21-23 – Hier het ons 'n beskrywing van die salwing met die Heilige Gees in Jesus se lewe.
- Luk 4:1 – Let op die uitdrukking "vol van die Heilige Gees".
- Luk 4:14 – 'n Verwysing na die krag-dimensie in Jesus se lewe en bediening.
- Luk 4:18-19 – Jesus gebruik Jes 61:1-3 om te verduidelik presies wat en waarom Hy gesalf is.
- Luk 5:17 – Hierdie krag-dimensie was oral aanwesig waar Jesus beweeg en bedien het.
- Hand 1:8 – Sonder hierdie krag-dimensie in ons eie lewe kan ons nie effektiewe getuies van 'n lewende God en Sy werk wees nie.
- 1 Tess 1:5 – Paulus se persoonlike getuienis oor hierdie krag-dimensie in sy eie lewe en bediening.

2. Ruimte vir 'n persoonlike getuinis

- Gebruik die geleentheid om te getuig hoe dit in jou eie lewe 'n werklikheid geword het.
- Maar vertel ook van die ervaringe van baie ander bekende Christenleiers wat soortgelyke "ontdekkings" êrens in hulle eie lewe gehad het: bv Andrew Murray, Jack Deere, Martin Loyd Jones, ens.

Jesus sê: Dit is ook daar vir jou (Hand 2:38 en 39). Soek en dors hierna.

SESSIE 2 Die Heilige Gees in die Ou Testament

- Gen 1:2 – Die eerste vers in die Bybel waar daar verwys word na God, die Heilige Gees (en die verduideliking hiervan in Ps 104:30).

- Gen 2:7 – Hier het ons ‘n indirekte verwysing na God wat van Sy Gees (of “asem”) inblaas in die nuwe mens wat Hy gemaak het. Sodat die eerste mens gees kan wees (wat lewe omdat God se Gees in hom is), met ‘n siel (die fisies-chemiese gedeelte van die mens: emosies, verstand en wil), wat woon in ‘n fisiese liggaam. Hierdie gees “sterf” dan met die sondeval, wat maak dat die mens in sy verlore toestand, gees is wat “dood” is, totdat God dit deur die werking van Sy Gees met die wedergeboorte nuut en lewend maak.

- Eks 35:31 – In die Ou Testament lees ons hoe die Heilige Gees net hier en daar “op” sekere individue gekom het wat God spesifiek vir sekere take wou gebruik.

- Num 11:16,17, 25,29 – Wat ‘n merkwaardige gedeelte is dit nie hierdie nie! Moses profeteer hier vir die eerste keer van die nuwe seisoen wat op pad is (waarvan ons ook later in Joël 2:28-32 sal lees) en wat na Pinksterdag in vervulling gaan. In hierdie nuwe seisoen is dit God se hart om elkeen van Sy mense bonatuurlik toe te rus met Sy Gees “op” hulle, sodat Hy hulle bonatuurlik kan gebruik om ander te bedien (1 Pet 2:9,10). En dan as ‘n nuwe geslag mense wat God se Gees kan gebruik om veral teenoor mekaar en ander “te profeteer” (vgl 1 Kor 14).

- Num 14:24.

- Rigt 6:34 – Daar staan letterlik in die Hebreeus dat hy “aangetrek is” met bonatuurlike krag.

- Rigt 14:6.

- Rigt 15:14.

- 1 Sam 10:6,9,10.11 - Let op na die konteks van vers 1 af waar ons ‘n wonderlike prentjie kry van “salwing” as ‘n fisiese gebeure, maar ook ‘n onsigbare gebeure wat ‘n mens ‘n “ander mens” gemaak het, met bonatuurlike gawes wat hy nie voorheen gehad het nie. Let ook daarop dat die teken van hierdie bonatuurlike salwing juis was dat hy deur die Gees van God gebruik kon word “om te profeteer”.

- 2 Kon 2:9-15 – In hierdie gedeelte word Elisa bonatuurlik gesalf om Elia se skoene as profeet van God vol te kan staan. Dit is aangrypend om te ontdek dat waar God Elia in die verlede 12 keer gebruik het om bonatuurlike wonderwerke te doen, God Elisa 24 keer sou gebruik (‘n “dubbele porsie” van die Gees wat op Elia was, het dus letterlik in Elisa se lewe tot vervulling gekom!).

Volgende keer wys ek julle die gedeeltes in die Ou Testament waar die profete geprofeteer het oor die nuwe era wat op pad was.

SESSIE 3 Die profete profeteer oor 'n nuwe era

- 'n Terugverwysing na die profesie van Moses in Num 11:29 waar hy presies profeteer wat God jare later deur Joël in Joël 2:29 sou profeteer.

- Jes 11:2 – Die Messias wat sou kom, sou die Een wees wat die nuwe era gaan inlei. Sy Naam is immers "Gesalfde", die Christus, die Wonderkind-Koning (van Jes 9 bv) op wie se lewe daar die salwing rus wat Hom die Salwer sou maak.

- Jes 42:1-4 – Die salwing wat op Hom rus, sal julle genees, bevry en verlig.

- Jes 44:3 – Hy is die Inleier in die nuwe, beloofde Känaan-seisoen, die seisoen van die Gees waarvan die Ou Testament in verskillende "profetiese prentjies" praat. Van hierdie profetiese prentjies is bv dié van 'n woestyn wat verander in 'n vrugbare streek en tipies Känaan word (vgl Jes 43:19).

- Jes 59:19,21 – 'n Wonderlike tekening van die nuwe era waar God se Gees die vyand op loop gaan jaag – soos wat 'n goeie, gesonde immunestelsel al wat virus of kiem is op loop kan jaag.

- Jes 61:1-11 – Vgl ook Luk 4:17-21. Die Heilige Gees salf die Messias vir Sy taak, soos wat Hy ons wil salf vir ons taak as God se getuies.

- Eseg 36:24-31 – 'n Wonderlike beskrywing van God se restourasieproses in elkeen van Sy nuwe mense se lewens, waar Hy ons was en 'n nuwe hart en gees gee.

- Eseg 37:1-14 – 'n Profetiese prentjie van, ondere andere, die geestelike wedergeboorte wat God se Gees in ons wil doen om ons so deel te maak van God se nuwe "weermag" op hierdie aarde.

- Joël 2:28 e v – Let op die hele konteks van hierdie bekende Ou Testamentiese profesie wat Petrus gebruik het om die gebeure op Pinksterdag aan die skare te verduidelik. In vers 12 ev sien ons 'n oproep tot bekering. Verse 18 tot 23 teken God se genade as "vroeë reëns" wat val as die saad gesaai moet word, gevolg deur goeie "laat reëns" om die finale afronding te doen net voor oesstyd. In hierdie profetiese gedeelte het ons 'n ongelooflike beskrywing van die nuwe seisoen van die Gees wat voorlê. Die belangrikste teken dat hierdie seisoen aangebreek het, gaan wees dat ons gaan beleef dat die hele volk van God se mense in staat gestel gaan word om deur die Heilige Gees gebruik te word om te profeteer as Hy hulle so wil gebruik.

Al hierdie profesieë is vervul en geld vir ons. Die Messias, die Gesalfde van God, het immers gekom en die Pinkstergebeure is bewys daarvan dat Hy nou ook die Salwer met die Gees is wat God se mense wil toerus met die bonatuurlike gawes wat hulle in hierdie nuwe era nodig het.

SESSIE 4 'n Waar-word van die profesieë

- Luk 1:15 – Hier word vir ons vertel van die aardse neef van Jesus, naamlik Johannes, wat later bekend sou staan as Johannes die Doper. Hy sou die laaste van die tipiese Ou Testamentiese profete wees, maar tog ook anders, omdat hy die een sou wees wat die Messias sou identifiseer. Wat aangrypend is van Johannes is dat hy gevul is met die Heilige Gees van voor sy geboorte af (vgl ook vers 43 in die verband). In vers 41 word sy ma, Elisabet, vervul met die Gees en profeteer sy en gebruik die Gees haar om 'n woord van kennis aan die jong Maria te bedien.

- Luk 1:35 – Die Christus, die Messias waaroor die Ou Testament soveel keer geprofeteer het, se geboorte word aangekondig. Sy menswording is 'n onverstaanbare Gods-wonder, deur die bonatuurlike werking van God se Gees in Maria. Hierdie Jesus, soos Hy as mens bekend sou staan, sou die Inleier wees van die nuwe era van die Gees. Omdat Hy God is wat mens geword het, woon God se Gees natuurlik van die begin af in Hom.

- Luk 3:16 – Hy sou later bekend staan as die Doper met die Gees (vgl ook Mat 3:11 en Mrk 1:8).

- Luk 3:21-23 – Vir Sy openbare bediening wat voorlê, word Hy bonatuurlik toegerus deur die doping met die Gees wat net na Sy doop met water plaasvind. Hy was om en by 30 jaar oud toe dit gebeur het. Van hierdie oomblik af begin Sy buitengewone openbare bediening waar Hy mense bedien het met die bonatuurlike krag van God se Gees wat in en deur Hom gewerk het.

- Luk 9:1 ev – Vgl ook Mat 10:1,20. Hier gee Hy vir Sy dissipels 'n voorsmakie van die nuwe era wat kom, wanneer God Sy mense bonatuurlik gaan toerus met Sy Gees "op" hulle. Dit is as't ware 'n proeflopie waarin Hy hulle leer wat dit beteken om in die krag en met die outoriteit van die Gees te bedien.

- Luk 11:9-13 – Die "gawe" waarvan hier sprake is, waarvoor ons kan vra en dan sal die Vader dit gee, kan net die Gees van God "op ons" wees. God se Gees woon in elkeen wat Jesus aanvaar het in geloof as Verlosser en Here (vgl Rom 8:9; 1 Kor 12:3). Daarom hoef ons nie die Vader te vra dat Sy Gees "in ons" kom woon nie. Dit is reeds deel van die "pakket" van Christen-wees.

- Luk 24:46-49 – Hier kry ons weer die belofte van die "gawe van die Gees" wat kom sodat die nuwe era kan aanbreek.

- Joh 3:3,5,6,8, 14-16 – "Gebore uit water" dui op ons fisiese geboorte, en "gebore uit die Gees" op ons geestelike geboorte (wedergeboorte), wat 'n werking is van God se Gees in ons. Die tekens dat iemand weergebore is, is as ons so 'n mens hoor en sien "opkyk" in geloof na die Een wat "op die paal hang".

- Hand 1:5,8 – In die boek Handelinge word verskillende terme gebruik as wisselterme om een en dieselfde gebeure te beskryf. Hierdie terme is "gevul met die Gees" (in 2:4; 9:17); "die

Gees ontvang" (8:17); "die Gees val op …" (10:44); "die Gees word uitgestort" (10:45); en die "Gees kom oor …" (19:6). Die "krag van die Gees" dui op die bonatuurlike toerusting of gawes wat God se Gees aan God se mense wil gee om hulle in staat te stel om Sy getuies te wees.

- Hand 2:1 ev – Die Pinkstergebeure volg met die gepaardgaande manifestasies van gelowiges wat in bekende tale van destyds bonatuurlik kon praat oor Jesus.

- Hand 2:17 ev – Dit is 'n waar-word van die profesie wat reeds deur Joël uitgespreek is in Joël 2:28 en 29.

- Hand 2:32,33 – Die lering oor die Heilige Gees gaan eintlik nie soseer oor die Heilige Gees nie, maar eerder oor Jesus. Hy is die Jesus wat ons leer ken het as die gekruisigde, opgestane Verlosser en Here, wat nou ook deur die Vader aangestel is as die Doper met die Gees. Daarom is die werk van die Heilige Gees dus inderwaarheid die werk van Jesus as die Doper met die Gees deur die Gees.

- Hand 2:37-39 – Hierdie belofte is dus ook vir ons as deel van die oproep tot bekering aan verbondsmense.

SESSIE 5 Die vervulling en salwing met die Heilige Gees "empower" God se mense (deel 1)

Ek verstom my altyd aan die dinamika wat in die vroeg-Christelike gemeentes aanwesig was. Veral as 'n mens onthou dat, binne 'n bestek van 280 jaar plus, die Christendom letterlik die hele wêreld van destyds, wat onder Romeinse bewind gestaan het, deursuur het.

Kyk gerus na die volgende teksgedeeltes om elemente van hierdie dinamika en organiese lewe in die gemeentes van destyds te ontdek:

- Hand 2:41-47.
- Hand 4:32-35.

Van die dinge wat my opval, is die eenheid in Christus wat onder die gelowiges geheers het; die liefdesdiens teenoor mekaar en ander; die bediening van mekaar deur die gawes van die Heilige Gees; die getuienis na binne en buite; en die impak wat hulle gehad het op die gemeenskap.

Dan val die kragdimensie, as gevolg van die salwing met die bonatuurlike krag en gawes van die Heilige Gees, my ook op. Kyk bv na Hand 5:12 tot 16 om iets daarvan raak te sien. En die dapperheid ten spyte van geweldige teëstand, bv daar in Hand 5:32, as gevolg van die Heilige Gees se werk in hulle lewens.

Ons sien ook hoe die Heilige Gees hulle lei om nuwe bedieninge te vestig soos wat nuwe uitdagings na vore gekom het, bv daar in Hand 6:1-4.

Let veral op die verhale wat volg van hoe die Heilige Gees twee van hierdie nuwe bedienaars van Hand 6 kragtig gebruik het: eers vir Stefanus daar van Hand 6:8 ev af, en toe weer vir Fillipus daar van Hand 8:4 af.

Die vraag is: Wat was die geheim vir hierdie dinamika en geweldige organiese groei in die vroeg-Christelike gemeente?

Ek glo 'n goeie beskrywing hiervan is die beeld wat die bekende Dawid Pawson gebruik in sy boek A NORMAL CHRISTIAN BIRTH. Daarin gebruik hy die beeld van hoe 'n normale geboorte behoort plaas te vind as tekenend van wat so gou moontlik in elke Christen se lewe moet gebeur om Bybels gesond te wees van die begin af.

Dawid Pawson dui aan dat die begin van elke Christen se lewe normaalweg uit 'n 4-ledige proses bestaan het. Wat, verkieslik, op dieselfde dag of so gou moontlik na mekaar moes plaasvind ter wille van die geestelike gesondheid en effektiewe getuienis en bediening van daardie nuwe Christenbekeerling in die gemeente en in die gemeenskap.

(Vergelyk wat ek, meer volledig, hieroor in my boek WAARHEEN MET DIE NUWE WYN geskryf het).

Die 4-ledige proses vind ons bv reeds in Hand 2:37 tot 39. Kom ek skets dit kortliks vir jou:

1. ‘n Bybelse sondebesef was aanwesig

Dit lê opgesluit in die begrip “bekeer julle” wat ons in hierdie verse vind. Volgens die Bybel is elke mens (ook verbondsmense – soos Petrus se hoorders hier in Hand 2) totaal verlore en geestelik dood voordat hulle Jesus Christus as Verlosser en Here leer ken en in geloof aanvaar het.

Deur die bediening van die Evangelie en in die lig van die waarheid van God se Woord, bewerk God se Gees ‘n ware Bybelse sondebesef in mense wat weer op sy beurt ‘n behoefte aan ‘n Verlosser in hulle bewerk.

2. Hulle bely dan met hulle mond, omdat hulle dit glo in hulle hart, dat Jesus Christus werklik die gekruisigde en opgestane Verlosser en Here van hulle lewe is

Hulle aanvaar dus die kernboodskap van die Evangelie oor Jesus Christus deur die werking van God se Gees in hulle. Dit is dus die tweede deel van ‘n Bybelse “bekering”.

In die woorde van Eseg 36:24-27: God gee vir hulle ‘n nuwe (lewendige) gees en ‘n nuwe hart deur die werking van Sy Gees. In Joh 3 noem Jesus dit “wedergeboorte”.

God se Gees woon self in elkeen van hulle om hulle voortaan self te lei en te leer.

3. Hulle word daardie selfde dag, of so gou moontlik daarna, gedoop in water

Ons lees in ‘n hele aantal Skrifgedeeltes (bv Hand 2; Hand 8; Hand 10; Hand 19) dat die gelowiges rondom sulke nuwe bekeerlinge, by die aanhoor van die mondelinge geloofsgetuienis dat hierdie nuwe bekeerlinge Jesus Christus aanvaar het as Verlosser en Here, hulle geneem het en gedoop het deur onderdompeling in water.

4. Doop met die Heilige Gees deur handoplegging

Net na die doop met water, het die gelowiges die nuwe dopelinge daar langs die water hande opgelê en het hulle Jesus Christus, die Doper met die Gees, in gebed gevra om hierdie nuwe bekeerlinge toe te rus met die krag en gawes van Sy Gees sodat hulle effektiewe getuies kan wees. Vgl Hand 8:4-25 en Hand 19:1-7

As ons dit moet opsom, sien ons ‘n prentjie van ‘n Christen in die vroeg-Christelike gemeentes wat eers dood was, maar nou lewe in Christus. Omdat God hulle ‘n nuwe hart gegee het en in hulle kom woon het deur Sy Gees. Om so altyd by hulle te wees. Om hulle te lei in hierdie nuwe, opstandingslewe wat hulle deel geword het in geloof. Hierdie Gees wil nou ook hulle lewe beheer in hulle stryd teen die ou natuur wat nog in elkeen woon (Gal 5:16 ev).

Die aspek wat hier van belang is, is dat ‘n Christen iemand is wat deur God in Christus nuut gemaak is IN wie die Heilige Gees nou self kom woon het.

Maar die tweede aspek van belang is dat Jesus, as die Doper met die Gees, nou ook elkeen van hierdie nuwe bekeerlinge wil salf met Sy Gees sodat hulle toegerus kan wees met die bonatuurlike

krag en gawes van die Gees om Sy getuies te wees. Nou is die Heilige Gees dus ook OP hulle.

Hulle is, daarom, nou ook geestelik “empower” en deel van God se bonatuurlik toegeruste weermag in hierdie wêreld.

Hier bonatuurlike, geestelike “empowerment” vind op een van twee wyses plaas:

- Normaalweg deur handoplegging deur ander gelowiges vir wie God êrens in die verlede reeds bonatuurlik toegerus het met Sy Gees.

- Of, by uitsondering, waar God self gelowiges bonatuurlik salf of toerus met die gawes van Sy Gees – soos met die dissipels in Hand 2:1-4 gebeur het, asook met Kornelius en sy mense daar in Hand 10.

Waar gelowiges agtergekom het dat hierdie geestelike “empowerment” nie in jong bekeerlinge se lewens daar in die begin plaasgevind het nie, het hulle dit sommer gou-gou herstel – soos ons sien gebeur in Hand 8 en Hand 19.

SESSIE 6 Die vervulling en salwing met die Heilige Gees "empower" God se mense (deel 2)

- Hand 10:17 ev – Hierdie gedeelte is een van twee uitsonderinge, waar God self mense salf met die krag en gawes van die Gees van God (die Gees OP mense). Die ander gedeelte is Hand 2.

En dit is eintlik logies waarom hierdie twee kere uitsonderings is (dit is nou maar my eie mening dié, want dit staan nêrens in die Skrif pertinent nie). In Hand 2 was daar niemand anders wat die salwing deur handoplegging kon bedien aan daardie 120 gelowiges nie, daarom het Jesus Christus, die Doper met die Gees, dit letterlik "self" gedoen. En hier in Hand 10 besoek Petrus Kornelius en sy mense (wat volgens die Ou Testamentiese wetgewing mense was by wie se huis die Jood nie eers mag ingegaan het nie – kyk net hoe moes God Petrus persoonlik oortuig om te gaan!). Daarom, vir Petrus, of enigiemand anders, om nou hierdie mense hande op te lê sodat die Gees van God ook op hulle kan kom, sou net soveel oortuiging gekos het! Toe doen Jesus dit maar weer self!

Ons lees hoe Petrus nog een oomblik besig was om die evangelie aan Kornelius en sy mense te verkondig, toe daar die volgende oomblik duidelike manifestasies was wat bevestig het dat God se Gees ook op hierdie mense gekom het!

Alhoewel dit almal wat daar teenwoordig was saam met Petrus, verbaas het, besef hulle wat God hier gedoen het: dat Kornelius en sy mense onder die prediking tot bekering gekom het en dat Jesus, as die Doper met die Gees, hulle self gedoop het met Sy Gees.

Daarom neem hulle hulle eenvoudig en handel die orige fase van die "normale Christelike geboorteproses" af deur hulle te doop met water (vers 48).

En volg dit dan op met verdere lering na die tyd (soos ons opdrag in Mat 28:19 ev tog lui).

- Hand 11:27 ev – Hier kry ons vir die eerste keer in die Nuwe Testament met mense te make in die vroeg-Christelike gemeentes wat nie net die gawe van profesie het nie, maar wat "profeet" is (soos waarvan ons ook lees in Ef 4:11,12 bv).

God openbaar so aan Sy mense dat daar 'n groot hongersnood kom wat Sy mense elders se lewens indringend gaan raak. Daarom openbaar Hy sommer ook aan hulle om 'n hulpfonds op die been te bring wat dit voortydig kan bedien.

- Hand 13:1-4a – Weer sien ons 'n byeenkoms waar daar profete en leraars (wat nie net die gawe van lering het nie, maar "leraar" is) byeen is.

God gebruik dit as die geleentheid om Paulus en Barnabas af te sonder en te lanseer in hulle pionier-kerkplantingsbediening as apostelfigure. Hulle word dan ook weer hande opgelê om so vir Jesus Christus, as die Doper met die Gees, te vertrou om hulle net weer bonatuurlik toe te rus

met die oog op hulle nuwe taak.

- Hand 16:6-10 – Wat van belang is in hierdie gedeelte, is om hier ‘n uitstekende voorbeeld in die praktyk te sien van hoe Jesus, as ons Herder en Here, Sy mense met Sy stem lei (vgl Joh 10:3-5).

Volgelinge van Jesus moet leer om Jesus se stem te hoor, maar ook te herken tussen al die ander stemme (nl die van die bose, ons eie vlees-gedagtes en die gemeenskap om ons).

Maar hulle moet ook leer dat Jesus op baie maniere met ons kan praat, soos deur die Bybel en ander gelowiges, maar ook deur gedagtes wat by ons opkom, drome en visioene, en deure wat oopgaan of toegaan.

In hierdie gedeelte sien ons hoe Jesus 3 keer met hulle praat (vers 6,7, en 9), en elke keer reageer hulle onmiddellik in gehoorsaamheid.

Dit is ook ‘n ideale geleentheid om kortliks hieroor lering te gee. Want as gelowiges nie God se stem kan hoor en herken nie, kan Hy hulle nie werklik “lei” as Hy hulle wil gebruik om mekaar en ander te bedien met die gawes van die Gees nie.

- Hand 19:1 ev – Vergelyk die volledige aantekeninge hieroor in Hoofstuk 11 van hierdie boek.

Voordat ons hierdie sessie gaan afsluit deur vir mekaar te bid en hande op te lê - waardeur ons Jesus, as die Doper met die Gees, vir die eerste keer of by hernuwing gaan vertrou om elkeen hier te doop met die Gees op hulle - net enkele belangrike opmerkinge:

- Soos ek gesê het, was dit wat hier in Hand 19 en in ander gedeeltes in Handelinge gebeur het, die normale praktyk in die vroeg-Christelike gemeentes wanneer mense tot bekering kom. Daar is seker gemaak dat daar werklik ‘n gesonde sondebesef was; mense in geloof Jesus Christus as Verlosser en Here aanvaar het deur dit met hulle mond te bely omdat hulle dit werklik met hulle hart geglo het; dat hulle gedoop word met water; en hande opgelê word in gebed, om so Jesus, die Doper met die Gees, te vra om hulle te salf met Sy Gees op hulle.

Die tragedie in ons dag egter is dat in baie dele van die Liggaam van Jesus, as gevolg van verkeerde lering in die verband, kardinale waarhede nie aan gelowiges geleer word nie. En as gevolg daarvan, is die proses van die “normale Christelike geboorte” dus nie volledig afgehandel vroeg in nuwe bekeerlinge se geestelike lewens nie, met al die ellende en onvolwassenheid wat ons vandag rondom ons in sovele gemeentes sien in daardie gelowiges se lewens.

Gelowiges word wel in die meeste dele van die Liggaam van Jesus geleer van die Heilige Gees in hulle en hier en daar leer hulle wel ietsie oor die gawes. Maar tog bly groot gedeeltes van God se Liggaam egter in gebreke om gelowiges die Bybel se boodskap oor die Gees van God OP hulle te leer.

Gevolglik ken hulle nie uit ervaring die bonatuurlike salwing of doping met die Gees op hulle nie en sien ons gevolglik nie die bonatuurlike gawes van die Gees funksioneer in die byeenkomste

van gelowiges nie.

En dit ten spyte selfs van KEN JOU GAWES-kursusse wat oral gereeld aangebied word in baie vorms!

Daarom wil ek nou hierdie sessie afsluit deur kortliks die vraag te probeer beantwoord: hoe ontvang ‘n mens die doping met die gawes van die Gees (die Gees op ons, dus)?

- Hand 2:37-39 – Dit is duidelik dat die oproep tot bekering, doop met water en doop met die Gees vir alle mense geld. En verder is dit duidelik dat God die belofte van die gawe van die Gees vir alle gelowiges bedoel het. Dus is dit ook vir jou en my.

- Hoe vat ons hierdie gawe of geskenk? Joh 7:37 tot 39 sê vir ons ons moet daarna “dors”. Luk 11:9-13 leer ons ons kan dit vir die Vader vra en Hy sal dit gee. In die boek Handelinge leer ons dat gelowiges Jesus, as die Doper met die Gees, vertrou het om dit aan gelowiges te gee wanneer hulle met hulle hande op hulle, saam met hulle, Jesus daarvoor gevra en vertrou het in gebed.

- Hoe weet ons iets gaan gebeur as ons so daarvoor vra in gebed? Gal 3:1-5 leer ons dat, net soos ons God vertrou het in geloof om ons Sy kinders te maak toe ons in geloof Hom op Sy Woord geneem en daarop gereageer het, net so kan ons glo dat Hy ons die gawe van die Gees gegee het as ons ook hier net reageer in geloof op Sy Woord en beloftes.

- Moet daar noodwendig iets gebeur as ons vir mekaar hande oplê en daarvoor in gebed vra? Soms is daar bepaalde manifestasies, soos dat sekere gelowiges in tale begin praat; ander die Here loof met hulle mond; en ander dalk profeteer. Maar baie keer is daar geen manifestasies nie. Wat belangrik is om te onthou is dit wat ons hier bo vir mekaar gesê het: of iets nou sigbaar gebeur of nie - as ons vir mekaar hande oplê en bid - is nie die belangrik nie. Ons moet, in die eerste plek, Jesus, as die Doper met die Gees, in geloof vertrou om te doen wat Hy gesê het gaan gebeur, naamlik dat die Vader graag ook hierdie geskenk vir elkeen van Sy kinders wil gee as hulle vra.

Bid dan vir almal daar teenwoordig deur vir elkeen afsonderlik die hande op te lê (saam met een of twee wat reeds in die verlede die gawe ontvang het met handoplegging).

En vertrou die Here om deur Sy Gees sommige, of dalk almal, persoonlik te bedien met die gawes, soos deur ‘n profesie, of ‘n woord van detail-kennis of wysheid, of bemoediging. Laat Jesus Christus julle self lei deur Sy Gees.

SESSIE 7 Oor die gawes van die Gees

- Rom 12:8-10 – Hanteer kortliks die verskillende bonatuurlike gawes van die Gees wat Paulus hier noem.

Die gawes is :

- Profesie – in ooreenstemming met die geloof wat jy het. Soos wat jy leer om God te vertrou en te gehoorsaam, as God jou wil gebruik, gaan jy leer om God te vertrou om nie net vir jou vir een persoon 'n woord van profesie te gee nie, maar vir baie meer mense (ons gaan verder hierna verwys as ons oor 1 Kor 14 spesifiek gesels).
- Diens – 'n Bonatuurlike begeerte en vermoë om mense tot diens te wees, voete te was of agter die skerms 'n verskil te maak.
- Lering – Die bonatuurlike vermoë om aan mense die waarheid in die Skrif te leer en te verduidelik dat dit vir hulle sin begin maak.
- Bemoediging – 'n Bonatuurlike vermoë om ander te "encourage".
- Gee – 'n Bonatuurlike vermoë wat God aan sekere individue gee om werklik "Kingdom stewards" - God se bank- en batebestuurders - in hierdie wêreld te wees. Dit gaan hier oor mense wat op 'n buitengewone wyse gee en nuwe kanale kan skep sodat die Koninkryk van God vinniger en meer effektief kan kom.
- Leiding gee – Hier gaan dit oor bonatuurlike leierskap, met die gepaardgaande toewyding en ywer, wat God aan mense gee in sekere situasies.
- Help – 'n Bonatuurlike gawe om ander te kan help waar dit werklik 'n bonatuurlike verskil kan maak. Dit gaan hier oor 'n bonatuurlike vermoë om ander barmhartig by te staan.

Wat die heeltyd hier belangrik is om te onthou, is dat dit hier gaan oor bonatuurlike gawes wat God se Gees aan gelowiges gee wanneer en waar Hy wil. As Paulus hier praat van "dien", "lering", "bemoediging", "leiding gee", en "gee", gaan dit nie oor natuurlike aanleg nie. Dit gaan ook nie oor die soort "dien", "bemoediging" en "gee" wat van almal van ons wat Christene is, in die Skrif gevra word as deel van ons gewone Christen-wees nie.

As ons praat van "gawes van die Gees" dan bedoel die Bybel bonatuurlike vermoëns wat God deur die werking van Sy Gees gee as geskenke (wanneer en waar Hy wil), wat niks te make het met ons natuurlike vermoëns of persoonlikhede nie.

- 1 Kor 12:7-10 – Verduidelik dan kortliks die verskillende gawes wat Paulus hier noem in hierdie verse teen die agtergrond van die hele konteks van 1 Kor 12 tot hoofstuk 14.

Sonder die kokon van die liefdesgemeenskap tussen gelowiges in die gemeente (of ekklesia,

soos in die Grieks eintlik staan), kan die gawes van die Gees nie werklik tot hulle volle reg kom soos God dit bedoel het nie (1 Kor 13).

Die eerste paar verse in 1 Kor 12 verduidelik verder aan ons dat ons hier te maak het met "gawes" of geskenke wat God, die Seun, deur die werking van die Gees van God, aan Sy mense gee. En dit is belangrik om dit te verstaan, want 'n gawe is dus nie iets waaroor jy kan roem asof dit jou eie prestasie is nie.

Ek gebruik altyd die beeld van 'n vrugteboom wat in die regte grond geplant en gewortel is as 'n beeld van die Christen se lewe in Christus. As ons in Christus gewortel is en Sy Gees in ons dus in beheer is van ons lewe, sal ons die vrug daarvan in ons lewe sien waarvan Gal 5:16 tot 26 praat.

Maar die gawes van die Gees is soos verskillende soorte liggies wat God die Seun, as Doper met die Gees, self in ons lewens kom ophang wanneer Hy dit wil doen. En dit is nie bedoel om permanent altyd deel van ons lewens te wees nie. Hy wil en kan, wanneer Hy wil, daardie gawe laat vloei om iemand daarmee te bedien soos en hoe Hy wil.

Ek vergelyk die vloei van die gawes verder daarmee dat ek en jy soos 'n tuinslang is wat gekoppel moet bly aan die kraan, naamlik Christus Jesus. Solank ons gekoppel is aan die kraan, kan Hy die kraan oopdraai wanneer Hy wil en kan Hy wat Hy dan ook al wil, deur ons laat vloei na ander toe. Ons moet net sensitief wees vir Sy stem om te wees waar Hy wil hê ons moet wees (as die punt van die tuinslang), om te beleef hoe God ander bedien met die "strome lewende water" waarvan Jesus in Joh 7:38 en 39 gepraat het.

Kom ons kyk 'n bietjie na die verskillende "liggies" of gawes van die Gees wat hier genoem word:

- 'n Woord van wysheid – Dit is nie dieselfde wysheid waarna Jak 1:5 verwys nie. Dit gaan hier oor 'n woord van wysheid wat bonatuurlik van God af kom in 'n spesifieke situasie of teenoor 'n spesifieke persoon of persone. Ons sien hierdie gawe opereer in bv 1 Kon 3:10 tot 12 in Salomo se lewe, en in Mat 22:15 tot 22 in Jesus se lewe.

Die wysheid waarvan hier sprake is, is insig in God se wil. Dit gaan oor 'n perspektief op gebeure en sake wat jy direk uit die hemel kry sodat jy, en die hoorder of hoorders, as't ware opgelig word uit die insig-belemmerende omstandighede waarin julle julle bevind – wat maak dat julle heeltyd net daarteen vaskyk – om dan te kan sien hoe dinge inpas in God se planne en besigwees.

- 'n Woord van kennis – Dit gaan hier oor bonatuurlike detail-kennis wat God se Gees aan mense bedien. Hierdie detail-kennis kom meestal soos gedagtes by die een op wat God so wil gebruik en wat daardie persoon dan presies so gehoorsaam moet bedien aan wie die Here sê dit voor bedoel is. Ons sien hierdie gawe bv in Joh 4:15 tot 19 in Jesus se lewe opereer.

- Die gawe van buitengewone geloof – Dit gaan nie hier oor gewone geloof wat van elkeen

van ons as gelowiges gevra word nie. Dit gaan daaroor dat God se Gees aan gelowiges in sekere situasies bonatuurlike geloof gee om God te vertrou om daar wonderbaarlik in te gryp en ‘n wonderwerk of ‘n genesingswonder te doen.

- Die gawes van genesing – Let op dat hier in meervoud na die genesingsgawes verwys word, want daar is meer as een gawe van genesing. God genees mense in hulle gees – waarvan ons praat as “wedergeboorte”. Maar ook in hulle sielsarea – as Hy mense emosioneel bedien, of hulle gedagtes of wilskeuses bonatuurlik verander en genees. Maar dan is daar ook fisiese genesing wat God deur Sy Gees bonatuurlik oombliklik of oor ‘n tyd kan doen.

- Die krag om wonders te doen – Ons sien hierdie bonatuurlike gawe van die Gees bv opereer as Jesus water in wyn verander (Joh 2:1-11) en die brood vermeerder in Joh 6.

- Die gawe van profesie – 1 Kor 14 handel in geheel oor die belangrikheid van hierdie gawe. Die verse van besondere belang is vers 1,3 en 29 tot 33. Hierdie is die een gawe van die Gees wat ons van God “kan begeer”. Ons kan God dus vra om ons veral in hierdie gawe meer en meer te gebruik in mense se lewens. Die ander belangrike Skrifgedeeltes in die verband is 1 Tess 5:19 tot 21 en 1 Joh 4:1 en 2.

- Die gawe om tussen die geeste te onderskei – Hier gaan dit oor die bonatuurlike vermoë wat God gee om te kan onderskei wie is in ‘n bepaalde situasie aan die werk: is dit God of is dit demonies. Ef 6:12 is dus van belang.

- Die gawe van allerhande tale – Hier gaan dit oor dit waarna ons gewoonlik verwys as ‘n “hemelse taal” wat gewoonlik onverstaanbare klanke is wat God se Gees ons bonatuurlik gee om mee te praat. Vgl 1 Kor 14:2,4,15 en 18 en Rom 8:26 in die verband. Soms gee God se Gees op ‘n bonatuurlike manier ook aan gelowiges ander bestaande tale wat hulle dan kan praat al het hulle dit nooit êrens self geleer nie. Vgl in Hand 2 byvoorbeeld. Maar onder hierdie “tale” val ook die gawe wat God se Gees bonatuurlik gee as Hy deur ‘n gelowige of twee in die byeenkoms van gelowiges ‘n woord in ‘n onverstaanbare taal gee. Maar dan sal Hy ook die volgende gawe gee, naamlik die gawe om dit uit te lê. Vgl 1 Kor 14:26,27.28 en 39.

- Die gawe om dit uit te lê – 1 Kor 14:13 en 28 is van belang. Vers 25 wys dan wat die bedoeling van God daarmee is in die byeenkoms van gelowiges.

Na bostaande lering, ruim ek gewoonlik tyd in om die gelowiges te leer hoe om mekaar prakties te begin bedien met die gawes.

Gewoonlik doen ek ‘n gebed waarin ek net weer vir Jesus, die Doper met die Gees, vra om elkeen toe te rus sodat Hy ons kan gebruik hoe en of Hy ookal wil.

En dan gee ek ‘n tyd van stilte, vir elkeen om te hoor of Jesus iets deur jou vir enigiemand hier teenwoordig wil sê.

Ek leer hulle ook om dit, wat by hulle op kom in hulle gedagtes, neer te skryf, sodat as hulle dit net-

nou vir iemand gee, hulle dit ook in geskrewe vorm vir daardie persoon kan gee.

Die rede hiervoor is, sodat daardie persone, wat dit dan ontvang, die profesie in ‘n geskrewe vorm het om dit self agterna te kan toets voor God.

(Kyk vir verdere praktiese riglyne oor hoe om ander gelowiges te leer om mekaar te bedien in my boek WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, hoofstuk 7).

SESSIE 8 Samevattend oor die Gees en Sy werk

- Rom 7:6 – 'n Nuwe era het aangebreek waarin Jesus Christus as Verlosser, Here, Koning, maar ook as Doper met die Gees, Sy nuwe volk …
    - Nuut oormaak (Joh 3 en 2 Kor 5:17) en deur Sy Gees in hulle kom woon - om 'n permanente intieme liefdesverhouding met hulle te hê waarin Hy met hulle kan praat en hulle kan lei deur Sy stem.
    - Toerus met bonatuurlike gawes en krag deur Sy Gees op hulle – sodat hulle getuies kan wees van 'n nuwe koninkryk wat op hierdie aarde aangebreek het.

Ons kan die Heilige Gees se werk soos volg opsom:

1. DIE BEWERKER VAN DIE WEDERGEBOORTE EN REGVERDIGMAKING VAN GOD SE NUWE MENSE

- Joh 3 – Dit is Hy wat aan elkeen van God se nuwe mense 'n nuwe hart en 'n nuwe, lewende gees gee en self in ons kom woon. Die ander tekste in die verband is Rom 2:29; 3:21-26; Rom 7:6; Rom 8:4,9-11,13-17,26-30; 1 Kor 2:7-16. Die Bybel praat ook hiervan as dat Hy die Een is wat ons hart en ons verstand besny.

2. HEILIGMAKING

- Dit is Hy wat ons in Christus inplant en die nuwe lewe van Christus al hoe meer sigbaar wil maak in ons lewens. En soos wat ons Hom toelaat om ons lewe te beheer, sal ons sien hoe die vrug van die Gees se werk meer en meer sigbaar word in ons lewe (vgl Gal 5:22-25).
- Daarom woon Hy, as die Heilige Gees, in ons lywe (Rom 8:9; 1 Kor 6:18,19).
- Sy werk in ons lewe word "heiligmaking" genoem en is 'n lewenslange proses, sodat ons lewens al hoe meer die beeld van Christus sal vertoon (Rom 8:28-30; 2 Kor 3:17,18; Fil 1:6).
- Hy word bedroef deur ons sondes (Ef 4:30, teen die agtergrond van verse 25 tot 31).
- "Vervul wees met die Heilige Gees" beteken twee dinge: dat Hy ons hele lewe beheer, maar ook dat ons beskikbaar is as Gees-gesalfde mense, sodat Hy ons kan gebruik om ander met Sy krag en gawes te bedien (Ef 5:18).
- Sy heiligmakingswerk in ons lewe word deur verskillende beelde in die Bybel verduidelik. Bv die beeld van die ou natuur in ons wat moet sterf sodat die nuwe lewe in Christus in ons (Sy opstandingslewe) meer sigbaar kan word in ons (Rom 6:1-14; Ef 4:22-24).
- Sy heiligmakingswerk word ook beskryf as 'n oorlog wat in ons elkeen aan die gang is en waar die uitslag van die oorlog gaan afhang van wie ons lewe beheer. As dit ons ou natuur is, sien ons dit in die wrange vrugte (Gal 5:16-21). Maar as Hy as die Gees ons lewe beheer, sien ons as die vrug daarvan meer en meer van die karaktereienskappe van Christus in ons lewe en gedrag (Gal 5:22-25).

3. SALWING OF TOERUSTING MET DIE KRAG EN GAWES VAN DIE GEES

- Dit is God se Gees wat op gelowiges kom om dan deur Sy gawes deur ons te begin werk soos en hoe Hy wil (Hand 1:8; Rom 12; 1 Kor 12).

- Dit is Jesus, die Doper met die Gees, wat elkeen van Sy gelowige volgelinge wil toerus met die bonatuurlike gawes om elkeen te gebruik in voltydse bediening in Sy Liggaam en in die gemeenskap waar Hy hulle geplaas het (1 Kor 12-14:40; Ef 4:7-16).

- Maar dit is ook Hy wat 5 soorte mense as "gawes" gee aan Sy Liggaam om hulle so toe te rus vir hulle bediening aan mekaar en aan die gemeenskap om hulle (Ef 4:11-16).

4. BEWERK LIEFDESGEMEENSKAP OF KOINONIA

- Hy is die Een wat 'n intieme liefdesverhouding tussen ons en die lewende God, as Vader, Seun en Gees, bewerk.

- Maar Hy is ook die Een wat 'n intieme liefdesverhouding tussen ons en ander gelowiges bewerk sodat ons werklik in Christus geloofsfamilie word wat vir mekaar begin verantwoordelikheid neem, sorg, liefhet en bedien (vgl Hand 2:41-47.

- Nie een van ons is bedoel om 'n "lone ranger" te wees nie, maar om êrens in die Liggaam 'n plek te hê waar ons inpas en waar ons geestelike familie het.

Daarom moet ons gebed vir mekaar heeltyd dieselfde gebed wees wat Paulus vir gelowiges gebid het daar in Ef 1:16 tot 20.

Aan die einde van hierdie sessie skep ek weer tyd vir praktiese bediening van mekaar, soos die Heilige Gees ons lei, met die gawes van die Gees.

En omdat dit die einde is van hierdie toerustingsgeleentheid, vertrou ons God se Gees spesifiek om elkeen op Sy besondere wyse so te bedien dat elkeen bemoedig, versterk en vertroos kan word.

'N PAMFLET JESUS, DIE SALWER MET DIE GEES

Dwarsoor die wêreld leer ken gelowiges Jesus Christus, die Verlosser en Here, ook as die SALWER MET DIE GEES (Hand 2:33).

Deur die inwoning en werking van Sy Gees in en deur mense se lewens en deur die bediening van die gawes, is Hy die Een wat Sy Liggaam gelowiges hier lei, toerus, bedien en gebruik as 'n nuwe geslag bedienaars.

Daarom is dit noodsaaklik dat gelowiges weer - as't ware van nuuts af - moet gaan waag kyk na al die heerlike gedeeltes in die Ou en Nuwe Testament oor die Heilige Gees. Hierin wil hierdie pamflet jou help.

Daar is sowat 88 tekste in die Ou Testament, en 237 tekste in die Nuwe Testament wat direk na die Heilige Gees verwys.

In hierdie studie gaan ons hierdie verse bekyk om jou in te lei in 'n nuwe kennis en ontdekking van die Persoon en werk van God, die Gees, in ons en op ons.

NB: Let op na hierdie onderskeiding "in" en "op". Die uitdrukking in die Bybel van die Heilige Gees "in" ons, dui die inwoning van die Gees van God aan. Terwyl die uitdrukking "die Heilige Gees op ons", die salwing of toerusting met bo-natuurlike Goddelike krag van die Gees aandui.

As ek in 'n neutedop moet probeer saamvat wat in die Ou en Nuwe Testament oor die Heilige Gees en Sy werk staan, wil ek dit soos volg saamvat:

- God openbaar Homself aan ons as Vader, Seun en Heilige Gees.
- As God, die Gees, realiseer Hy Sy Woord in die praktiese werklikheid deur orde te bring waar daar chaos is, lewe te bring waar daar dood heers en lig te bring waar dit donker is.
- Deur die salwing of toerusting van die Gees word gewone mense kanale waardeur bonatuurlike krag en gawes van die Gees kan vloei. So word hulle dan instrumente waardeur God die mense om hulle kan bedien soos en hoe Hy wil.
- Met die aanvanklike skepping van die mens, leer ken ons die mens as gees-mens in wie die Gees van God was, met 'n fisies-chemiese siel (verstand, emosies en 'n wil) wat in 'n fisiese liggaam woon.
- Met die sondeval sterf die gees van die mens (is hy geestelik dood) en woon die Gees van God nie meer in die mens nie.
- Telkens in die Ou Testament sien ons hoe God enkele mense roep as koning of profeet en hoe Hy hulle toerus of salf met bonatuurlike gawes (Sy Gees op hulle).
- Deur die profetiese gedeeltes belowe God dat daar 'n nuwe seisoen gaan aanbreek waarin Hy weer Sy Gees gaan stuur om in elkeen van Sy mense te kom woon.
- Dit is ook Sy begeerte om elkeen van Sy mense toe te rus (of te salf) met die krag van Sy Gees

sodat hulle mekaar en ander met daardie krag kan bedien.

- Na die dood en opstanding van Jesus word Hy Salwer met die Gees. Hy is dan die Een wat die beloftes waar maak deur Sy Gees uit te stort om in Sy mense te woon, maar ook om hulle te salf met Sy krag.

- Die inwoning van die Gees is deel van “die pakket” wat elke nuutgebore Christen ontvang.

- Die doping of salwing met die Gees gebeur waar God soewerein self mense salf, of waar Hy hulle, deur handoplegging van ander gelowiges, salf.

- Die praktyk in die Nuwe Testamentiese gemeentes was gewoonlik om elke nuwe bekeerling, na sondebelydenis en belydenis van hulle geloof, daardie selfde dag te doop en onmiddellik daarna hande op te lê met die gebed dat Jesus, as die Salwer met die Gees, ook hulle sal toerus met die krag van Sy Gees.

- Vervulling met die Gees beteken dat gelowiges weer en weer die beheer van hulle lewens oorgee aan die Heilige Gees in hulle en sal vra vir 'n hernieude salwing met die krag van die Gees vir hulle getuienis- en bedieningstaak.

Maar kyk self na die betrokke gedeeltes om te besluit of jy saamstem met my uiteensetting. Laat die Gees van God jouself oortuig en leer.

Direkte verwysings na die Heilige Gees in die Bybel

Die Ou Testament oor die Heilige Gees

Uit die historiese boeke in die Ou Testament

Gen. 1:2; 6:3; 41:38(?)

Eks. 28:3; 31:3; 35:31

Num 11:17,25,26,29; 14:24(?); 24:2; 27:18

Rig 3:10; 6:34; 11:29; 13:25; 14:6,19; 15:14

1 Sam 10:6,10; 11:6; 16:13,14; 19:20,23

2 Sam 23:2

1 Kon 18:12; 22:24

2 Kon 2:9,15,16

1 Kron 12:18; 28:12

2 Kron 15:1; 20:14; 24:20

Neh 9:20,30

Uit die poëtiese gedeeltes

Job 26:13; 32:8; 33:4; 34:14

Ps 51:11,12; 104:30; 106:33; 139:7; 143:10

Uit die profetiese gedeeltes

Jes 11:2; 30:1; 32:15; 34:16; 40:13; 42:1,5(?); 44:3; 48:16; 59:19,21; 61:1; 63:10,11,14

Eseg 2:2; 3:12,14,24; 8:3; 11:1,5,24; 36:26,27; 37:1,14; 39:29; 43:5

Joël 2:28,29

Miga 2:7; 3:8

Hag 2:5

Sag 4:6; 6:8; 7:12; 12:10(?)

Die Nuwe Testament oor die Heilige Gees

Lukas oor die Heilige Gees

Luk 1:15,35,41,67; 2:25,26,27; 3:16,22; 4:1,14,18; 10:21; 11:13; 12:10,12; 23:46

Handelinge oor die Heilige Gees

Hand 1:2,5,8,16; 2:4,17,18,33,38; 4:8,25,31; 5:3,9,32; 6:3,5,10; 7:51,55; 8:15,16,17,29,39; 9:17,31; 10:19,38,44,45,47; 11:12,15,16,24,28; 13:2,4,9,52; 15:8,28; 16:6,7; 18:25; 19:2,6,21; 20:22,23,28; 21:4,11; 28:25

Die res van die Evangelies en Johannes oor die Heilige Gees

Mat 1:18,20; 3:11,16; 4:1; 10:20; 12:18,28,31,32; 22:43;27:50; 28:19

Mark 1:8,10,12; 3:29; 12:36; 13:11

Joh 1:32,33; 3:5,6,8,34; 4:23,24; 6:63; 7:39; 14:17,26; 15:26; 16:13; 20:22

Uit die Briewe van Paulus

Rom 1:4; 2:29; 5:5; 7:6; 8:1,2,4,5,6,9,10,11,13,14,15,16,23,26,27; 9:1; 14:17; 15:13,16,19,30

1 Kor 2:4,10,11,12,13,14; 3:16; 6:11,19,20; 7:40; 12:3,4,7,8,9,11,13; 14:2; 15:45

2 Kor 1:22; 3:3,6,8,17,18; 5:5; 6:6; 13:14

Gal 3:2,3,5,14; 4:6,29; 5:5,16,17,18,22,25; 6:8

Ef 1:13,17; 2:18,22; 3:5,16; 4:3,4,30; 5:18; 6:17,18

Fil 1:19; 2:1; 3:3

Kol 1:8

1 Tess 1:5,6; 4:8; 5:19

2 Tess 2:13

1 Tim 3:16; 4:1

2 Tim 1:14

Tit 3:5

Uit die ander Briewe

Heb 2:4; 3:7; 6:4; 9:8,14; 10:15,29

Jak 4:5

1 Pet 1:2,11,12; 3:18; 4:14

2 Pet 1:21

1 Joh 3:24; 4:2,6,13; 5:6,8

Jud 1:19,20

Op 1:4,10; 2:7,11,17,29; 3:6,13,22; 4:2; 11:11(?); 14:13; 17:3; 21:10; 22:17

'n Lys indirekte verwysings na die Heilige Gees

Gen 2:7

Die Hand van die Here - 1 Sam 10:6,10 1 Kon 18:4,6 2 Kon 3:15 Eseg 1:3 3:14,22 19:20,23

Die gawe van die Vader - Luk 24:49

Stroom lewende water - Eseg 47:1-12 Sag 14:8

Die boek Handelinge - wat immers niks anders is as “die Handelinge van die Heilige Gees” nie

Rom 12:3-8 - oor die gawes of bedieninge van die Gees

Ef 1:3 - seëninge deur of in die Gees (?)

Die sewe geeste van Openbaring - Op 3:1 4:5 5:6

Geskryf deur ds Christo Nel

Nuwe Wyn Bediening

Posbus 3114

Somerset-Wes 7129

Tel 021-851 0003 of 0827702397

nchristo@lantic.net

www.nuwewyn.co.za

HANDLEIDING VIR LEIERS BY DIE DVD-REEKS, HOE HOOR EK DIE HERE SE STEM

INLEIDEND

Die afgelope 12 jaar reeds stap ek ’n pad met hoofsaaklik Afrikaanssprekende gelowiges wat kom uit tipies tradisionele Nederduitse Gereformeerde gemeentes, asook vernuwingsgemeentes, wat ’n begeerte het om werklik God se wil en stem in hulle lewens prakties van dag tot dag te leer ken.

Die materiaal wat ek hier vir jou op die tafel sit, is die raamwerk van die 9 weke-toerustingskursus wat ek die afgelope 12 jaar ontwikkel het om hierdie gelowiges te leer om meer sensitief te wees vir God se stem in hulle lewens.

Mag die Here dit ook as ’n nuttige instrument in jou lewe gebruik wat jou help om meer effektief God se mense toe te rus vir hulle bediening (Ef. 4:11-16).

Baie van die materiaal het ek meer volledig uiteengesit in my boek, WAARHEEN MET DIE NUWE WYN (wat pas weer gepubliseer is in sy 2de druk en by my te koop is).

INHOUDSOPGAWE

WEEK 1 Dit is God se begeerte om met ons te praat 43

WEEK 2 My skape hoor My stem 45

WEEK 3 Ons moet leer om God se stem te hoor 48

WEEK 4 God praat deur die Bybel met ons – Hoe lees ons dit reg? (deel 1) 52

WEEK 5 God praat deur die Bybel met ons – Hoe lees ons dit reg? (deel 2) 55

WEEK 6 God praat soms direk met ons deur spontane gedagtes 58

WEEK 7 God praat deur die gawes met ons 61

WEEK 8 Raak stil in God se teenwoordigheid 65

WEEK 9 ‘n Doelbewuste “inbeweeg” in die Here se teenwoordigheid 68

WEEK 1 Dit is God se begeerte om met ons te praat

Lees ’n mens die Bybel, hoor jy deurgaans God se hart: Dat Hy begeer om in ’n intiem-persoonlike liefdesverhouding met Sy mense te wees waar daar maksimum liefdeskommunikasie sal wees.

Kom ons blaai na die volgende Bybelgedeeltes as voorbeeld hiervan:

Kyk maar na dit wat daar in die begin in die tuin gebeur (Gen. 3:8 e.v.). Hier vind ons hierdie treffende toneel van God wat by Sy mense laatmiddag “kom tee drink en gesels”. En ons hoor die liefdeskreet uit God se hart as Hy vra: Waar is jy?

Iemand sê heel treffend: “Love isn’t love till you give it away.” God het nie in die eerste plek gehoorsaamheid by Sy mense gesoek nie. Hy het begeer dat Sy mense Hom bo alles sal liefhê en ten volle vertrou vir al hulle behoeftes.

Daarom het Hy die hart van Sy mense gesoek.

Kom ons blaai nou na Deut. 5:22-31.

Ons is baie keer soos die volk in hierdie gedeelte. In plaas van soek na ’n intiem-persoonlike verhouding met God, is ons tevrede met ’n lysie wette en iemand anders (’n geestelike leier of twee) wat vir ons moet sê wat God se wil vir ons lewe is (vgl. verse 27 en 31).

Vandag weet ons uit God se Woord, in Romeine bv., dat blote godsdienstigheid en gehoorsaamheid aan ’n klompie wette om so ’n goeie lewe te probeer lei, net ervaringe van gevoelens van veroordeling, depressie, onvergenoegdheid en uiteindelik die dood meebring (Rom. 6:23). En dit terwyl God soveel meer vir ons in die oog het.

Die enigste ware God, waarvan die Bybel ons vertel, het Sy Seun na hierdie wêreld toegestuur om vir elkeen van ons te kom sê dat Hy ons elkeen onvoorwaardelik liefhet en so graag wil hê ons moet deel word van Sy familie op aarde.

Hy het ons so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun se lewe gegee het om ons lewens te red (Joh. 3:16).

Dit is immers die boodskap van die Evangelie: dat Hy elkeen wat dit glo, lewend en nuut maak Hy deur Sy Gees, en self in elkeen van hulle kom woon deur Sy Gees. Om dag vir dag daar te wees vir elkeen van hulle. Om hulle te lei, te leer en gedurigdeur daaraan te herinner dat hulle Sy geliefde kinders en erfgename is.

Dawid is ’n goeie voorbeeld in die Ou Testament van hierdie soort liefdesverhouding wat God met Sy mense wil hê. 1 Sam. 17:34 e.v. is die woorde van iemand wat oral langs sy lewenspad ontdek het God is deel van sy lewe en dat hy Hom onvoorwaardelik in enige situasie kan vertrou. Al wat ons hoef te doen is maar net om te vra dat Hy help; dan kan ons weet Hy is daar. Daarom kan Dawid sê wat hy gesê het. (Kyk maar net na wat daar in vers 45 in hierdie hoofstuk staan). En dit maak dat hy bereid was om met die moed van ’n Staffie, met God aan sy kant, ’n reus te storm.

In 2 Sam. 6:14 en 15 sien ons iets van Dawid se hart en liefde vir God as ons hom, bevry van alle inhibisies, sien dans soos ’n kind voor God.

Maar in die Psalms leer ken ons Dawid se diepere liefdesverhouding met hierdie God van hom as ons hom emosievol met God hoor praat as hy sy sonde bely (in Ps. 51:2-4,9,14); sy vrese uitspreek (Ps. 142:1-3); maar ook sy vreugdes verwoord (Ps. 145:1-3; 150:1-2,6.

G'n wonder, as God 'n getuigskrif oor Dawid moet skryf, skryf Hy wat Hy daar in Hand. 13:22 skrywe nie!

Jesus se eie verhouding met die Vader is 'n ideale voorbeeld van hierdie soort liefdesverhouding wat God met Sy kinders begeer. Gaan kyk maar net na die volgende Skrifgedeeltes om dit verwoord te sien: Joh. 14:10; 8:38; 8:28 (as 'n voorbeeld van die maksimum kommunikasie wat daar tussen Hom en Sy Hemelse Vader was).

Wat my tref is die sensitiwiteit vir Sy Vader se stem en vir presies wat in Sy Vader se hart was in elke situasie.

En dan is daar Maria en Martha, en die situasie waarvan ons daar in Luk. 10:38-42 lees.

Wat 'n aangrypende prentjie het ons hier! Martha wat rondhardloop om kos te maak vir haar gaste; Jesus en Sy dissipels wat daar sit as die gaste; terwyl Maria net daar aan Sy voete sit om presies te hoor wat in Sy hart is.

Êrens in ons elkeen se lewe moet ons ontdek dat God nie in die eerste plek ons diens en werk in Sy diens soek nie, maar dat Hy ons hart soek.

Ons is so ingestel op produktiwiteit en aksie ("show me the goodies"), terwyl God daardie liefdesintimiteit met Sy mense gedurigdeur soek.

Dit is soos in die huwelik. Die huwelik gaan mos nie in die eerste plek oor wat ons alles vir mekaar kan doen nie. Dit gaan eerder daaroor dat ons moet leer om mekaar lief te hê. Om mekaar se teenwoordigheid en menswees te leer geniet. Dit wat ons gewoonlik "shared love" noem.

Daarom hoor ons daar in Fil. 3:10 en in Ef. 1:15 tot 19 Paulus in hierdie terme daaroor praat. Ja, dat ons "God sal leer ken…", intiem-persoonlik, soos in 'n groeiende liefdesverhouding tussen 'n man en vrou in die huwelik. Waar hulle waag om alles vir mekaar te gee en met mekaar te deel, wat dan juis die verhouding tussen hulle meer en meer sinvol en wonderlik kan maak.

En dit bring ons by Heb. 12:18-25.

Waar die Hebreërskrywer sê: God staan as't ware voor elkeen van julle om weer vir julle so 'n intiem-persoonlike liefdesverhouding met Hom as die lewende God aan te bied. Moenie Hom weg wys nie!

En dan eindig die boek Openbaring, in Op. 19:6 en 7 bv., juis met hierdie tekening van die klimaks van die wêreldgeskiedenis as 'n huweliksfees! So asof God aan elkeen van ons daarmee wil sê:

Tans belewe ons wat dit beteken om verloof te wees aan die Bruidegom. En dat die hart van so 'n tyd van verloof-wees juis net dit is: gesels… gesels… gesels. Oor alles en nog wat. Want ons moet leer om ons lewe met mekaar te deel!

WEEK 2 My skape hoor My stem

Joh. 10;3-5,14,15,27 en 28 – Dit is duidelik dat God met ons as Sy kinders 'n daaglikse intieme liefdesverhouding verlang waarin ons beleef hoe Hy gedurig met ons wil kommunikeer deur Sy stem. Sy skape sal beleef hoe Hy hulle lei deur Sy stem.

Die "hoor van die Here se stem" bestaan ten minste uit 'n drieledige proses van

a) hoor van Jesus se stem,

b) herken van hierdie stem tussen al die ander stemme, en dan

c) die gehoorsaam van hierdie stem.

Heb. 11:39,40 - Dwarsdeur die Ou Testament is daar sovele voorbeelde van hoe God met Sy mense reeds in die Ou Testament op 'n baie persoonlike manier gekommunikeer het. Vgl. maar Heb. 11 se geloofshelde.

En tog sê die Skrif, het God vir ons, na die koms van Christus Jesus, iets baie beter in die oog. Jesus het immers gekom (Heb. 1:1,2); en die lewende God woon nou in elkeen van Sy mense se eie liggame deur Sy Gees (1 Kor. 3:16; Joh. 14:26). Joh. 14:18 sê verder dat Christus Jesus self in ons woon deur die Heilige Gees.

Sy Gees is die Een wat ons elkeen nou dag vir dag, van situasie tot situasie, wil lei en leer (Eseg. 36:26,27; Joh. 14:26). En Hy is ook die Een wat ons in die hele waarheid wil lei. M.a.w. Hy wil ons help om te onderskei tussen reg en verkeerd en wat God se wil vir ons lewens is.

1 Sam. 3:1-10,19,20 – Soos wat Eli die jong Samuel moes leer om God se stem te onderskei tussen al die ander stemme wat ons gewoond is om te hoor, so moet elke Christen leer om God se stem te onderskei tussen die ander stemme. Dit is verder belangrik om op te merk dat soos Samuel bedoel was om profeet te wees, so wil God elkeen van ons as Sy gesalfde kinders ten minste gebruik in die profetiese gawe (1 Kor. 14).

- 1 Joh. 2:27 - Die Heilige Gees in ons gaan ons op baie maniere self leer.
- Rom. 8:14 – Hy gaan ons as God se kinders lei en leer.
- Rom. 12:2 – Hy gaan ons verander deur ons te leer anders dink oor dinge.

Hoe gaan Hy dit doen?

Op baie maniere, maar die belangrikste maniere is ...

- Deur die Woord, die Bybel (Ef 6:17; Heb 4:12). Dit is werklik die enigste "stem" van God waarvan ons seker kan wees ons hoor hier werklik God se stem. En die ander wonderlike ding is dat God Homself nooit hierin kan weerspreek nie. Dit wil sê as ons dit in konteks reg interpreteer. Daarom bly dit ook altyd ons finale toets vir as God op enige ander wyse met ons praat.

- God praat ook deur ander gelowiges in die Liggaam met ons (1 Kor. 12-14; Ef. 4:11-12). Sy dit deur lering, of bemoediging, of profesie, of ’n woord van kennis of wysheid is.

- Maar Hy praat ook met ons deur die getuienis van God se Gees hier in ons gees (Rom. 8:16). Ja, die Heilige Gees woon immers in ons lywe, daarom kan ons verwag dat Hy met ons hier binne gaan praat. ’n Goeie voorbeeld hiervan reeds in die Ou Testamente was 1 Kon. 22, waar iets in Josafat net gesê het: dit wat hierdie groep profete sê is verkeerd!. Ps. 37:4 leer ons selfs dat God letterlik ook deur ons begeertes met ons kan praat. Ons gaan dit dalk beleef as spontane gedagtes of gevoelens wat by ons opkom. Of soms as ons gewete. Ek is oortuig dat ons gees die ontmoetingsplek is waar ek (my gees) met God se Gees, en dus met God self, intieme kommunikasie kan hê. Vgl. in hierdie verband dan ook die manier hoe God vir Paulus-hulle gelei het op hulle kerk-plantingsreis daar in Hand. 16:6-10. In hierdie gebeure lei God hulle. Sy dit deur ’n stem hier binne-in hulle was, of deur visioene of drome. Wat my verder tref in hierdie gedeelte is hoe God minstens 3 keer met hulle in hierdie paar verse op verskillende maniere gepraat het (ons weet nie eers presies hoe dit altyd gebeur het nie). En hoe Paulus-hulle elke keer onmiddellik gereageer het op wat Hy gesê of gewys het.

- Soms praat God ook deur buitengewone dinge met ons: soos deure wat oopgaan of toegaan; deur ’n brandende braambos, soos in Moses se lewe; of deur ’n donkie, soos met Bileam (Num. 22).

Ek is van oordeel dat baie van ons geweldig sukkel om God se stem te hoor omdat ons so geweldig rasioneel ingestel is. Boonop dink ons dat alle gedagtes in ons kop en binneste van ons self afkomstig is. Wat alles veroorsaak dat ons werklik “doof” is vir God se stem in en rondom ons. Wat dan natuurlik ook maak dat ons Sy stem nie herken as ons dit in werklikheid hoor nie.

Daarom is deel van die uitdaging en oefening om God se stem te begin hoor, ’n oefening om net weer die basiese van Christen-wees vas te gryp. Dat Christenwees nie nog ’n godsdiens tussen ander godsdienste is nie. Dit is nie net ’n etiese lewenskode of ’n stel lewensreëls waarvolgens ’n mens ’n goeie lewe kan lewe nie. Dit is ’n liefdesverhouding met ’n lewende, opgestane Here Jesus, wat met wil praat deur Sy Gees.

En Hy praat nie net met ons verstand nie. Hy wil met ons in ons hele menswees praat en besig wees.

In hierdie proses sal ons net weer vir onsself moet uitmaak wat ons werklik glo die Bybel is. Ek is oortuig dat ons nie net hier te make het met ’n boek wat deur mense geskryf is nie. Ons het hier te make met ’n boek waarin God sovele mense op ’n merkwaardige manier geïnspireer het om Sy Woord, Sy hart, Sy planne, Sy handleiding vir menswees en vir ’n gelukkige menswees, neer te pen. Dat ons vandag saam met die Hebreërskrywer en Paulus oor die hele Skrif wil getuig wat daar in Heb 4:12 en 2 Tim 3:15 tot 17 staan.

Maar ek is ook daarvan oortuig dat ons, in hierdie intieme liefdesverhouding met God, gaan beleef hoe Hy op baie maniere Hy met ons gees deur Sy Gees wil praat. Sodat ons meer en meer bewus gaan word van hoe Hy met ons daagliks wandel deur ons hele lewe, letterlik saam met ons kuier en liefdesgemeenskap het, deur die liefdesgemeenskap en bemiddeling van Sy Gees hier binne-in ons.

Ek wil hierdie deel afsluit deur vir jou ’n bietjie huiswerk te gee.

Neem 1 Kor. 1:18 tot 2:16 en gaan mediteer ’n bietjie daaroor. Vra God om daardeur jou bewus te maak van dinge soos die noodsaak van ’n nuwe hart en ’n nuwe gees om werklik God se stem te hoor; ’n hart wat werklik “ore” het om God te hoor, en “oë” het om God en Sy werk te “sien”; en ’n verstand wat “in staat is om te verstaan”.

(My definisie van Bybelse meditasie is werklik ’n kombinasie van ’n analitiese lees, ondersoek en nadenke oor die Skrif in die direkte konteks, maar ook teen die agtergrond van die res van die Skrif; plus ’n intuïtiewe, bykans naïef-spontane luister met die hart/gees na die stem van God se Gees, op watter wyse Hy dan ook wil praat.

WEEK 3 Ons moet leer om God se stem te hoor

Die meeste van ons wat kom uit ’n Gereformeerde teologiese agtergrond, weet en glo God praat deur die Bybel met mense. Daarom maak ons ook baie erns daarmee om te probeer om die Bybel en dit wat daar staan reg, en in konteks te probeer verstaan.

Maar dat God op ander wyses met ’n mens kan praat, is vir die meeste van ons moeilik om te begryp en te aanvaar.

Daarom was my ontmoeting en vriendskap met ’n man met die naam, Gary Kieswetter, so ’n nuwe geestelike ervaring in my eie lewe. Want telkens het Gary stellings gemaak soos: “toe ek besig was om te bestuur, het ek beleef God sê vir my …” En dit terwyl daar nie eers ’n Bybel naby was nie! Asof God met hom hier van binne-af, soos deur gedagtes, met hom gepraat het.

Die merkwaardige was dat ek al hoe meer seker geword het daarvan dat dit werklik God was!

En dit het my laat vrae vra. Vrae soos: ek is al vir solank ’n Christen, en boonop is ek predikant; hoekom hoor ek nie God so met my praat nie?

Dit het my gemaak lees en soek in die Skrif na wat God regtig in die verband aan ons sê. Hoe praat Hy regtig met mense? Hoe wil Hy vandag met jou en my praat?

Daarom gaan ek in hierdie gedeelte, half oorsigtelik, vir jou help om van die wyses te ontdek hoe God met jou en my wil en kan praat.

A. Soos ek gesê het, die mees algemene manier, en sekerste manier hoe God met ons kan praat, is deur die Bybel.

Ons almal weet dit. En tog, ten spyte daarvan, lees die meeste Christene te min die Bybel. Hulle lees honderde geestelike boeke en luister preke, en kyk Christelike TV-programme. Maar hulle lees nie die Skrif nie!

Hoor wat staan daar in Heb. 4:12 en 2 Tim. 3:16 en 17. Kom ons gaan lees wat daar in Ps. 1:1-3 staan …

Daar is regtig baie mense wat in hierdie lewe van ons, ten spyte van al die stukkendheid en die trauma van elke dag, gelukkig is. Terwyl daar weer soveel ander om hulle is wat elke dag bloot oorleef en verstik aan sinisme en al die negatiwiteit in hulle eie en ander se lewens.

Dit het tyd geword waarin ons ons gees moet begin vul en bedien met lig, met die Woord van God, en wat ons daaroor moet begin mediteer en nadink. Dit help mos nie as jy in die beste restourant ter wêreld net die spyskaart sit en deurlees nie! Jy moet van daardie kos begin eet; dit in jou mond proe, kou en insluk, om werklik God se teenwoordigheid, Sy Woord te begin geniet.

Ons moet dus nie net die Bybel lees om net meer te weet en kennis op te doen nie. Ons moet leer om die Bybel te eet… En hoe om dit gereeld en konstant te doen!

B. Soms kom God en kom verskyn persoonlik aan mense om met hulle te praat!

Hoeveel keer lees ons nie in die Ou Testament wat Jesus gekom het as “die Engel van God” (met ’n hoofletter, want dit blyk gou God self te wees) om self met mense te praat nie! Kyk maar daar in Eks. 3:2 e.v.; en Rigt. 6.

Maar ook in die Nuwe Testament

As jy jou ore oophou vir wat oral oor die wêreld gebeur, sal jy soveel getuienisse van mense hoor aan wie Jesus persoonlik verskyn het (hoeveel Mohammedaanse Imams getuig nie daarvan nie!)

Gaan lees maar weer ’n keer wat daar in Joh. 10:3 tot 5 staan, asook in vers 27.

Lees ook Hand. 9:3 tot 7. Paulus het geweet en gesien dit is Jesus wat met hom praat, terwyl al die ander mense die stem gehoor het, maar nie Jesus self gesien het nie.

En dan is daar nog boonop die moontlikheid dat Jesus soms wel met mense praat, maar dat hulle nie noodwendig Sy stem herken nie! Hulle hoor dit, maar hulle herken dit nie as Sy stem nie.

Die sleutel om Sy stem te hoor is dus nie net daarin om dit te hoor nie. Maar wel om dit te herken as Sy stem. En ons herken dit net as Sy stem omdat ons hart sensitief en ontvanklik is sodat Hy met ons kan praat, en ons dadelik sal weet dit is Hy. Hoe sê Jesus daar in Joh. 10:14: … My skape ken My. In die mate wat ons werklik Hom ken, d.w.s. Hom persoonlik liefhet en hierdie liefde tussen ons ontwikkel het soos die liefde tussen ’n man en ’n vrou in die huwelik, sal ons meer en meer ingestel wees op Sy hart en Sy stem.

Want een ding is seker: God praat vandag nog met Sy mense, omdat Hy ons so lief het.

C. Soms praat God met mense deur die verskyning van engele

Ons sien dit op baie plekke in die Bybel. Kyk bv. Na Hand. 5 en Hand. 8 as voorbeelde daarvan.

So ook vandag, oral oor die wêreld.

God praat soms selfs met mense wat Hom nie werklik ken nie op hierdie manier. Soos daar in Hand. 10 met Kornelius, wat bloot God bloot as Joodse godsdienstige mens gedien het.

D. God praat soms met mense in ’n hoorbare stem, wat jy met jou gewone ore kan hoor

Kyk na 1 Sam. 3 en Hand. 22.

E. Baie keer praat God hierbinne in jou – deur Sy Gees – wat jy nie met jou gewone ore kan hoor nie

Dit gaan wees soos gedagtes wat by jou opkom.

Dit is bv. wat die profete bedoel het as hulle sê: God sê …

Kyk ook na gedeeltes in die Bybel soos Hand. 16:6 tot 10.

Ons moet dus leer om gedagtes wat van God af kom te onderskei van ons eie gedagtes, of ander gedagtes.

F. Soms gaan die Here met ons praat deur gevoelens en ons diepste begeertes

Kol. 3:15 sê dat daardie onverstaanbare, onverklaarbare vrede hierbinne baie keer God se Gees as skeidsregter hierbinne ons is. Dit is soos 'n wete dit is reg, of iets is verkeerd.

Kyk ook 2 Kron. 18:1-34. Maar ook Neh. 7:5 en Hand. 14:9.

Ons moet dus aandag gee aan ons gevoelens. Nie dat ons altyd hoef te handel op ons gevoelens nie, wat weereens moet ons leer om te onderskei wat suiwer "vlees" is en wat "Gees" is.

God wil vir Sy kinders die diepste begeertes van hulle hart gee (Ps. 37:4).

G. God praat met ons deur ander gelowiges, sy dit gesalfde Ef. 4:11 en 12-bedieninge is, of deur ander gelowiges is wat ons met die gawes van die Gees bedien.

Kyk Ef. 4:11-16; 1 Kor. 12 en 14; Rom. 12:3-7.

Die gawes waardeur God werklik met ons verbaal praat is veral deur die gawe van profesie, lering, woord van wysheid; woord van kennis; en die gawe van tale; en die onderskeiding van tale; die gawe van herderlike versorging.

H. Hy praat ook met ons deur die skepping; die wêreld om ons, en bepaalde gebeure

Vergelyk maar dit wat daar in Rom. 1:20,21 staan. Asook Ps. 139:13 e.v.

Natuurlik praat Hy ook met ons deur die storms en die winde; as die storms stil word; en Hy 'n pad maak deur die see.

I. Hy praat soms met ons deur die wolvliesies wat ons uitsit, of deur tekens; soms selfs deur 'n donkie

Kyk Rigt. 6:36 e.v.; Jes. 38:4-8; en Num. 22:22 e.v.

Maar ons moet versigtig wees om nie te probeer om God te manipuleer deur die wolvliesies wat ons uitsit nie. Onthou wat Jesus gesê het, naamlik dat ongelowiges vir tekens vra (Mat. 16:4).

Hanteer dit dus maar spaarsamig, want dit sê eintlik dat jy nie naby genoeg aan God is om Sy stem duidelik te hoor nie!

J. Soms praat God met ons deur bepaalde fisiese manifestasies

Ons beleef dit meestal in ons liggame, soos 'n onverklaarbare pyn of sensasie. Soos Jesus beleef het toe daardie vrou aan Sy kleed gevat het (Luk. 8).

K. Hy praat met ons deur drome, en visioene of gesigte

Kyk maar na Gen. 20; Job 33:14,15; Joël 2:28; Hand. 10:9,10

Kom ons raak nou stil en vra vir Hom om met ons te praat.

Miskien wil God nou iets vir iemand sê, of selfs iemand genees.

As jy iets hoor, neem die vrymoedigheid en steek jou hand op en sê wat jy hoor. En moenie bang wees om ’n fout te maak nie. Hier tussen ons as volgelinge van Jesus mag jy maar ’n fout maak; ons sal vir jou lief bly en niemand sal daardeur iets ergs oorkom nie.

Wees ook sensitief daarvoor dat God se stem baie keer soos ’n gedagte by jou opkom, wat jy weet jy nie self uitgedink het nie. Dit is eintlik so anders as al die ander gedagtes wat jy dink.

Dit wat ons hier doen, hierdie soort oefeninge om God se stem te begin onderskei, is deel van die toerusting wat elke Christen moet ontvang in die Liggaam van Jesus, om te groei na geestelike volwassenheid toe (Heb. 5:14).

WEEK 4 God praat deur die Bybel met ons – Hoe lees ons dit reg? (deel 1)

Baie mense word geweldig senuweeagtig as jy met hulle gesels oor hoe ons die Here se stem hoor. Miskien omdat hulle so bang is dat mense mislei kan word in hierdie proses.

En natuurlik is dit altyd ’n gevaar. Veral as God met ons praat op ander maniere as deur die Bybel.

Daarom is dit belangrik om te begryp dat die belangrikste en mees algemene manier waarop God met Sy mense praat juis deur die Bybel is. En as Hy op enige ander manier ook sou praat, bly die Bybel ons enigste seker norm en toets.

Ons noem dit immers nie verniet die Woord van God nie (soos daar in 2 Tim. 3:16 en Heb. 4:12 ook gesê word).

Tog is dit tragies dat die meeste Christene nie die Bybel genoeg lees nie. Miskien is dit luiheid. Of dalk is daar ook ander redes voor.

Ps. 1:1-6 – Daar is werklik mense in hierdie wêreld wat, ten spyte van al die onverstaanbare dinge wat rondom hulle gebeur, skynbaar gelukkig, vol lewensvreugde, vrede, en geseënd elke dag midde al die stukkendheid en stukkende mense lewe. Terwyl ander verval in sinisme en negatiwiteit om hulle.

Ps. 1 sê dat hierdie mense se “geheim” is dat hulle tyd maak om hulle gees te vul met die lig, met die Woord van God, en daaroor mediteer dag en nag.

Bybelse meditasie, soos ek laas gesê het, beteken ten minste twee dinge:

Dit is werklik 1. ’n Kombinasie van ’n analitiese en lees, ondersoeke en nadenke oor die Skrif in die direkte konteks en teen die agtergrond van die res van die Skrif; en 2. ’n intuïtiewe, bykans naïef-spontane luister met die hart (of gees) na die stem van God se Gees (op watter wyse Hy dan ook wil praat).

Veral as ons met die Bybel besig is. Ons begeerte is immers om ’n ontmoeting en geestelike liefdesgemeenskap te hê met die lewende God; en nie net om net nog ’n “boek” te lees nie!

’n Ontmoeting met ’n lewende God, waar ons werklik Sy stem hoor, verander ons hele lewe.

Daarom wil ons oop en sensitief wees vir Sy stem. Gereeld en gedissiplineerd. En daarvoor moet ons tyd inruim elke dag. Genoeg tyd om die Bybel te lees.

Kom ons praat ’n bietjie oor die Bybel, en hoe om dit reg te lees, sodat ons God se stem kan hoor.

Die Bybel…

Is 66 boeke, liefdesverhale van ’n lewende God aan Sy mense, saamgevat in ’n biblioteek in die kleine

Wat Hy laat skryf het op 2 kontinente deur meer as 40 oorspronklike skrywers en ’n hele klomp ander wat dit weer oor en oor deur die jare oor geskryf het, oor ’n tydperk van meer as 1200 jaar

Dit is soos ’n reuse skerm waarop ons God se gesig telkens sien, wie Hy is, wat Hy alles gedoen het en wat in Sy hart is

Nie dat ons alles van God sien nie. Daarvoor is Hy immers te groot. Maar ons sien genoeg, en spesifiek dit wat God wil hê ons moet van Hom op ’n spesifieke stadium sien.

Elke keer as ons met die Bybel in ons hande staan, staan ons voor ’n geloofskeuse en moet ons kies of ons werklik glo die lewende God praat hier met ons.

Ek glo…

In die Bybel praat God met ons deur doodgewone mense, hulle verhale, hulle gebede, hulle liedere en gedigte, hulle briewe en hulle leringe

Dit was mense wat die praatwerk, die skryfwerk en die oorskryfwerk gedoen het

Maar hulle was “deur God geïnspireerd” – 2 Tim. 3:16. Hy het hulle op ’n onverstaanbare, bonatuurlik wonderlike manier gebruik om Sy Woord, Sy gedagtes, Sy hart, in woord en letter vas te lê. Soos so baie Bybelskrywers dit letterlik self beleef het. Vgl. Deut. 18:18; 2 Tim. 3:16,17.

Hulle was nie robotte nie. Elkeen het sy eie uniekheid behou; elk met sy eie omstandighede, karakter, taal, styl en belangstellings.

Maar ’n wonder het gebeur wat maak dat ons God se stem hoor terwyl ons die Bybel se bladsye deur lees.

Natuurlik is dit ’n baie ou boek, waardeur die lewende God, vandag nog, met ons wonderbaarlik praat!

Hy is die God van die waarheid. Wat Homself nooit weerspreek nie. Daarom glo ek, is Sy Woord, die Bybel, 100% betroubaar as God se Woord vir nou.

Hoe kan ons die Bybel reg lees?

Ek glo daar is ’n paar vrae wat ons heeltyd onsself moet afvra as ons die Bybel reg wil lees en verstaan om God se stem te hoor. Hierdie vrae is die volgende:

1. Wat wou God vir die eerste lesers/hoorders van hierdie gedeelte in die Bybel, in hulle eie omstandighede, gesê het?

2. Wat wil God deur hulle, en dit wat hulle neergeskryf of vertel het, vir my vandag sê in die lig van die res van die Skrif?

God verander nooit nie. Daarom kan ons verwag om Hom en Sy wil te leer ken uit wat Hy vir die mense van destyds gesê, gewys en gedoen het.

Maar dit is ook belangrik dat ons dit sal doen in konteks en teen die agtergrond van die gedeelte en die res van die Skrif.

Onthou wat die spreekwoord sê: Elke ketter het sy letter!

Vrae dus altyd vir jouself die volgende belangrike vrae terwyl jy lees:

Wie was die skrywer en wie was die lesers? Wat was hulle omstandighede en agtergrond?

Watter soort geskrif of letterkundige tipe het ons hier mee te make? (Verhalend; leerstellig; profeties; gedig/gebed; simbolies/beeldspraak)

Het Christus, dit wat Hy gesê het en kom doen het, enige verskil gemaak in hoe ons hierdie gedeelte vandag moet verstaan?

Hoe haal ek die meeste uit die Bybel uit?

Lees dit gereeld en in totaliteit: die hele Bybel; boek vir boek in sy geheel; en nie net hier en daar jou geliefde gedeeltes nie.

Lees verskillende goeie Bybelvertalings om seker te maak van wat daar presies oorspronklik in die Hebreeus of Grieks gestaan het. My voorstel is ten minste om albei Afrikaanse vertalings en een goeie Engelse vertaling te lees (soos NKJ of die NIV).

Lees die Bybel planmatig.

Lees dit met verbeeldingskrag – soos ’n goeie verslaggewer wat hom/haarself inleef in die gebeure en letterlik in die skoene van die eerste lesers klim.

Hou ’n notaboekie byderhand en maak aantekeninge van wat jy hoor God vir jou sê.

Reageer op wat jy gelees en gehoor het God sê vir jou.

Onthou:

Die Bybel is nie ’n gelukspakkie nie. Moet dus nie daarin towerwoorde soek nie!

Verstaan moeilike gedeeltes in die lig van ander, makliker gedeeltes. Laat die Bybel homself verklaar.

Maar lees met hierdie verwagting om te hoor wat God vandag vir jou as Sy kind wil sê.

WEEK 5 God praat deur die Bybel met ons – Hoe lees ons dit reg? (deel 2)

Die Bybel is anders as enige ander boek wat jy nog ooit gelees of bestudeer het, want dit is en wil meer as net ’n boek wees.

Die Bybel wil en sê dat dit Goddelik “geïnspireerd” is (2 Tim. 3:16,17). Boonop is dit gou duidelik dat hierdie “inspirasie” ’n ander soort inspirasie is as dié van ’n kunstenaar byvoorbeeld. En bloot om die rede dat die Bybel sê dat die lewende God self die diepere oorsprong en Spreker in elke deel daarvan is.

Ons hoor dit in baie gedeeltes.

Soos by die profete as daar staan “... die woord van God ... aan ...” (Hos. 1:1; Joël 1:1; 2 Pet. 1:21; Jer. 23:28,29)

As ons lees hoe Petrus bely: die “Gees van God in hulle ... wat getuig ...” (1 Pet. 1:10-21a)

As ons lees hoe die Hebreërskrywer daar in hfs. 1:1 en 2 die volgende bely: God praat ... deur die profete ... en deur Jesus

As Paulus en die ander Christene in die Nuwe Testament sê: “Die Skrif sê ...”, want dit beteken vir hulle: “God sê” (Hand. 4:25; 28:25; Rom. 9:17)

Die OT is dus vir hulle baie meer as net ’n reeks stories met betekenis

Daar is meer as 3800 sinne in die Bybel wat op die een of ander manier sê “Die Here het gespreek ...”; “So spreek die Here ...”; “Die woord van die Here het gekom ...”

Om dus reg te laat geskied aan die Bybel as God se geskrewe Woord, moet ons twee kante van die Bybel erken:

1. Dit is geskryf deur volledige mense (wat dit so waarheidsgetrou probeer doen het moontlik as wat hulle as mens in staat was, in die lig van God se spesifieke opdrag aan hulle). Of dit nou ‘n Moses was, of ’n Lukas, of ’n Paulus wat ’n brief aan sy geestelike familie êrens geskryf het.

2. Maar die Bybel is ook baie meer as net ’n boek wat mense geskryf het. Dit is werklik in elke opsig, die lewende God wat hierdie direk aan die woord kom. Ons hoor Sy stem op elke bladsy en in elke sin.

Die geheim of sleutel om aan albei hierdie twee kante van die Bybel vas te hou, is hierdie onverstaanbare, wonderlike belydenis oor die inspirasiewerk van God se Gees deurgaans (2 Kor. 3:8-18) wat in die hele proses van die totstandkoming van die Skrif direk betrokke was

Voor en tydens die vertelling en opskrywe, en herskrywe daarvan (2 Tim. 3:16,17; 2 Pet. 1:21)

Maar ook na die tyd, as dit gehoor of gelees word (Heb. 4:12).

WAAROOR GAAN DIT IN DIE BYBEL UITEINDELIK?

As ons in ’n sin of twee die hart van die Bybel moet probeer raakvat, sou ek dit so wou doen:

Dit gaan in die Bybel oor ’n lewende God wat Homself aan ’n mensdom op aarde wil bekendstel, eers via die volk, Israel, waaruit die Messias uiteindelik as mens gebore sou word, en uiteindelik in en deur die Persoon van Jesus Christus.

Joh. 14:26-28; 15:25; 16:13-15.

Jesus Christus, die Messias-Verlosser-Koning, wat mens geword het, gelewe, gesterf en opgestaan het, is die Sleutel, die Geheim en die Goue Draad dwarsdeur die hele Skrif.

Hy is die volledige vervulling van elke wet, elke fees en elke reëling. Elke historiese gebeure in die Skrif, is op een of ander manier op Hom, Sy koms, Sy betekenis en rol gerig.

Ja, Hy het gekom om dit alles, tot in die fynste detail te kom vervul in Sy lewe, sterwe en opstanding (Mat. 5:17,18).

Alles was op Hom gerig; het uiteindelik na Hom heengewys; en rus op die fondament wat Hy gelê het in woord, daad, lewe, sterwe en opstanding.

Daarom is Hy, soos Luk. 24:44 e.v. en ander gedeeltes aandui, werklik die vervulling van die wet van Moses, al die Psalms, al die wysheidspreuke en die profetiese woorde.

DIE IMPAK VAN DIE GEBEURE IN MAT 27:50,51

Die voorhangsel is geskeur!

Lees: Mat. 27:50,51; Mat. 26:26-28; vgl. ook vers 16 (in die lig van Heb. 9:16,17 en verse 8-10).

Die Griekse begrip “diatheke” is verkeerdelik in sommige vertalings in hierdie gedeelte vertaal met die begrip “verbond”. Terwyl ek eerder glo dat dit met die begrip “testament” eerder hier vertaal moet word in die lig van die hele gebeure en konteks, en dan ook gedeeltes soos Heb. 9:16 en verse 8-10.

Daar is ’n groot geskil tussen “verbond” en “testament” wat hier van groot belang is vir die regte verstaan van wat presies hier gebeur het.

“Verbond” is ’n ooreenkoms tussen 2 partye (soos in die OT-woord in die Hebreeus “berith”, wat ons in die begrip “ou verbond” vind - waar dit gaan oor ’n ooreenkoms met sekere voorwaardes tussen partye).

“Testament” is ’n uitdrukking van die soewereine wil van ’n testateur wat daardie testament en sy bepalings opgestel het. En daardie testament geld dan van na sy dood af.

Wanneer het die “Nuwe Testament” en sy bepalings werklik, wetlik, van krag geword?

Nie tussen Maleagi en Matteus nie

Ook nog nie met die geboorte van Jesus nie

Maar eers hier in Mat. 27:50,51 se gebeure

Mat. 26:26-28 dui dus na die toekomstige gebeure wat begin geld na die kruisigingsgebeure, en spesifiek dit waarvan ons in Mat. 27:50,51 lees.

Hierdie gebeure in Mat. 27:50,51 illustreer simbolies (uit die hemel) die afhandeling van ’n vorige era (met al sy reëls, feeste, gebruike, wette, ens.). Hierna sou alles bloot skadubeelde en vingers wees wat heengewys het van toeka tot nou tot, uiteindelik, hierdie gebeure (Heb. 8:5; 10:1). Maar daardie ou era is nou verby en “afgehandel”.

Jesus Christus het Sy taak as Messias volledig afgehandel sodat die nuwe era kon aanbreek. ’n Totaal nuwe era het nou aangebreek! Heb. 9:8-10.

As ons dit nie verstaan nie, en aanhou asof die ou era met al sy reëls en wette onveranderd sou bly geld, beroof onsself en andere van die volle erfenis, wat die bepalings van die Nuwe Testament nou sê, vir ons geld!

Daar is ’n nuwe verbond wat nou vir ons geld! ’n Ander soort ooreenkoms met andersoortige bepalings en voorwaardes!

En dit alles is die uitvloeisel van die bepalings van die nuwe testament wat na die dood van Jesus nou geld.

In die lig hiervan moet die hele Bybel voortaan geïnterpreteer en verstaan word.

Ek is oortuig dat ons hier met ’n verstaansmeganisme te make het wat ongelukkig nie altyd in alle dele van die Liggaam van Jesus reg gehanteer is nie. En met tragiese gevolge!

En dit terwyl die res van die Nuwe Testament ons op verskillende plekke help om hierdie meganisme prakties te gebruik om sekere gedeeltes vir nou vir ons reg te interpreteer.

Vgl. byvoorbeeld die volgende gedeeltes: Rom. 14 (veral vers 12); die boek Galasiërs (bv. Gal. 2:4-16 en 4:1-12 teen die agtergrond van die hele boek); Kol. 2:16-23; en Heb. 8,9 en 10.

WEEK 6 God praat soms direk met ons deur spontane gedagtes

Ons het vir mekaar gesê dat God se diepste begeerte is om 'n intiem-persoonlike liefdesverhouding met ons as Sy mense te hê. In 1 Kor. 1:9 word dit in die Engels "fellowship" met God genoem.

Daarom het Hy in die lywe van Sy mense kom woon deur Sy Gees. Om daagliks met ons te kan praat, ons te lei en in ons lewe Koning te wees (Rom. 8:9-16).

Kyk ook na dit wat daar in 1 Kor. 2:9-16 hieroor staan.

Ons gaan dus God se stem "in ons" begin hoor. Dit kan op baie maniere gebeur. Die meeste van ons het al beleef hoe, terwyl ons die Bybel lees, ons beleef dat God ook vir ons ander dinge begin sê as net dit wat in die Bybel voor ons staan. Ek glo dit is wat dit beteken as die Hebreërskrywer daar in Heb. 4:12 die Woord beskryf as 'n "lewende" Woord. Ons gaan skielik beleef asof die lewende God persoonlik daar by (in) ons is, en direk, baie persoonlik, met ons praat!

Rom. 10:17 noem dit 'n "rhema"-woord (waar iets in jou gebeur, lewe gewek word), teenoor 'n sogenaamde "logos"-woord (wat bloot gehoor word, sonder dat iets daarna werklik verander)!

So anders dus as wat die Fariseërs en Skrifgeleerdes dit beleef het, volgens Joh. 5:39 en 40. Studie van die Skrif, sonder hierdie persoonlike ontmoeting en gesprek met 'n lewende God daar by jou en in jou, is niks anders as dood nie! Is niks anders as blote wettiese godsdiens nie!

God se Gees in ons gaan en wil met ons, as God se kinders, begin kommunikeer (Rom. 8:12,14,15).

Die manier hoe ons hierdie "praat van God se Gees in ons" beleef, is as spontane gedagtes, idees, woorde, gevoelens en prentjies wat by ons opkom.

Maar dit is net hier waar almal van ons moet rekening hou met die feit dat ons almal ten minste 4 stemme elke dag van ons lewe hoor, wat op hierdie manier, deur ons gedagtes, met ons wil praat.

Naamlik, ons eie gedagtes (kom ons noem dit ons "vlees" of "eie begeertes"), die gemeenskap om ons, die vyand se stem, en God se stem.

Kom ons gesels 'n bietjie meer in detail hieroor.

Daarom wil ek 'n onderskeid maak tussen self-uitgedinkte gedagtes - wat ek met my verstand analities of kreatief self uitdink - en die spontane, intuïtiewe gedagtes wat God se Gees by ons laat opkom as Hy met ons praat op die manier.

(Bybelse meditasie is, na my oordeel, dus 'n kombinasie van analitiese en intuïtiewe nadenke oor wat in die Woord staan, terwyl ons deurentyd sensitief probeer wees vir die stem van die Heilige Gees.)

Kom ons gesels 'n bietjie meer oor hierdie spontane gedagtes wat by ons opkom.

Uit 2 Kor. 10:4 en 5 en 2 Kor. 11:3 en 4 is dit duidelik dat nie alle gedagtes ons eie gedagtes is nie. Soms is van hierdie gedagtes se oorsprong die vyand, en dus letterlik die werk van demone.

Daarom sê Paulus daar in 2 Kor. 10:4 en 5 dat ons die oorsprong en karakter van elke gedagte moet toets. Die aard en karakter daarvan sal vir ons help om die oorsprong daarvan te bepaal:

Is dit bloot gedagtes wat uit ons eie vlees en ou natuur oorspronklik kom?

Of is dit dalk gedagtes wat demone in ons laat opkom het om ons te verlei of te beïnvloed?

Of is dit dalk God se Gees wat met ons praat?

Wat my baie help om die oorsprong van my eie gedagtes te bepaal, is om te dink aan die name van die Heilige Gees, en die name van Satan en sy demone, daarteenoor.

In hierdie name hoor ons die karaktertrekke wat ons kan verwag om te vind in die gedagtes wat uit daardie oorsprong kom.

Die name van Satan	Die name van die Heilige Gees
Aanklaer	Advokaat
Teëstander	Helper
Leuenaar, bedrieër	Trooster
Vernietiger	Onderwyser
Veroordelaar	Geneser
Dief	Skepper
Moordenaar	Moeder, Gewer van lewe en oorvloed

Ander maniere om gedagtes se oorsprong te bepaal is om dit te toets aan die Bybel. As daar van hierdie spontane, intuïtiewe gedagtes klop met wat in die Skrif staan, kan dit baie moontlik God wees wat deur Sy Gees met ons praat.

Toets ook van hierdie gedagtes (veral as dit tot ingrypende veranderinge in jou lewe kan lei as jy dit sou volg) aan betroubare geestelike mentorfigure en in jou lewe deur dit met hulle te deel en te vra wat hulle mening daaroor is.

In Joh. 7:37 tot 39 kry ons hierdie pragtige beeld van die Heilige Gees se werking en spreke in ons lewe soos ’n opborrelende rivier hier in ons binneste. Ons moet dus letterlik net sensitief begin word om Sy “borrelende stem” hier binne-in ons te begin onderskei en herken tussen al die ander stemme. Om dit dan uiteindelik te gehoorsaam as ons seker is dit is Sy stem.

Luister net na hierdie aanhaling (bron onbekend): “So faith comes by hearing. That is having audience with God through the fellowship of the Holy Spirit, and having come to my ears the individual words He is uttering to me.”

1 Kor. 1:18 tot 2:16 praat oor hierdie Gees-tot-gees-, Hart-tot-hart-gesprek, wat moet plaasvind tussen God, deur die werking van Sy Gees, en Sy mense.

Natuurlik moet daar eers ’n hartsverandering in die mens plaasvind om dit te laat gebeur (dit waarvan Eseg. 36:24 e.v. praat; en waarvan Jesus daar in Joh. 3 praat). Sodat ons ’n nuwe hart kan hê. Een met nuwe sintuie wat sensitief is vir die werking en spreke van God se Gees: met ore wat God se stem kan hoor; oë wat God se prentjies kan sien; ’n hart wat iets van God se hartklop kan aanvoel en self kan ervaar.

Sonder hierdie sensitiwiteit vir God se Gees se stem kan ons nie werklik vloei in die gawes wanneer God ons wil gebruik nie. Ons moet immers hoor wat Hy wil en wanneer Hy wat wil; wanneer Hy deur ons wat wil bedien aan ander mense.

Maar sonder hierdie sensitiwiteit vir God se Gees se stem in ons, kan ons ook nie werklik hoor as Hy met ons praat as ons bid nie.

En kan ons ook nie iets ervaar van Sy by-ons-wees, Sy liefdesgemeenskap en liefdeskommunikasie tydens lofprysing en aanbidding nie.

God wil met ons praat deur Sy Gees in ons, sodat die ervaring van ’n van-aangesig-tot-aangesig-ontmoeting met ’n lewende God vir ons werklik ’n daaglikse ervaring kan wees.

Verwag dat dit ook al hoe meer met jou sal gebeur as jy Sy kind is (Rom. 8:9-16).

WEEK 7 God praat deur die gawes met ons

Die mense van God, Sy Ekklesia, word nie verniet die Liggaam van Jesus genoem nie. Kyk ’n mens na gedeeltes soos Rom. 12 en 1 Kor. 12 tot 14, is dit duidelik dat die Here, deur Sy Gees wat binne-in en op Sy mense is, deur die buitengewone gawes van die Gees, self met Sy mense wil praat.

Ef. 4:11 tot 16 teken vir ons God se plan binne die Liggaam: hoe Hy self sekere van Sy mense roep en toerus om as ’n netwerk van spesiaal toegeruste mense, wat ons die vyfvoudige bedieninge kan noem, Sy mense wil toerus om hulle dit gebruik in mekaar en ander se lewens.

Hy wil hulle elkeen bonatuurlik toerus deur die gawes van Sy Gees (die Gees op hulle, in Handelinge se taal) om dan deur hulle te praat.

Kom ons kyk ’n bietjie na hierdie relevante gedeeltes in die Skrif waar ons dan sien hoe God deur die gawes met mense wil praat.

Rom. 12:6-8 – Hanteer kortliks die verskillende bonatuurlike gawes van die Gees wat Paulus hier noem.

Die gawes is :

Profesie – in ooreenstemming met die geloof wat jy het. Soos wat jy leer om God te vertrou en te gehoorsaam, as God jou wil gebruik, gaan jy leer om God te vertrou om nie net vir jou vir een persoon ’n woord van profesie te gee nie, maar vir baie meer mense (ons gaan verder hierna verwys as ons oor 1 Kor. 14 spesifiek gesels).

Diens – ’n Bonatuurlike begeerte en vermoë om mense tot diens te wees, voete te was of agter die skerms ’n verskil te maak.

Lering – Die bonatuurlike vermoë om aan mense die waarheid in die Skrif te leer en te verduidelik dat dit vir hulle sin begin maak.

Bemoediging – ’n Bonatuurlike vermoë om ander te “encourage”.

Gee – ’n Bonatuurlike vermoë wat God aan sekere individue gee om werklik “Kingdom stewards” - God se bank- en batebestuurders - in hierdie wêreld te wees. Dit gaan hier oor mense wat op ’n buitengewone wyse gee en nuwe kanale kan skep sodat die Koninkryk van God vinniger en meer effektief kan kom.

Leiding gee – Hier gaan dit oor bonatuurlike leierskap, met die gepaardgaande toewyding en ywer, wat God aan mense gee in sekere situasies.

Help – ’n Bonatuurlike gawe om ander te kan help waar dit werklik ’n bonatuurlike verskil kan maak. Dit gaan hier oor ’n bonatuurlike vermoë om ander barmhartig by te staan.

Wat die heeltyd hier belangrik is om te onthou, is dat dit hier gaan oor bonatuurlike gawes wat God se Gees aan gelowiges gee wanneer en waar Hy wil. As Paulus hier praat van “dien”, “lering”, “bemoediging”, “leiding gee”, en “gee”, gaan dit nie oor natuurlike aanleg nie. Dit gaan ook nie oor

die soort “dien”, “bemoediging” en “gee” wat van almal van ons wat Christene is, in die Skrif gevra word as deel van ons gewone Christen-wees nie.

As ons praat van “gawes van die Gees” dan bedoel die Bybel bonatuurlike vermoëns wat God deur die werking van Sy Gees gee as geskenke (wanneer en waar Hy wil), wat niks te make het met ons natuurlike vermoëns of persoonlikhede nie.

1 Kor. 12:7-10 – Verduidelik dan kortliks die verskillende gawes wat Paulus hier noem in hierdie verse teen die agtergrond van die hele konteks van 1 Kor. 12 tot hoofstuk 14.

Sonder die kokon van die liefdesgemeenskap tussen gelowiges in die gemeente (of ekklesia, soos in die Grieks eintlik staan), kan die gawes van die Gees nie werklik tot hulle volle reg kom soos God dit bedoel het nie (1 Kor. 13).

Die eerste paar verse in 1 Kor. 12 verduidelik verder aan ons dat ons hier te maak het met “gawes” of geskenke wat God, die Seun, deur die werking van die Gees van God, aan Sy mense gee. En dit is belangrik om dit te verstaan, want ’n gawe is dus nie iets waaroor jy kan roem asof dit jou eie prestasie is nie.

Ek gebruik altyd die beeld van ’n vrugteboom wat in die regte grond geplant en gewortel is as ’n beeld van die Christen se lewe in Christus. As ons in Christus gewortel is en Sy Gees in ons dus in beheer is van ons lewe, sal ons die vrug daarvan in ons lewe sien waarvan Gal. 5:16 tot 26 praat.

Maar die gawes van die Gees is soos verskillende soorte liggies wat God die Seun, as Doper met die Gees, self in ons lewens kom ophang wanneer Hy dit wil doen. En dit is nie bedoel om permanent altyd deel van ons lewens te wees nie. Hy wil en kan, wanneer Hy wil, daardie gawe laat vloei om iemand daarmee te bedien soos en hoe Hy wil.

Ek vergelyk die vloei van die gawes verder daarmee dat ek en jy soos ’n tuinslang is wat gekoppel moet bly aan die kraan, naamlik Christus Jesus. Solank ons gekoppel is aan die kraan, kan Hy die kraan oopdraai wanneer Hy wil en kan Hy wat Hy dan ook al wil, deur ons laat vloei na ander toe. Ons moet net sensitief wees vir Sy stem om te wees waar Hy wil hê ons moet wees (as die punt van die tuinslang), om te beleef hoe God ander bedien met die “strome lewende water” waarvan Jesus in Joh. 7:38 en 39 gepraat het.

Kom ons kyk ’n bietjie na die verskillende “liggies” of gawes van die Gees wat hier genoem word:

’n Woord van wysheid – Dit is nie dieselfde wysheid waarna Jak. 1:5 verwys nie. Dit gaan hier oor ’n woord van wysheid wat bonatuurlik van God af kom in ’n spesifieke situasie of teenoor ’n spesifieke persoon of persone. Ons sien hierdie gawe opereer in bv. 1 Kon. 3:10 tot 12 in Salomo se lewe, en in Mat. 22:15 tot 22 in Jesus se lewe.

Die wysheid waarvan hier sprake is, is insig in God se wil. Dit gaan oor ’n perspektief op gebeure en sake wat jy direk uit die hemel kry sodat jy, en die hoorder of hoorders, as’t ware opgelig word uit die insig-belemmerende omstandighede waarin julle julle bevind – wat maak dat julle heeltyd net daarteen vaskyk – om dan te kan sien hoe dinge inpas in God se planne en besigwees.

’n Woord van kennis – Dit gaan hier oor bonatuurlike detail-kennis wat God se Gees aan mense bedien. Hierdie detail-kennis kom meestal soos gedagtes by die een op wat God so wil gebruik en

wat daardie persoon dan presies so gehoorsaam moet bedien aan wie die Here sê dit voor bedoel is. Ons sien hierdie gawe bv. in Joh. 4:15 tot 19 in Jesus se lewe opereer.

Die gawe van buitengewone geloof – Dit gaan nie hier oor gewone geloof wat van elkeen van ons as gelowiges gevra word nie. Dit gaan daaroor dat God se Gees aan gelowiges in sekere situasies bonatuurlike geloof gee om God te vertrou om daar wonderbaarlik in te gryp en ’n wonderwerk of ’n genesingswonder te doen.

Die gawes van genesing – Let op dat hier in meervoud na die genesingsgawes verwys word, want daar is meer as een gawe van genesing. God genees mense in hulle gees – waarvan ons praat as “wedergeboorte”. Maar ook in hulle sielsarea – as Hy mense emosioneel bedien, of hulle gedagtes of wilskeuses bonatuurlik verander en genees. Maar dan is daar ook fisiese genesing wat God deur Sy Gees bonatuurlik oombliklik of oor ’n tyd kan doen.

Die krag om wonders te doen – Ons sien hierdie bonatuurlike gawe van die Gees bv. opereer as Jesus water in wyn verander (Joh. 2:1-11) en die brood vermeerder in Joh. 6.

Die gawe van profesie – 1 Kor. 14 handel in geheel oor die belangrikheid van hierdie gawe. Die verse van besondere belang is vers 1,3 en 29 tot 33. Hierdie is die een gawe van die Gees wat ons van God “kan begeer”. Ons kan God dus vra om ons veral in hierdie gawe meer en meer te gebruik in mense se lewens. Die ander belangrike Skrifgedeeltes in die verband is 1 Tess. 5:19 tot 22 en 1 Joh. 4:1 en 2.

Die gawe om tussen die geeste te onderskei – Hier gaan dit oor die bonatuurlike vermoë wat God gee om te kan onderskei wie is in ’n bepaalde situasie aan die werk: is dit God of is dit demonies. Ef. 6:12 is dus van belang.

Die gawe van allerhande tale – Hier gaan dit oor dit waarna ons gewoonlik verwys as ’n “hemelse taal” wat gewoonlik onverstaanbare klanke is wat God se Gees ons bonatuurlik gee om mee te praat. Vgl. 1 Kor. 14:2,4,15 en 18 en Rom. 8:26 in die verband. Soms gee God se Gees op ’n bonatuurlike manier ook aan gelowiges ander bestaande tale wat hulle dan kan praat al het hulle dit nooit êrens self geleer nie. Vgl. in Hand 2 byvoorbeeld. Maar onder hierdie “tale” val ook die gawe wat God se Gees bonatuurlik gee as Hy deur ’n gelowige of twee in die byeenkoms van gelowiges ’n woord in ’n onverstaanbare taal gee. Maar dan sal Hy ook die volgende gawe gee, naamlik die gawe om dit uit te lê. Vgl. 1 Kor. 14:26,27.28 en 39.

Die gawe om dit uit te lê – 1 Kor. 14:13 en 28 is van belang. Vers 25 wys dan wat die bedoeling van God daarmee is in die byeenkoms van gelowiges.

Na bostaande lering, ruim ek gewoonlik tyd in om die gelowiges te leer hoe om mekaar prakties te begin bedien met die gawes.

Gewoonlik doen ek ’n gebed waarin ek net weer vir Jesus, die Doper met die Gees, vra om elkeen toe te rus sodat Hy ons kan gebruik hoe en of Hy ook al wil.

En dan gee ek ’n tyd van stilte, vir elkeen om te hoor of Jesus iets deur jou vir enigiemand hier teenwoordig wil sê.

Ek leer hulle ook om dit, wat by hulle op kom in hulle gedagtes, neer te skryf, sodat as hulle dit net-nou vir iemand gee, hulle dit ook in geskrewe vorm vir daardie persoon kan gee.

Die rede hiervoor is, sodat daardie persone, wat dit dan ontvang, die profesie in ‘n geskrewe vorm het om dit self agterna te kan toets voor God.

(Kyk vir verdere praktiese riglyne oor hoe om ander gelowiges te leer om mekaar te bedien in my boek WAARHEEN MET DIE NUWE WYN, hoofstuk 7).

WEEK 8 Raak stil in God se teenwoordigheid

Ek glo dit is deel van die restourasiewerk van die Heilige Gees binne die Liggaam van Jesus Christus dat Christene wêreldwyd die stem van God ontdek wat op baie meer maniere met hulle praat as wat hulle voorheen geleer en self beleef het.

Soos ’n Samuel vanouds, daar in 1 Sam. 3, moet ons leer om God se stem te herken en te gehoorsaam.

Een van die gedeeltes wat God gebruik het om my te help om prakties te leer om God se verskillende maniere van praat te herken en te onderskei, was Hab. 2:1 en 2.

Kom ons kyk wat staan hier. Mark en Patti Virkler, in hulle boek, COMMUNION WITH GOD, onderskei 4 dinge wat in hierdie verse staan, wat ons kan help om meer effektief te “hoor” wat God sê:

1. Gaan na ’n stil plek en word stil genoeg om God se stem te hoor

2. Leer om God se stem te onderskei

3. Leer om te onderskei as God deur prentjies praat in drome en visioene

4. Skryf neer wat jy hoor en sien

In Rom. 12:1 en 2 staan daar dat God ons verander deur ons by ons gedagtes te begin met die veranderingsproses. Die manier hoe ek dit verstaan is dat toe God ons deur Sy Gees wederbaar het, het Hy ons gees lewend en nuutgemaak. Maar nou moet ons sielsarea en liggaam ook nog verander word, en dit is ’n lewenslange proses (wat ons gewoonlik “heiligmaking” noem).

Ek dink altyd hieraan as ’n soort biblioteek wat hier binne-in elkeen van ons is. Waarin ons vir baie jare, voor ons bekering, duisende stukkies inligting in allerlei lêers gaan stoor het. Tot en met ons bekering, was dit ons enigste naslaanbron van hoe ons moet optree.

Fil. 3:7 e.v. beskryf groot dele daarvan as absolute drek in God se oë!

Maar met ons wedergeboorte en bekering het die Heilige Gees ons nuutgemaak en self in ons kom woon. Om ons voortaan te kom leer hoe om anders te dink, te voel, keuses te maak en ’n nuwe Jesus-lewe te lewe.

Ek sien dit in ’n prentjie, naamlik hoe God gekom het en so ’n nuwe biblioteek langs die oue kom bou het in elkeen van ons se lewens. En in hierdie nuwe biblioteek is daar net een boek, die Bybel, en ’n nuwe Bibliotekaris, naamlik die Heilige Gees.

Wat nou moet gebeur in ons lewens, is dat ons moet leer om elke keer as ons raad soek, na die nuwe biblioteek te hardloop, in plaas van, soos oudergewoonte, na die ou biblioteek.

En dit beleef ons as hierdie innerlike stryd wat daar in ons elkeen is. Dit is werklik asof daar ’n “battle of wits” in ons aan die gang is, Gal. 5:16 tot 25 beskryf dit treffend.

Dit is asof ons hierdie “tier” in ons ontdek, wat elke nou en dan hier uit die kelderverdieping vir mense en vir God “grom” en wil hap. Kyk hoe beskryf Kol. 3:5-17 dit.

Natuurlik is dit eintlik niks anders as ’n stuk “eiesinnigheid” wat in elkeen van ons nog baie lewendig is nie!

Ons lees op ’n klompie plekke in die Bybel hiervan, bv. daar in Num. 20:6-13; 2 Kon. 5:10-14 en 2 Kron. 26:15b-21.

As ons sou toegee aan hierdie stuk eiesinnigheid, kan dit lei tot frustrasie, en later tot bitterheid en uiteindelik tot rebellie.

Maar wat wonderlik is, is om te beleef hoe God aanmekaar met ons praat

Daarvoor gebruik Hy die Bybel, soos Ps. 119:6-9, en 105 sê

Maar ook ’n innerlike vrede wat ons hierbinne beleef as ons doen wat God se wil vir ons is. Kol. 3:15 beskryf dit as ’n soort “innerlike skeidsregter” (wat die spel laat gaan as alles reg is, maar wat sy fluitjie blaas, en so ons vrede “versteur”, om ons na die plek van oortreding terug te roep om weer van vooraf te begin).

Deur geestelike raadgewers en ander gelowiges. Spr. 19:20; 20:18, en 24:6 praat hiervan

Maar dan ook deur die bediening van die gawes, soos profesie

Deur drome en visioene

En deur gebeure.

Lyk vir my, die sleutel tot verandering in ons lewe vra ten minste vir ’n bereidheid en openheid om God se stem te hoor en dan te gehoorsaam wat Hy sou sê.

God wag hiervoor.

Kyk net wat staan in Spr. 3:5 en 6 hieroor.

Een van die praktiese dissiplines wat my gehelp het om tyd hiervoor te maak, is deur doelbewus tyd in my elke dag in te ruim waarin ek myself dissiplineer om stil genoeg te raak om te wag op God se stem.

Ps. 46:10 (NIV) praat hiervan.

Dit is die tyd wat ek opsy sit om God se Woord in die Bybel met verwagting en met ’n deurlopende leesprogram te lees en daaroor te mediteer. Maar ook waarin ek sensitief probeer wees as God dalk op ander maniere ook met my wil praat, soos deur spontane, intuïtiewe gedagtes.

Dit is hier waar dit wat hier in Hab. 2:1 en 2 staan baie help. Jes. 50:4 en die eerste gedeelte van Spr. 2 werp ook baie lig hier op.

Ek skep ’n stil tyd op ’n stil plek in my lewe elke dag waarin ek heeltyd verwag dat God met my gaan praat.

Die maniere hoe ek hierdie tyd vul is bv. deur tyd te maak om God te loof en te prys deur gebed of sang. So help ek myself om te fokus en te onthou Hy is nou hier by my. Sagte geestelike musiek in die agtergrond help ook soms vir my baie (2 Kon. 3:15). En om doelbewus ontspanne te wees (1 Kron. 17:16,17).

In hierdie stil-word-fase probeer ek myself voorstel Jesus is daar by my (Heb. 12:2). Soms stel ek myself voor ek is saam met Hom daar in die troonkamer, waarvan ons lees in Heb. 10:19-23.

Omdat stil-word nie vir my maklik kom nie, help dit ook my, as die Gees van God my bewus maak van blokkasies in my eie hart, om daar voor God "huis skoon te maak" deur dinge te bely en vergiffenis te vra, as die Gees my bewus maak van die noodsaak daarvoor.

In so 'n tyd van stil-word, word ek weer so bewus daarvan dat ek en Jesus, my Verlosser en Here, wat daar by my en in my is, deur die werking van Sy Gees, ook "vriende" is.

Joh. 15:15 praat hiervan.

In hierdie stil-word-tyd bou ek dus doelbewus aan ons vriendskap, wat ook maar soos enige ander vriendskap groei met die tyd en energie wat jy daarin belê. En soos enige ander vriendskap, gaan dit ook deur die verskillende fases van vriendskap, naamlik

Waar ons eers styf en baie formeel met mekaar is, terwyl ons versigtig, baie oppervlakkig, gesels oor dinge soos die weer en die daaglikse gebeure.

Maar soos die vertroue tussen ons groei, begin ons mettertyd gesels oor dit wat ons dink en voel.

En stelselmatig begin dit verdiep na gesels oor dit wat ons frustreer, ons drome en daar waar ons gefouteer het.

So ontwikkel daar dus mettertyd werklike diep, intimiteit. "Een-word" noem Joh. 15:4-8 en Gal. 2:20 dit. Totdat 2 Kor. 3:18 werklik prakties waar word in ons elkeen se lewens.

Volgende keer gesels ons oor hoe ons dieper kan inbeweeg in 'n belewing van God se teenwoordigheid daar by en in ons.

WEEK 9 'n Doelbewuste "inbeweeg" in die Here se teenwoordigheid

Natuurlik is God oral teenwoordig. Maar ons beleef Hom nie altyd as by ons teenwoordig nie. Ek wil nie nou op die redes daarvoor ingaan nie. Wat ek wel in hierdie gedeelte wil doen is om, as deel van ons doelbewuste stil-genoeg-raak-voor-God, vir jou een van die instrumente te wys wat my help om God as by-my-teenwoordig te beleef. Ons wil immers Sy stem hoor, maar ook 'n ontmoeting met Hom hê as 'n lewende God.

Hierdie instrument is die tabernakel van God, waarvan ons in detail oor lees in gedeeltes soos Eksodus 25, 26, 27, en 30 en dan ook in Heb. 9.

Dit is baie belangrik dat jy 'n betroubare voorstelling in die hande moet kry van die tabernakel van Moses as jy wil hê die volgende gedeelte moet vir jou enige sin maak. (In die *Spirit Filled Life Bible* is daar op bl. 120 en 137 goeie sketse hiervan). As jy dit in die hande kan kry, sal jy daarin 'n goeie voorstelling vind oor hoe die tabernakel en die voorwerpe in die tabernakel oorspronklik gelyk het.

'n Belangrike teks oor die betekenis van die tabernakel vir ons as Christene vind ons daar in Heb. 8:5. Heb. 8:5 noem dit 'n afbeelding en 'n skadubeeld van die hemelse heiligdom. Behalwe vir al die heerlike waarhede wat dit inhou, beteken dit vir my ook dat ons in hierdie tabernakel 'n konkrete prentjie het van hoe om in te beweeg in die hemelse heiligdom, met ander woorde in die direkte teenwoordigheid van God.

Wat ek doen om myself te help om iets te beleef van 'n "inbeweeg" in die direkte teenwoordigheid van God, is om daar waar ek stil word in God se teenwoordigheid, die tabernakel vir myself voor te stel en letterlik, soos die Jode van ouds, met die kennis van die Nuwe Testament en geloof in Jesus Christus in my hart, om die tabernakel te loop, dit binne te gaan, van een na die ander voorwerp daarin te stap, die Heilige in te beweeg, en daarna die Allerheiligste. En die wonderlike hiervan is dat ek werklik beleef het dat die Here dit gebruik om met my te praat en dat dit my gehelp het om iets van God se teenwoordigheid te ervaar deur die werking van Sy Gees.

Kom ek verduidelik net wat ek bedoel met die begrip "direkte teenwoordigheid van God", of soms net bloot "teenwoordigheid van God", wat ek gebruik: Omdat God oral op aarde teenwoordig is, is die teenwoordigheid van God waarvan ek hier praat eerder dit wat ek as kind van God beleef daar waar ek doelbewus stil word om te hoor wat die Here wil sê. Daar beleef ek immers God as Vader, op wie se "skoot" ek kan gaan sit om met Hom te gesels.

Daar is soveel wonderlike waarhede wat opgesluit lê in hierdie tabernakel dat ek nie eers gaan poog om volledig te wees in my behandeling daarvan nie. Wat hier volg is eerder net 'n kort opsomming wat jy kan gebruik om van die waarhede raak te vat:

BUITEKANT DIE TABERNAKEL

Stap in jou voorstelling al langs die sesvoet-hoë, spierwit mure van die tabernakel af. Dit is net hoog genoeg sodat die meeste van ons nie kan sien wat binne is nie. En dan is dit boonop wit ook. Wat ons help om na te dink oor God se heiligheid en dat nie sommer enigeen net kan instap by Hom nie.

DIE INGANG

Daar is net een ingang na die tabernakel toe, en dit is aan die oostekant, daar waar die son opkom.

Dit help ons om te verstaan wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het Hy is die "Deur", of die "Enigste Weg na die Vader" (Joh. 10:9; 14:6).

In Ps. 84:12 word God ons Son genoem; in Mal. 4:2 word daar gepraat van "die son van geregtigheid" wat verwys na Jesus; en in Joh. 1 word Jesus as die Lig van die wêreld beskryf. 'n Mens kan sê Hy is die "Son" wat opgekom het in 'n donker wêreld.

Die materiaal-deur van blou, rooi en pers laat ons aan die volgende waarhede dink:

dat God deur Jesus uit die hemel Sy hand na ons uitgesteek het

die bloed van Jesus moes vloei sodat ons met vrymoedigheid kan ingaan in die Heilige God se teenwoordigheid

Hy wat die Koning is van alle konings.

ALTAAR

As jy in die voorhof van die tabernakel staan, is die altaar die eerste voorwerp wat jy sien.

Op hierdie altaar is al die offers geslag en verbrand. Dit herinner ons aan die kruis waaraan die Lam vir ons sondes moes Versoening doen. Al ons ongeregtigheid het op Hom neergekom, die Een sonder gebrek. Sodat God ons 100% kan vergewe en daar nou geen veroordeling meer teen ons is nie.

Soos niemand in die Ou Testamentiese tyd kon inkom in die tabernakel sonder 'n offerdier nie, kan ons ook nie in God se direkte teenwoordigheid ingaan sonder 'n geloofsverhouding met die Lam nie. En daarvoor was die kruis nodig.

Maar wat verder belangrik is om te onthou is dat daardie kruis twee kante het: Aan sy voorkant het Jesus vir ons gehang, maar aan sy agterkant hang elkeen van ons nou. Christen-wees beteken inderwaarheid om so onder die beheer en in diens van Christus te wees met jou lewe, dat jy met vrymoedigheid kan sê dat jyself eintlik nie meer lewe nie, omdat jou eie-ek dood is, gekruisig is (Gal. 2:20), sodat Christus in jou deur Sy Gees kan lewe.

Kan ek jou vra: Hoe dood is jy? As jy nog lewe en hieronder die kruis rondstaan, is jy in God se pad. En verder veroorsaak dit boonop dat ons sukkel om God se stem in ons lewe te hoor.

DIE KOPER WASKOM

Elkeen wat dit waag in die teenwoordigheid van die Here moet skoongewas wees. Soos die priesters van ouds daar hulle hande en selfs hulle voete gewas het – veral as hulle moes inbeweeg in die Heilige in – herinner dit ons aan wat Jesus daar in Joh. 13:10 gesê het, naamlik dat dit vir ons wat in Christus is, net nodig is om ons hande en voete te was.

Die feit dat Jesus ons reeds gewas het met Sy bloed, word gesimboliseer deur die teken van die waterdoop. Na ons doop is al wat nou vir ons nodig is, om soos wat die Heilige Gees ons daagliks oortuig van sondes in ons lewens, ons bereid moet wees om dit te erken en te bely, vergiffenis daarvoor te vra, God se genade daarvoor in die geloof te aanvaar, en dan om te draai en op te hou om dit verder te doen.

Hierdie water herinner ons ook aan dit wat die Gees van God deur die Woord van God in ons lewens doen. Hoe meer ons bereid is om onbevange te luister en te buig voor die Woord, hoe beter kan Hy ons reinig en heilig.

DIE TENT

Kom ons stap nader aan die tabernakel self. Dit is belangrik om te onthou dat die tabernakel inderwaarheid niks anders as ’n reuse tent was nie.

Dit tref my altyd hoe onaantreklik die tent van buite lyk. Dit was immers maar gewone bruin vel aan die buitekant wat dit moes beskerm teen wind en weer.

So baie mense kyk bloot vas teen hierdie onaantreklikheid… soos wat baie mense bloot vasgekyk het teen die gewoon-menswees van Jesus en nie raaksien wie Hy werklik is nie.

Onder hierdie vel is daar nog rooigekleurde ramsvelle, wat ons herinner aan die bloedoffer van Jesus. En dan is daar onder dit bokhaar, wat ons herinner aan die sondebok van destyds. Onder dit was daar dan blou, rooi en pers materiaal met prente van serafs daar op.

DIE HEILIGE

Kom ons stap daarna by die deur van die Heilige in (wat weer soos dié by die ingang lyk).

Onthou net, hier kon net ’n priester vanouds instap. Maar gelukkig is ons mos nou priesters in Christus Jesus, soos 1 Pet. 2:9 en 10 uitspel!

Binne-in die Heilige is daar drie voorwerpe:

Regs staan die tafel oorgetrek met goud, met die twaalf toonbrode daarop. Dink net watter pad moes die koring nie loop om hier te kan lê as brood nie. Eers moet die saad gesaai word, sterf en dan eers kan dit vrug dra. Dan word dit geoes, fyn gemaal deur klipharde klippe tot meel. Dan word dit geneem, gemeng met water en olie, geknie en dan in hitte gebak tot brode. Jesus het Homself die Brood van die lewe genoem (Joh. 6:35). Dié wat van Hom eet sal nooit weer honger kry nie. Kom ons dink daaraan dat die pad van die koring ook die pad is wat die Here met ons loop. Soos die koring moet ons bereid wees om te sterf, gemaal te word deur gebeure en deur mense, bereid wees

om gemeng te word met die water van die lewe, die Woord en die olie van die Gees, geknie te word deur die Gees van God en gebak word deur die hitte van vervolging en beproewing. Eers dan kan iets van die Brood van die lewe ook in ons lewens geproe word.

Links staan die goue kandelaar met sy sewe kleiner kandelare met hulle pitte en die oliebak in die middel, wat die sewe kandelare voed met olie. Hierdie kandelaar brand dag en nag. Dit laat ons dink aan die Heilige Gees wat die wedergeboorte in ons lewens bewerk het. Hy het ons nuwe harte gegee met 5 nuwe sintuie, nuwe oë, ore, verstand, emosies en wil, sodat die Lig van Jesus die donkerte in ons lewens kon verdryf. In Sy lig begin ons die ware boodskap en betekenis van die Woord raaksien. Maar tog het ons ons ook daagliks 'n behoefte om opnuut gevul en aan die brand gehou te word deur die olie van Sy werking in ons lewe. Alleen deur Sy krag en werking in ons lewens, kan ons getuies word, lig word, in hierdie wêreld (Hand. 1:8 en Mat. 5:14).

Die laaste voorwerp in die Heilige is wierookaltaar. Hierdie altaar het reg voor die deurgang na die Allerheiligste gestaan. Dit was heeltemal oorgetrek met goud en twee keer per dag, vroegoggend en met sonsondergang, is wierook daarop gebrand, terwyl die Here geloof en aanbid is. Dit is daarom die gepaste tyd in ons stil-wees in die Here se teenwoordigheid wat ons in lof en aanbidding voor God kan oorgaan, soos Heb. 13:15 ons oproep. (Vergelyk ook Open. 8:3-5). Iemand het gesê dat die tafel en die toonbrode simboliseer Jesus se Heerskap in ons wil. Waar ons kies om gemaal te word, as dit nodig is. Die lamp simboliseer Sy Heerskap daar in ons verstand waar die Gees van God ons verstand verlig het. En dan verteenwoordig die wierookaltaar Christus se Heerskap oor ons emosies.

Ek weet nie hoe gaan dit in jou lewe nie, maar soms met die aanbreek van die nuwe dag, fluktueer so baie gelowiges tussen uitermatige blydskap en die dieptes van depressie. Daarom het ons elkeen so 'n behoefte om weer Christus as 'n realiteit in ons lewe te ervaar, Sy stem te hoor, en deur Hom vertroos te word. Dan het ons moed om weer vas te hou in geloofsvertroue aan Sy beloftes, en kan daar weer balans en perspektief in ons lewe kom.

Die pad daarheen, en die inbeweeg in die Allerheiligste is deur lofprysing, aanbidding en gebed. Om 1 Tess. 5:16-18 te gehoorsaam.

DIE ALLERHEILIGSTE

Hier het die Hoëpriester net een maal per jaar inbeweeg. Maar dit is ook belangrik om te onthou dat met Jesus se dood, het die toegang na hierdie allerheiligste gedeelte van die tabernakel, die voorhangsel van blou, rooi en pers materiaal, van bo na onder middeldeur geskeur is. Want die lewende God het dit met Sy eie twee hande gedoen. Daarom kan ons nou , deur die soendood van Jesus, met vrymoedigheid in die Allerheiligste instap (Heb. 10:19 e.v.).

Dit is hier waar die ark van die verbond, oorgetrek met goud, gestaan het. Binne-in was die twee kliptablette waarop die Tien Gebooie staan, wat God se wil verteenwoordig vir elkeen van Sy kinders. Wat vertel van God se genade wat sondaars kan red uit 'n lewe van slawerny in Egipte en hulle kan inlei in 'n nuwe Kanaän, 'n land van melk en heuning. Waar hulle as nou as Sy heilige mense moet lewe soos Hy dit wil.

In die ark lê ook die staf van Aäron wat begin bloeisels dra het (Num. 17), as ’n aanduiding wie die mense is wat God uitgekies en gesalf met Sy Goddelike salwing. En almal wat hulle destyds nie aanvaar het as God se gesagdraers nie, moes weet hulle is in opstand teen die lewende God self.

Hier lê ook ’n pot met manna, wat getuig van God se bonatuurlike versorging. En dit herinner ons dat elkeen van ons daar in die direkte teenwoordigheid van God deur Hom gevoed word met bonatuurlike voedsel. Omdat Hy ons voed met Sy Woord, Sy krag en genade, kan ons die beproewing en woestyntye in hierdie wêreld met vertroue hanteer, en kan lewende water uit ons na ’n wêreld vol honger en seer daar buite vloei (Joh. 7:37-39).

Die deksel van hierdie ark word die genadetroon van God genoem. Maar ook die versoendeksel waar God self tussen die twee goue gerubs sit - wat bo-op met hulle gesigte na mekaar en met hulle vlerke uitgesprei sit. Daar ontmoet ons die lewende God self, van aangesig tot aangesig. Daar kan ons soos vriende gesels. Soos ’n Vader met sy kind, want God self het mens en God weer met mekaar versoen. Dit het die lewe van God se eie Seun gekos, sodat daar weer ’n intieme, liefdesverhouding tussen die Verbondsgod en ons as Sy verbondsmense in Jesus kan wees.

Mag hierdie omstap, instap en deurstap van die tabernakel ’n instrument wees om jou te help inbeweeg in die direkte teenwoordigheid van die lewende God. Mag dit jou help om stil te raak, sodat jy Sy stem met jou kan hoor praat en jy met Hom kan praat.

‘N HANDLEIDING VIR DIE EET VAN DIE WOORD

’n Handleiding vir groepe gelowige volgelinge van Jesus om saam ’n pad deur die Nuwe Testament te stap.

Inleiding

My boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE, is oorspronklik geskrywe om volgelinge van Jesus stelselmagtig te lei deur die verhaal oor en die gebeure in die vroeg-Christelike gemeentes soos wat die boeke van die Nuwe Testament kronologies geskryf is onder die inspirasie van die Heilige Gees.

Ek het weer so bewus geword van God se hart vir elkeen van ons. Dat Hy ons Sy oorvloedige seën wil laat ervaar vir ons totale lewe, in elke duimbreedte van ons lewe.

Daarom is hierdie jaar die jaar om alleen of saam met ander volgelinge van Jesus 'n gedissiplineerde pad te stap van stilword aan die voete van Jesus, terwyl ons Sy Woord stukkie vir stukkie begin eet en herkou om elke kriesel lewe daarin toe te laat om ons te verander.

Daar wat ek God met my persoonlik hoor praat, ek erns met daardie Woord begin maak en gehoorsaam reageer op daardie Woord verander my lewe stelselmatig.

Daarom vind ons in die Woord dat van die begin van in die vroeg-Christelike gemeentes af, was ’n stilword saam met ander gelowiges rondom die Skrifte deel van kerk-wees, of ekklesia-wees soos ek eerder wil sê.

In my en jou lewe kan hierdie stilword saam met ander gelowiges rondom die Skrif op baie maniere gebeur.

Dit kan daar in die huisgroep of selgroep gebeur, of in ’n Bybelstudiegroep of klein groepie gelowiges wat vir baie spesifieke redes gereeld saamkom.

In hierdie handleiding wil ek daarop fokus hoe my boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE, sulke groepe kan help om die stilword rondom die Nuwe Testament ’n verrykende ervaring in hulle lewens te maak, waarin God hulle lewens kan verander.

Ek wil spesifiek aandag gee aan hoe dit daar in ’n huisgroep/selgroep kan gebeur, maar ook in Bybelstudiegroepe, of in klein groepies van 2 tot maksimum 3 manne, of vroue, of tieners van ’n spesifieke geslag. (Hierdie klein groepies van 2 tot maksimum 3 word Lewenstransformasie-groepe (of afgekort: LTG) genoem).

’n Leesgids vir Nuwe Testament m b v DIE STORIE AGTER DIE STORIE

Kom ek wys jou hoe jy die boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE kan gebruik as leesgids in jou eie stil-word-tyd met die Here of in ’n groep, om dwarsdeur die Nuwe Testament te lees.

Hier onder vind jy ’n kursoriese opsomming van die historiese storielyn (wat maar doodgewoon die historiese verloop van gebeure is) van DIE STORIE AGTER DIE STORIE met die betrokke Skrifgedeeltes waaroor die eintlik gaan.

Deur die storielyn te volg, begin jy by Handelinge 1 en lees jy stelselmatig dwarsdeur die Nuwe Testamentiese boeke en briewe soos wat hulle dan histories verstaan het.

Deur die materiaal in DIE STORIE AGTER DIE STORIE daarmee saam te lees, kry jy geleentheid om jou eie insig oor die agtergrond en gebeure wat daarmee saam gebeur het te verbeter.

Daar is natuurlik baie maniere om die Bybel so te lees, en om te besluit oor watter boeke gelees kan word.

Die metode wat ek dus wil voorstel is om my boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE te neem as “leesgids” en agtergrond vir watter gedeeltes of Bybelboek uit die Nuwe Testament jy volgende gaan lees en bestudeer.

Die groep lees dus stelselmatig die Nuwe Testament deur, boek vir boek, soos wat die Nuwe Testamentiese boeke kronologies oorspronklik verskyn het. Die materiaal in my boek kan dan as agtergrond, saam met die betrokke gedeeltes uit die boek, Handelinge, en saam met daardie betrokke Bybelboek gelees word.

Op die manier lees ’n mens die Nuwe Testament boek vir boek so deur (as hele boeke, of gedeeltes van die Nuwe Testamantiese Bybelboek – soos wat die groep gelei word om te doen).

Daarom gee ek graag hier ’n lys van die Nuwe Testamentiese boeke soos wat hulle kronologies na mekaar verskyn het.

BOEKE VAN NUWE TESTAMENT KRONOLOGIES AGTER MEKAAR

Jesus Christus, as mens gebore – 11 Sept. 3 v.C.
Jesus Christus, gekruisig as mens – 9 Apr. 32 n.C.
Pinksterdag, koms van die Heilige Gees in en op ons – 31 Mei 32 n.C.

BOEK	DATUM	PLEK GESKRYF	AAN WIE
Galasiërs Geskryf deur Paulus	49 n C	Antiochië, Sirië	Die 4 ekklesia in Suid-Galasië
Jakobus Geskryf deur Jakobus	50 n C	Jerusalem	Die verspreide Joodse Christene in Palestina
1 Tess Geskryf deur Paulus	51 n C	Korinte	Die ekklesia in Tessalonika
2 Tess Geskryf deur Paulus	52 n C	Korinte	Die ekklesia in Tessalonika
1 Korintiërs Geskryf deur Paulus	55 n C	Efese	Die ekklesia in Korinte
2 Korintiërs Geskryf deur Paulus	57 n C	Masedonië	Die ekklesia in Korinte
Romeine Geskryf deur Paulus	57 n C	Korinte	Die ekklesia in Rome
Markus Geskryf deur Markus	Laat 50-begin 60’s	Rome	Onseker
Matteus Geskryf deur Matteus	Laat 50-begin 60’s	Antiochië	Jode
Lukas Geskryf deur Lukas	60-61 n C	Rome	Teofilus en nie-Jode (“Gentiles”)
Kolossense	61 n C	Rome	Die ekklesia in Kolosse

Geskryf deur Paulus			
Filemon Geskryf deur Paulus	61 n C	Rome	Filemon van Kolosse
Efesiërs Geskryf deur Paulus	61 n C	Rome	Die ekklesia in Klein-Asië
Filippense Geskryf deur Paulus	62 n C	Rome	Die ekklesia in Filippi
1 Timoteus Geskryf deur Paulus	63 n C	Masedonië	Timoteus in Efese
Handelinge Geskryf deur Lukas	63 n C	Masedonië	Teofilus en nie-Jode ("Gentiles")
Hebreërs Geskryf deur Apollus, Barnabas of Silas	64 n C	Onseker	Die Grieks-sprekende Jode in Rome
Titus Geskryf deur Paulus	65 n C	Masedonië	Titus in Krete
Johannes Geskryf deur Johannes	65 n C	Efese	Onseker
1 Johannes Geskryf deur Johannes	65 n C	Efese	Die ekklesia in Klein-Asië
2 Johannes Geskryf deur Johannes	65 n C	Efese	Die ekklesia in Klein-Asië
3 Johannes Geskryf deur Johannes	65 n C	Efese	Gaius in Klein-Asië
1 Petrus Geskryf deur Petrus	65 n C	Rome	Die ekklesia in die Noordweste van Asië
2 Timoteus Geskryf deur Paulus	67 n C	Rome	Timoteus in Efese
2 Petrus Geskryf deur Petrus	67 n C	Rome	Die ekklesia in die Noordweste van Asië
Judas Geskryf deur Judas	68 n C	Onseker	Die verspreide Joodse Christene in en buite Palestina
Openbaring Geskryf deur Johannes	70 n C	Patmos	Sewe ekklesia in Klein-Asië

Opsomming van DIE STORIE AGTER DIE STORIE –storielyn

Hierdie storielyn kan deur individue en groepe gebruik word as 'n program of 'n metode hoe hulle sistematies die hele Nuwe Testament kan deurlees (met die materiaal wat in die boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE voorkom as agtergrond om insig te verbeter).

Die storie agter die STORIE is eintlik de verhaal oor die gebeure in die vroeg-Christelike gemeentes van 32 n.C. tot ± 70 n.C.

Natuurlik begin hierdie verhaal eintlik met die verhaal oor die lewe van Jesus Christus as Mens op aarde (waaroor die inhoud van die Evangelies handel).

Sy lewe op aarde kan soos volg opgesom word:

Lewe van Jesus Christus as Mens op aarde

- Gebore as Mens – 11 Sept. 3 v.C.

- Openbare bediening van Jesus begin – Okt./Nov. 29 n.C.
- Gekruisig op Golgota – Woensdag, 9 Apr. 32 n.C.
    - Gebeure: 09h00 – Gekruisig
    - 12h00 – Drie ure duisternis begin
    - 15h00 – Sterf
    - Rondom 17h00 word begrawe
- Opstanding uit die dood – Êrens na 18h00 Saterdagaand, 12 Apr. 32 n.C. (verskyn aan mense van vroeg die Sondagoggend af)
- Verskyn vir 40 dae aan meer as 500 mense
- Hemelvaart – 21 Mei 32 n.C. (Hand. 1)
    - Uitstorting van Heilige Gees op Pinksterdag – 29/30 Mei 32 n.C. (Geboortedag van Ekklesia/Kerk van Jesus Christus)

(In DIE STORIE AGTER DIE STORIE word kortliks hierna verwys in **Dag 1 tot 7)**

In ’n sin kan ’n mens alles wat hierna gebeur, beskryf as die Lewe van Jesus Christus in en deur Sy Liggaam, die Ekklesia of Kerk, hier op aarde deur die werking en inwoning van die Heilige Gees.

Hiervan vertel die boek Handelinge ons van die gebeure van die hemelvaart af en verder en praat Jesus self met Sy ekklesia verder deur die res van die boeke van die Nuwe Testament.

Daarom sal ek vir enige volgeling van Jesus wat hierdie hele verhaal kronologies wil lees, wil aanbeveel om te begin by die boek Handelinge en stelselmatig dit deur te lees.

Soos wat ek in die boek DIE STORIE AGTER DIE STORIE vertel, kan jy dan telkens die boek in die Nuwe Testament wat op daardie spesifieke tydstip geskryf is, deurlees voordat jy verder gaan met die res van die verhaal.

Die verloop van die gebeure was soos volg (en elke keer sit ek die betrokke Skrifgedeeltes kortliks by, asook die betrokke dagstukkie/-s uit DIE STORIE AGTER DIE STORIE wat as agtergrond bygelees kan word (as jy wil).

Die fokus moet egter heeltyd op die lees van die Bybel as Woord van God bly. (DIE STORIE AGTER DIE STORIE is net bedoel as ’n hulpmiddel).

Lewe van Jesus Christus in Sy Liggaam, die Ekklesia, op aarde deur die werking en inwoning van die Gees

- Gemeente in Jerusalem – van 32 tot 36 n.C. (Hand. 2 tot 5:42 – gemeente groei tot ± 10 000 volgelinge van Jesus) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 8 - 13

- Gemeente in Jerusalem – van 36 tot ± 37 n.C. (Hand. 6 tot 8:4) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 9 -17
- Gemeentes in Judea, Galilea en Samaria – van 37 n.C. (Hand. 8:4 tot 9:31) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 18 - 25

- Bekering van Paulus en lansering in sy bediening - 37 tot ± 40 n.C. (Hand. 9:1-30; Gal. 1:11-18; Hand. 22:17-21) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 20 - 25
- Gebeure in Sesarea – 40 tot 41 n.C. (Hand. 10:1-11:18) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 26 - 28
- Gemeente in Antiogië in Sirië (± 480 km van Jerusalem af en die poort na die Grieks-Romeinse wêreld) – 41 tot 42 n.C. (Hand. 11:19-30) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 29 - 30

- Gebeure in Jerusalem – 42 tot 44 n.C. (Hand. 12:1-25) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 31
- Heilige Gees lanseer verdere groei uit Antiogië – 47 n.C. (Hand. 13:1-4; Mat. 28:19-20; Ef. 4:11-16) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 32 -33
- Koninkryk van God op eiland Siprus – 47 n.C. (Hand. 13:4-12) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE: Dag 34

- Koninkryk van God in Antiogië in Pisidië – vier maande in 47 n.C. (Hand. 13:13-50; 2 Kor. 11:26,27; 2 Kor. 5:14,15) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 35 - 36
- Koninkryk van God in Ikonium – 4 maande tydens 47 tot 48 n.C. (Hand. 14:1-20; 2 Kor. 11:24-31; Gal. 6:17; Luk.10:1-24; 2 Tim. 3:10-11) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 37 - 39
- Koninkryk kom in Derbe – 4 maande in 48 n.C. (Hand. 14:20-21) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 40

- Bediening van gelowiges in Listra, Ikonium en Antiogië in Pisidië – kies eerste keer ouderlinge om daar te dien (Hand. 14:21-23; 1 Kor. 14:26; Ef. 4:13-16) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 41
- Terug na die missionêre gemeente, Antiogië in Sirië – bly 2 jaar daar, in 48-49 n.C. (Hand. 14:24-28; 1 Tim. 2:3-6a) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 42
- Vergadering in Jerusalem – 49 n.C. (Hand. 15:1-29) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 43 - 44

- Paulus skryf onder inspirasie van Gees **Galasiërs** – 49 n.C. Hand. 14:24-28; Gal. 1-6 – Christus het in totaliteit OT-wetgewing "vervul" (Gal. 3:23-29) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 45 - 46

- Een van leiers in Jerusalem, Jakobus, skryf brief, **Jakobus** – 50 n.C. (Jak. 1-5) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 47

- Span verdeel en tweede apostoliese reis begin – 50-52 n.C (Hand. 15:36 e.v.; Rom. 8:28)

    - Barnabas en Markus na Siprus – Barnabas sterf daar terwille van Ev. - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 48

- Tweede apostoliese reis van 4500 km (2000 km op see en 2500 km op land) – 50-52 n.C. – na Griekeland en plant daar 4 ekklesia in Filippi, Tessalonika, Berea en Korinte (Hand. 15:36-41; 16:1-18:23) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 48 – 56, 59

- In Korinte skryf Paulus **1 en 2 Tess.** – 51-52 n.C. (Hand. 18:1 e.v; 1 en 2 Tess.) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 57 – 58, 67 - 68

- Derde apostoliese reis – van 54 n.C. af tot Lente, 58 n.C. (Hand. 18:23b tot 21:16) – Dag 63 - 66, 69 -72, 77 - 82

- Paulus skryf brief, **1 Korintiërs**, in Efese – 55 n.C. (Hand. 19; 1 Kor. 1 tot 16) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 60 – 62, 73 - 76

- Paulus skryf brief, **2 Korintiërs**, in 57 n.C. vanuit Korinte (Hand. 20:2,3; 2 Kor. 1-13) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 83 - 87

- Paulus skryf brief, **Romeine**, in 57 n.C. vanuit Korinte in huis van Gaius Titus Justus (Hand. 20:2,3; Rom. 1 tot 16) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 88 - 95

- Paulus gaan Jerusalem toe om geld te gaan afgee, maar word gevange geneem – 58 n.C. (Hand. 21:17 e.v.) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 96 - 97

- Word Sesarea toe gestuur waar meer as 2 jaar onder huisarres was (Hand. 21-26:32) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 98 - 103

- Paulus word Rome toe gestuur as gevangene – 60 tot 62 n.C. (Hand. 27:1 e.v.)

    - Spandeer winter, 60-61 n.C. op eiland, Malta (Hand. 28:1-10) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE: Dag 104 – 105

    - Bly vir 2 jaar geboei as gevangene aan Romeinse soldaat "op sy eie" (Hand. 28:16-31) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 106 - 107

- Vanuit die tronk moedig Paulus die volgende skrywers aan om die Evangelie van Jesus Christus te skrywe (Hand. 28:31):
    - **Markus** - Laat 50's-60 n.C. – vanuit Rome (Mrk. 1-16) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 108
    - **Matteus** - Laat 50's-60 n.C – vanuit Antiogië (Mat. 1-28) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 109
    - **Lukas** – 60-61 n.C. – vanuit Rome (Luk. 1–24) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 110

- Paulus self skryf brief, **Kolossense** – 61 n.C (Kol. 1-4) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 111 - 112
- Skryf brief, **Filemon** – 61 n.C. (Filem. 1) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 113
- Skryf brief, **Efesiërs** – 61 n.C. (Ef. 1-6) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 114 - 116
- Skryf **Filippense** – Lente 62 n.C. (Fil. 1-4) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 117
- Jakobus word sonder verhoor in Jerusalem met die dood gestraf - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 118

- Paulus word einde 62 n.C. losgelaat weens gebrek aan getuienis
- Skryf **1 Timoteus** (63 n.C.) (1 Tim. 1-6) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 119 - 121
- Lukas skryf **Handelinge** – 63 n.C. in Masedonië (Hand. 1 tot 28) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 122
- Op 19 tot 28 Julie 64 n.C. verwoes 'n brand feitlik Rome geheel en al - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 123
- Keiser Nero kies einde Julie 64 n.C. om Christene te blameer en te laat vervolg
- Boek, **Hebreërs**, verskyn in 64 n.C. (Heb. 1-13) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 124 - 128
- Paulus skryf **Titus** in 65 n.C. in Masedonië (Tit. 1-3) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 129
- **Johannes** skryf sy Evangelie – in 65 n.C. tydens verblyf in Efese (Joh. 1 – 21) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 130 - 131

- Johannes skryf **1 Johannes** in 65 n.C. aan die Christene in Efese (1 Joh. 1 – 5) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 132
- Johannes skryf **2 Johannes** in 65 n.C. (2 Joh. 1) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 133
- Johannes skryf **3 Johannes** in 65 n.C. (3 Joh. 1) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 134
- Petrus bemoedig die Christene in die Noord-weste van Klein-Asië met sy brief, **1 Petrus**, in 65 n.C. (1 Pet. 1 – 5) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 135 - 136

- Paulus word weer gevange geneem in laat 65 n.C. en in Rome bewaak
- Hy skryf **2 Timoteus** in 67 n.C. vanuit Rome (2 Tim. 1-4) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 137 - 138
- Petrus skryf **2 Petrus** in 67 n.C. uit Rome (2 Pet. 1-5) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 139 - 140
- Paulus word op 27 Junie 67 n.C. onthoof in Rome - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 140

- 9 Junie 68 n.C. Pleeg keiser Nero selfmoord
- Judas skryf sy brief**, Judas**, teen valse leringe – 68 n.C. (Judas 1) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 141
- Keiser Domitianus verban Johannes na Patmos waar hy werk in die steenkoolmyne – 70 n.C.
- Daar skryf Johannes profesieë neer wat God aan hom openbaar, in boek, **Openbaring,** in ± 70 n.C. (Op. 1-21) - DIE STORIE AGTER DIE STORIE : Dag 142 - 175

’n “Ontdek God”-byeekoms

Vervolgens wil ek kortliks gesels oor hoe ek glo gelowiges op ’n Bybelse manier kan saamkom in die teenwoordigheid van ons lewende Verlosser en Here, Jesus Christus.

Ek het ontdek en glo van harte dat enige byeenkoms van Jesus net sinvol kan wees as dit uiteindelik oor hierdie ontdekking en belewing van Jesus-in-ons en Jesus-wat-tussen-ons-besig-is gaan.

Daar waar mense die teenwoordigheid beleef van ’n lewende Jesus Christus, wat self met hulle praat en met hulle besig is, en wat deur hulle werk in ander se lewens, daar beleef ons “ekklesia” of “kerk-wees” soos God dit wil.

Dit is wat elke keer ons gebed en oogmerk moet wees as ons op enige manier saam kom as gelowige volgelinge van Jesus.

Ek glo verder dat daar maniere en maniere is om dit te fasiliteer om te gebeur onder die leiding van God se Gees.

Uit eie ervaring saam met gelowiges het ek en my gesin die volgende manier ontdek wat ons gehelp het om iets hiervan prakties te ontdek en te beleef. Dit het werklik ons lewens verander en maak dit elke keer vir ons ’n opwindende ding om saam te kom met gelowiges, of dit nou in ’n saamwees saam met twee ander gelowiges is, en of dit in ’n saam-wees met duisende ander gelowiges is.

Nie dat ek daarmee sê dit is die enigste en al-laaste antwoord in die verband nie. Ten minste weet ek uit ervaring dit werk, en dit skep ruimte vir wat die Bybel ons leer wat in die samekoms van gelowiges moet gebeur.

Hier is hoe ons geleer het om dit te doen.

Hoe lyk so ’n byeenkoms?

Lyk vir my ten minste 3 dinge moet gebeur as gelowiges byeen is in die Naam en teenwoordigheid van ’n lewende Jesus Christus:

- 1 Kor. 14:25 – Mense moet ervaar: "Waarlik, God is hier by julle!"
- Mat. 28:19-20 – Ons moet getuies teenoor mekaar wees van Jesus
- En iets belewe van ’n Jesus wat belowe het: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld toe…

As dit dan ons bedoeling is waar ons as gelowiges saam kom, glo ek dit kan gebeur waar ons die volgende dinge doen in daardie byeenkoms:

11. Sê Dankie – deur lofprysing, aanbidding en gebed

Vra: Wat het die afgelope week in jou en julle gesin se lewens gebeur waarvoor jy wil dankie sê?

Laat tyd toe vir lofprysing, aanbidding, gebed en getuienis

12. Terugvoer oor verlede week se Woord

Vra: Waaroor het ons verlede week gesels? (Hou mekaar verantwoordbaar)

Vra: Het enigiets in jou lewe verander as gevolg van verlede week se Woord? (Toets vir gehoorsaamheid)

Het jy ’n kans gekry om iets daarvan met iemand te kon deel hierdie week?

13. Lees die Skrifgedeelte van die week

Vra: Kom ons kyk wat God hierdie week deur Sy Woord vir ons wil sê. Sal iemand vir ons die gedeelte lees.

14. Vertel dit vir mekaar oor in jou eie woorde

Vra: Sal jy dit vir ons in jou eie woorde oorvertel, soos wat jy dit vir ’n vriend agterna sou vertel?

Vra: Stem julle saam dat dit die inhoud goed saamvat of is daar iets wat jy wil byvoeg? (As die groep iets belangriks nie raakgelees het nie of iets sê wat nie in die gedeelte staan nie, laat hulle dit weer deurlees). (Die Skrif bly ons finale toets vir waarheid – korrigeer mekaar op grond van wat daarin staan – in die verband en in die Skrif as geheel).

15. Oor God

Vra: Wat leer ons in hierdie gedeelte oor God? (Ontdek God. Ontdek dat Hy lewe. Ontdek dat Hy met ons praat)

16. Oor die mens

Wat leer ons in hierdie gedeelte oor die mens? (Ontdek verder)

17. Enige verandering wat nodig is?

Vra: As ons glo God het self met ons deur hierdie Skrifgedeelte gepraat, hoe moet ons verander in die lig daarvan? (Ontdek verder. Toets mekaar se gehoorsaamheid. Hou mekaar verantwoordbaar).

18. Vertel dit vir iemand anders

Vra: Is daar iemand spesifiek met wie jy voel om dit wat jy vandag ontdek het, te deel? (Getuienis)

19. Tyd vir Bediening van mekaar en ander se behoeftes

Vra: Wat het jou gespanne gemaak hierdie week? Wat het jy nodig vir dinge om beter te gaan?

Vra: Verskeie behoeftes is verlede week geïdentifiseer, waaroor ons gebid en mekaar bedien het. Het iemand iets om in die verband te vertel? (Hou mekaar verantwoordbaar en gee God nodig eer)

Vra: Watter behoeftes is daar rondom jou?

Vra: Hoe kan ons andersins help met behoeftes wat lede in ons groep uitgespreek het?

Bid en bedien dan mekaar hieroor.

20. Wanneer weer? En Totsiens tot ons weer sien!

Vra: Wanneer en waar kom ons volgende keer bymekaar? (Gee altyd mense ’n opsie om bymekaar te kom.

Soms gee ek tydens die byeenkoms, wanneer ons gesprek rondom die Woord begin, ’n vorm uit wat mense kan help om te hoor wat Jesus tussen ons, vir elkeen wil sê.

Kom ek vertel jou vinnig wat op hierdie vorm staan sodat jy jou eie weergawe daarvan vir jou grope kan skep as jy wil.

(Onthou, jy het enige tyd die reg om van enige van hierdie materiaal in hierdie handleiding kopieë te maak om vir ander gelowiges betrokke te kan uitdeel.)

My vorm is gewoonlik ’n A4 -bladsy wat horisontaal gedraai word met die opskrif:ONTDEK GOD.

Dan verdeel ek die res van die bladsy in 3 vertikale kolomme met die volgende as opskrif vir elke onderskeie kolom:

Kolom 1 – DIE BYBEL SÊ

Kolom 2 – EK HOOR GOD SÊ

Kolom 3 – DAAROM KIES EK OM…

Kom ons eet die Woord …

Of dit nou ’n byeenkoms soos hierbo beskryf, gebeur, of in ’n Bybelstudiegroep van die een of ander aard, of in ’n LTG, die fokus moet daarop wees om te hoor hoe God met ons praat.

Natuurlik kan ’n mens hierdie “eet die Woord”-gedeelte saam met ander gelowiges begin daar waar jy alleen tuis elke dag stilword aan die voete van Jesus en besig is met die Bybel.

Die meeste van ons as volgelinge van Jesus het al die waarde ontdek daarvan om gedissiplineerd ’n tyd van stilword met Jesus in ons program van elke dag in te bou. En die oogmerk van hierdie stilword is ook om na Sy stem te luister.

Dit is natuurlik ook die oogmerk wanneer ’n groep gelowiges stil word rondom Sy Woord.

Een van die wonderlike stukkies gereedskap wat die Liggaam van Jesus oor die wêreld ontdek het, is die ou-ou-Bybelse model van “waar twee of drie saam is in die Naam van Jesus”.

Neil Cole praat van “Life Transformation Groups”.

Wat niks anders is as twee of drie volgelinge van Jesus wat gedissiplineerd week na week by mekaar kom in die teenwoordigheid van Jesus, met die Woord van God in hulle hande, en waar hulle dan saam Jesus vertrou om hulle hele lewe stelsmatig te verander.

Rom. 12:2 vertel vir ons hoe God ons lewe verander.

“Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”

God verander ons lewe daar waar ons Hom toelaat om deur Sy Woord en Gees ons manier van dink oor dinge te verander. Lyk vir my dit gebeur waar ons God toelaat om met ons te praat.

God praat op baie maniere met ons, maar van die belangrikste maniere hoe Hy met ons praat, wat hier relevant is, is ...

- Deur Sy Woord, die Bybel
- Deur die gawes van die Gees, soos profesie, ’n woord van lering, ’n woord van wysheid, ’n woord van kennis, onderskeiding van gees, en die gawes van genesing wat werk daar waar ek oop is vir die bediening van die Gees deur ander gelowiges rondom my
- Deur Sy Gees wat hier binne-in my liggaam woon en werk, deur wie Jesus ook met my praat, sy dit deur Sy eie stem of selfs deur gevoelens en sekere ervaringe sou wees.

In my besigwees met die toerusting van God se mense met die oog op hulle bediening van elke dag daar waar God vir elkeen van hulle ’n verhoog en ’n plek van outoriteit gegee het, waar hulle vertrou word deur mense, het ek agtergekom hoe baie gelowiges nie altyd weet hoe om die Bybel sinvol en gedissiplineerd te lees en te bestudeer nie.

Dit was dan ook een van die redes waarom ek die boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE, geskryf het oor die verhaal van die vroeg-Christelike gemeentes soos wat dit verweef is in die storie van die res van die Nuwe Testament.

Dan wou ek ook in hierdie boek ’n soort Bybelhandboek skep wat gelowiges help om die hele Nuwe Testament met al sy boeke en briewe sinvol deur te lees, terwyl hulle heeltyd bewus is van waar presies dit inpas in die groter verhaal van die Nuwe Testament, en spesifiek die verhaal volgens die boek, Handelinge.

Wat ek dan gewoonlik vir groepe gelowiges aanbeveel wat die Nuwe Testament sistematies wil deurwerk, is om dit te doen aan die hand van hierdie boek van my, DIE STORIE AGTER DIE STORIE.

Hulle kan self bepaal hoe vinnig of of hoe stadig hulle die boek wil deurwerk.

’n Goeie metode, na my oordeel, sou wees om te besluit om die verskillende boeke en briewe van die Nuwe Testament, een na die ander, deur te lees en te bespreek, soos wat die boeke en briewe van die Nuwe Testament kronologies histories geskryf is.

Ek gee in die boek self, en ook ’n entjie verder in hierdie skrywe van my, net weer ’n lys van hoe die verskillende boeke en briewe van die Nuwe Testament verskyn het.

Wat ek meen baie belangrik is wanneer groepe gelowiges die Bybel, en spesifiek die Nuwe Testament, deurwerk, is om elke week vooraf, voor die groepbespreking van die materiaal, elkeen persoonlik daardie boek of brief in die Nuwe Testament behoorlik en herhaaldelik deur te lees by die huis gedurende jou persoonlike stil-word-tyd met die Here.

Ons moet leer om die Woord te eet.

Na baie jare van ervaring in my eie lewe, en luister na ander gelowiges oor die wêreld se ervaringe in die verband, lyk dit vir my ’n uitstekende metode om te probeer om ten minste elke dag 3 hoofstukke van die Bybel te lees.

Let op: te lees en nie te bestudeer nie. Dit gaan in hierdie metode nie daaroor dat jy hierdie 3 hoofstukke wat jy gelees het, na die lees daarvan of selfs tydens die lees daarvan, deeglik, woord-vir-woord moet probeer verklaar en bestudeer nie.

Nee, die oogmerk van hierdie metode is net om jouself te help om betrokke gedeeltes van die Bybel, en hier spesifiek die Nuwe Testament, in sy konteks deur te lees en te leer ken.

Baie gelowiges skrik groot as hulle hoor jy stel voor dat hulle 3 hoofstukke van die Bybel elke dag van hulle lewe moet lees, want hulle is gewoond daaraan om net so 5 tot 10 verse per dag te lees, en dit dan stukkie vir stukkie te bestudeer en te probeer interpreteer.

Daar is natuurlik niks fout met hierdie metode nie, en dit is ’n baie legitieme manier van die Bybel bestudeer.

Ek persoonlik meen egter dat dit baie keer van groot waarde vir die meeste gelowiges kan wees om ’n slag groter gedeeltes van die Bybel te lees en spesifiek in die oorspronklike konteks waarin God dit deur Sy Gees geïnspireerd laat neerskryf het.

Kan jy dink wat kan gebeur as jy bv. die brief van Paulus aan die Galasiërs, wat 6 hoofstukke lank is, in 2 dae se tyd deurlees, en in ’n week se tyd, ten minste 3 keer as geheel deurlees, voordat julle dit in die volgende week as gelowiges saam bespreek en bebid aan die voete van Jesus!

Jy gaan heelwaarskynlik beleef wat die meeste van ons beleef as ons dit doen, naamlik dat ons vir die eerste keer werklik die boek, Galasiërs werklik verstaan!

Lewenstransformasie-groepe (afgekort: LTG)

In dele van die Liggaam van Jesus oor die wêreld is LTG ’n stuk gereedskap wat op grondvlak, tussen gewone gelowige volgelinge van Jesus, derduisende mense se lewens stelselmagtig deur God se genade verander.

Deur gedissiplineer die essensiële dinge te doen wat deel vorm van bediening van mekaar soos die Bybel ons leer, word geestelike groei gestimuleer tussen gewone gelowiges sonder die nodigheid van spesiale opleiding of die gedurige teenwoordigheid van opgeleide leiers tussen hulle.

So ’n groep bestaan meestal uit twee of drie gelowiges, almal van dieselfde geslag, wat weekliks byeenkom om in alle areas van hulle geestelike lewe en groei oop te wees vir die inspraak van Jesus in hulle lewens deur mede-gelowiges in daardie groep.

In hierdie groep ondersteun en motiveer hulle mekaar om steeds verder te groei in hulle verhouding met Jesus. En in die proses leer hulle hoe om dissipels van Jesus te wees daar waar God hulle ’n verhoog gegee het.

In die meeste dele van die wêreld is gevind dat sulke groepe nie toegelaat moet word om onbeheers groter te word as drie persone nie, maar eerder te verdeel in twee groepe van twee sodra daar ’n ekstra lid permanent bygekom het.

As ’n vierde persoon dus bykom, moet die groep hulleself as “swanger” beskou, wat gereed is om geboorte te gee aan ’n potensiële nuwe groep. Nadat die vierde persoon gedemonstreer het dat hy/sy getrou die groep bywoon, kan die groep verdeel in twee groepe van twee elk.

Daar is geen leerplan of opleiding nodig vir so ’n LTG nie. Al wat nodig is, is ’n boekmerk in elkeen se Bybel by die spesifieke gedeelte waar hulle besig is om die Bybel saam te lees en te bestudeer.

Die eenvoudige metode wat in so ’n LTG gevolg word, is die basiese ABC-dinge wat ons reeds in die vroeg-Christelike gemeentes gekry het waar gelowiges byeengekom het, naamlik om gedissiplineerd saam die Skrif te “eet”, hulle sondes teenoor mekaar te bely en saam te bid vir ander mense wat Christus Jesus nodig het.

Kom ons kyk kortliks na hierdie drie dinge wat tussen hulle moet plaasvind as hulle byeen is:

1. **Getuig teenoor mekaar en bely julle sondes teenoor mekaar**

Dit is belangrik dat gelowiges geleentheid kry daar waar hulle saam is om teenoor mekaar te getuig oor wat Jesus doen en sê in hulle lewens.

’n Belangrike deel van hierdie proses is om ook te bely en te getuig oor die dinge en tye gedurende die afgelope week waar hHy jou bewus gemaak het van sondes en skadelike dinge in jou lewe.

Jak. 5:16 sê: “Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking.”

Daarom begin elke byeenkoms met ’n geleentheid waar gelowiges in die groep geleentheid kry om die volgende vrae vir mekaar te lees en dan vir elkeen geleentheid te gee om so eerlik moontlik daarop te antwoord:

- Het jy iets om ons te vertel oor wat jy hierdie week beleef het oor God se grootheid of Jesus as ’n wonderlike realiteit in jou lewe?
- Het jy hierdie week die gedeeltes in die Bybel gelees wat ons laas afgespreek het, en wat het die Here vir jou gesê daardeur? Het die Woord daad geword in jou lewe die week?
- Was jy hierdie week liefdevol en geduldig in jou huwelik, en teenoor die res van jou gesin en geliefdes?
- Het jy deur jou woorde die week iemand seergemaak of agteraf kwaad gepraat oor iemand?
- Was daar iemand in jou lewe die week vir wie jy nogsteeds kwaad is, of wil terugkry?

- Het jy hierdie week eerlik en met integriteit besigheid gedoen en geld en goed as ’n goeie rentmeester van God gehanteer?
- Het jy die week toegegee aan ’n gewoonte of gewoontes wat jy weet skadelik vir jou is?
- Het jy jou dalk die week aan pornografiese materiaal of ’n gevaarlike situasie blootgestel wat die vyand geleentheid gegee het om jou seksueel uit te lok om te sondig in gedagtes, woorde en selfs dade?
- Was jy werklik heeltemal eerlik en openlik in alles wat jy in die verband vir ons gesê het?

2. Blootstel aan die krag van God se Woord

Heb. 4:12 sê in die verband: “Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.”

2 Tim. 3:15 tot 17 sê: “... jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.”

Die veranderende krag in die LTG is waar ons mekaar blootstel aan die krag van God se Woord.

Prakties gebeur dit waar die groep besluit watter boek in die Bybel, of gedeelte van ’n boek in die Bybel, hulle wil lees en bestudeer in die groep, totdat hulle voel hulle kan aangaan na die volgende boek of gedeelte.

Deur die week, voor die volgende byeenkoms, moet elkeen 21 hoofstukke uit die Bybel (ten minste 3 hoofstukke per dag) lees. Daardie 21 hoofstukke is dan die Bybelboek of gedeelte van ’n Bybelboek wat hulle deur die week moet lees en selfs oor en oor moet lees tot die volgende week se byeenkoms.

Daar is natuurlik baie maniere om die Bybel so te lees, en om te besluit oor watter boeke gelees kan word.

Die metode wat ek wil voorstel is om my boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE te neem as “leesgids” vir watter gedeeltes of Bybelboek uit die Nuwe Testament ons volgende gaan lees en bestudeer.

Die groep lees dus stelselmatig die Nuwe Testament deur, boek vir boek, soos wat die Nuwe Testamentiese boeke kronologies oorspronklik verskyn het. Die materiaal in my boek kan dan as agtergrond, saam mte die betrokke gedeeltes uit die boek, Handelinge, saam met daardie betrokke Bybelboek gelees word.

Op die manier gaan die Nuwe Testament boek vir boek so deur gelees en bestudeer word (as hele boeke, of gedeeltes van die Nuwe Testamantiese Bybelboek – soos wat die groep gelei word om te doen).

Daarom gee ek graag hier ’n lys van die Nuwe Testamentiese boeke soos wat hulle kronologies na mekaar verskyn het.

BOEKE VAN NUWE TESTAMENT KRONOLOGIES AGTER MEKAAR

Jesus Christus, as mens gebore – 11 Sept. 3 v.C.
Jesus Christus, gekruisig as mens – 9 Apr. 32 n.C.
Pinksterdag, koms van die Heilige Gees in en op ons – 31 Mei 32 n.C.

BOEK	DATUM	PLEK GESKRYF	AAN WIE
Galasiërs Geskryf deur Paulus	49 n C	Antiochië, Sirië	Die 4 ekklesia in Suid-Galasië
Jakobus Geskryf deur Jakobus	50 n C	Jerusalem	Die verspreide Joodse Christene in Palestina
1 Tess Geskryf deur Paulus	51 n C	Korinte	Die ekklesia in Tessalonika
2 Tess Geskryf deur Paulus	52 n C	Korinte	Die ekklesia in Tessalonika
1 Korintiërs Geskryf deur Paulus	55 n C	Efese	Die ekklesia in Korinte
2 Korintiërs Geskryf deur Paulus	57 n C	Masedonië	Die ekklesia in Korinte
Romeine Geskryf deur Paulus	57 n C	Korinte	Die ekklesia in Rome
Markus Geskryf deur Markus	Laat 50-begin 60's	Rome	Onseker
Matteus Geskryf deur Matteus	Laat 50-begin 60's	Antiochië	Jode
Lukas Geskryf deur Lukas	60-61 n C	Rome	Teofilus en nie-Jode ("Gentiles")
Kolossense Geskryf deur Paulus	61 n C	Rome	Die ekklesia in Kolosse
Filemon Geskryf deur Paulus	61 n C	Rome	Filemon van Kolosse
Efesiërs Geskryf deur Paulus	61 n C	Rome	Die ekklesia in Klein-Asië
Filippense Geskryf deur Paulus	62 n C	Rome	Die ekklesia in Filippi
1 Timoteus Geskryf deur Paulus	63 n C	Masedonië	Timoteus in Efese
Handelinge Geskryf deur Lukas	63 n C	Masedonië	Teofilus en nie-Jode ("Gentiles")
Hebreërs Geskryf deur Apollus, Barnabas of Silas	64 n C	Onseker	Die Grieks-sprekende Jode in Rome
Titus Geskryf deur Paulus	65 n C	Masedonië	Titus in Krete
Johannes Geskryf deur Johannes	65 n C	Efese	Onseker
1 Johannes Geskryf deur Johannes	65 n C	Efese	Die ekklesia in Klein-Asië
2 Johannes Geskryf deur Johannes	65 n C	Efese	Die ekklesia in Klein-Asië
3 Johannes Geskryf deur Johannes	65 n C	Efese	Gaius in Klein-Asië
1 Petrus Geskryf deur Petrus	65 n C	Rome	Die ekklesia in die Noordweste van Asië
2 Timoteus Geskryf deur Paulus	67 n C	Rome	Timoteus in Efese
2 Petrus Geskryf deur Petrus	67 n C	Rome	Die ekklesia in die Noordweste van Asië
Judas Geskryf deur Judas	68 n C	Onseker	Die verspreide Joodse Christene in en buite Palestina
Openbaring Geskryf deur Johannes	70 n C	Patmos	Sewe ekklesia in Klein-Asië

Dit is belangrik om op te merk dat daar geen vaste patroon is wat in so ’n LTG gevolg hoef te word nie. Selfs my voorstel om my boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE te gebruik, is maar net nog ’n voorstel op die tafel vir sulke groepe wat besig is om hieroor te besluit en te bid.

Verder is dit belangrik om te verstaan dat selfs die aantal hoofstukke wat gedurende die week gelees moet word, nie bedoel is om ’n straf of verpligting te wees nie. Niemand gaan gestraf word as hulle dit nie doen nie. Dit is net ’n stuk dissipline wat ingebou word om gelowiges gedissiplineerd bloot te stel aan die krag en impak van God se Woord.

So ’n LTG is ’n groepie gelowiges wat saam ’n geestelike pad van groei stap. Daarom lees ons ook saam dieselfde hoofstukke deur die week deur om ’n volgende keer daaroor te gesels, totdat ons almal voel ons kan verder stap na ’n volgende Bybelboek of Bybelgedeelte.

3. Hier word in geloof saam gebid vir die redding en totale verlossing van mense

Ons basiese Bybelopdrag bly dit wat Jesus vir ons elkeen as opdrag gegee het daar in Mat. 28:19 en 20 en Hand. 1:8.

“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”

En: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Daarom bly hierdie opdrag ’n verantwoordelikheid wat niemand van ons kan ontduik nie en waarvoor ons in die LTG doelbewus en gedissiplineerd ruimte gee.

Daarom bestaan die laaste deel van so ’n byeenkoms uit ’n saam-gesels en saam-bid vir persone in ons onderskeie vriende- en werkskringe wat nie die Here Jesus ken as Persoonlike Verlosser en Here nie, of wat êrens langs hulle lewenspad afgedwaal en verstrik geraak het in allerlei sondes en gewoontes.

Hier is ’n klompie maniere om vir hierdie mense dan te bid in die groep:

Here, ek bid dat U ..... na Uself sal trek (Joh. 6:44)

Ek bid dat ..... sal begin om U te soek (Hand. 17:27)

Ek bid dat ..... U sal hoor praat met hom/haar, sy dit deur U Woord of deur iemand anders se getuienis is (1 Tess. 2:13)

Ek bid dat U Satan sal verhoed om ..... blind te maak vir die waarheid (2 Kor. 4:4; 2 Tim. 2:25-26)

Heilige Gees, ek bid dat U ..... self sal oortuig van sy/haar sondes en ’n honger en dors in hom/haar sal skep vir Jesus en Sy verlossing.

Here, ek bid dat U vir my of iemand anders geleenthede sal skep om teenoor ..... te getuig. Maak ons bewus en sensitief vir U stem in die verband. (Luk. 10)

Here, gee vir my en elkeen hier ’n nuwe vrymoedigheid en bereidheid om oor U te getuig daar waar U ons ’n verhoog en geleenthede gee (Kol. 4:3-6; Ef. 6:19-20)

Kom ons som op:

Die LTG-metode is ’n eenvoudige instrument waarmee gelowige volgelinge van Jesus Bybelse ekklesia-wees prakties kan ervaar en beoefen en in die proses geestelik kan groei en verander.

- Daarom kom die LTG eenmaal per week saam vir omtrent ’n uur op ’n tyd wat almal pas
- Die groep bestaan uit 2 of drie gelowiges. As ’n vierde persoon bykom, verdeel die groep sodra die vierde persoon aantoon hulle is getrou in hulle bywoning
- Die groepslede is almal van dieselfde geslag terwille van openhartigheid en eerlikheid
- Daari is geen amptelike werks-of handboeke nodig nie, behalwe die Bybel
- Daar is geen amptelike leiers nodig in die groep nie
- Elke groep doen net drie dinge: 1. Getuig teenoor mekaar en bely hulle sondes teenoor mekaar; 2. Skep ’n geleentheid om mekaar se lewens bloot te stel aan die krag van die Woord van God; en om 3. Saam in geloof te bid vir die redding en totale verlossing van mense.

Vir verdere inligting in die verband, of enige ander hulp of hulpmiddels wat ek jou en ander gelowiges rondom jou mee kan help, kontak my asb.

Gaan kyk gerus op my webblad na ander toerustingsmateriaal en gepubliseerde boeke en DVD’s wat jou en ander gelowiges om jou dalk kan help.

My boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE, en al hierdie ander materiaal kan direk van my af bestel word.

Kontak my gerus in die verband.

Christo en Hetta Nel

In diens van Jesus se Ekklesia

Posbus 3114

Somerset-Wes

7129

Sel 082 7702397

Tel: 021 851 0003

www.nuwewyn.co.za

E-pos: nchristo@lantic.net

BYBELLEES-PROGRAM

Hier volg ’n leesprogram waarmee gelowiges gedissiplineerd die Bybel kan deurlees in ’n jaar se tyd.

Dag	**Jan**		**Feb**			**Mrt**			
1	Gen 1,2	Ps 1	Mat 1-2	Eks 13-14	Ps 32	Mrk 12	Lev 26-27	Ps 60	Luk 24
2	3-4	2	3-4	15-16	33	13	Num 1-2	61	Joh 1
3	5-7	3	5	17-18	34	14	3-4	62	2-3
4	8-9	4	6-7	19-20	35	15	5-6	63	4
5	10-11	5	8-9	21-22	36	16	7	64	5
6	12-13	6	10-11	23-24	37	Luk 1	8-9	65	6
7	14-15	7	12	25-26	38	2	10-11	66	7
8	16-17	8	13	27-28	39	3	12-13	67	8
9	18-19	9	14-15	29-30	40	4	14-15	68	9
10	20-21	10	16-17	31-32	41	5	16	69	10
11	22-23	11	18	33-34	42	6	17-18	70	11
12	24	12	19-20	35-36	43	7	19-20	71	12
13	25-26	13	21	37-38	44	8	21-22	72	13
14	27-28	14	22	39-40	45	9	23-24	73	14-15
15	29-30	15	23	Lev 1-2	46	10	25-26	74	16
16	31-32	16	24	3-4	47	11	27-28	75	17
17	33-34	17	25	5-6	48	12	29-30	76	18
18	35-36	18	26	7-8	49	13	31-32	77	19
19	37-38	19	27	9-10	50	14	33-34	78	20
20	39-40	20	28	11-12	51	15	35-36	79	21
21	41-42	21	Mrk 1	13	52	16	Deut 1-2	80	Hand 1

22	43-44	22	2	14	53	17	3-4	81	2
23	45-46	23	3	15-16	54	18	5-6	82	3-4
24	47-48	24	4	17-18	55	19	7-8	83	5-6
25	49-50	25	5	19-20	56	20	9-10	84	7
26	Eks 1-2	26	6	21-22	57	21	11-12	85	8
27	3-4	27	7	23-24	58	22	13-14	86	9
28	5-6	28	8	25	59	23	15-16	87	10
29	7-8	29	9				17-18	88	11-12
30	9-10	30	10				19-20	89	13
31	11-12	31	11				21-22	90	14

Dag	**Apr**			**Mei**				**Jun**	
1	Deut 23-24	Ps 91	Hand 15	1 Sam 1-2	Ps 120	1 Kor 14	1 Kon 4-5	Spr 1	Tit 1-3
2	25-27	92	16	3-4	121	15	6-7	2	Filemon
3	28-29	93	17	5-6	122	16	8	3	Heb 1-2
4	30-31	94	18	7-8	123	2 Kor 1	9-10	4	3-4
5	32	95	19	9-10	124	2-3	11-12	5	5-6
6	33-34	96	20	11-12	125	4-5	13-14	6	7-8
7	Jos 1-2	97	21	13-14	126	6-7	15-16	7	9-10
8	3-4	98	22	15-16	127	8	17-18	8	11
9	5-6	99	23	17	128	9-10	19-20	9	12
10	7-8	100	24-25	18-19	129	11	21-22	10	13
11	9-10	101	26	20-21	130	12	2 Kon 1-2	11	Jak 1

12	11-12	102	27	22-23	131	13	3-4	12	2-3
13	13-14	103	28	24-25	132	Gal 1-2	5-6	13	4-5
14	15-16	104	Rom 1-2	26-27	133	3-4	7-8	14	1 Pet 1
15	17-18	105	3-4	28-29	134	5-6	9-10	15	2-3
16	19-20	106	5-6	30-31	135	Ef 1-2	11-12	16	4-5
17	21-22	107	7-8	2 Sam 1-2	136	3-4	13-14	17	2 Pet 1-3
18	23-24	108	9-10	3-4	137	5-6	15-16	18	1 Joh 1-2
19	Rigt 1-2	109	11-12	5-6	138	Fil 1-2	17	19	3-4
20	3-4	110	13-14	7-8	139	3-4	18-19	20	5
21	5-6	111	15-16	9-10	140	Kol 1-2	20-21	21	2 Joh
22	7-8	112	1 Kor 1-2	11-12	141	3-4	22-23	22	3 Joh
23	9	113	3-4	13-14	142	1 Tess 1-2	24-25	23	Judas
24	10-11	114	5-6	15-16	143	3-4	1 Kron 1	24	Op 1-2
25	12-13	115	7	17-18	144	5	2-3	25	3-5
26	14-15	116	8-9	19	145	2 Tess 1-3	4-5	26	6-7
27	16-17	117	10	20-21	146	1 Tim 1-2	6-7	27	8-10
28	18-19	118	11	22	147	3-4	8-9	28	11-12
29	20-21	119:1-88	12	23-24	148	5-6	10-11	29	13-14
30	Rut 1-4	119:89-176	13	1 Kon 1	149	2 Tim 1-2	12-13	30	15-17
31				2-3	150	3-4			

Dag	Jul			Aug			Sept		
1	1 Kron 14-15	Spr 31	Op 18-19	Neh 1-2	Ps 31	Mrk 10	Job 41-42	Ps 62	Joh 1
2	16-17	Ps 1	20-22	3-4	32	11	Pred 1-2	63	2-3
3	18-19	2	Mat 1-2	5-6	33	12	3-4	64	4
4	20-21	3	3-4	7	34	13	5-6	65	5
5	22-23	4	5	8-9	35	14	7-8	66	6
6	24-25	5	6-7	10-11	36	15	9-10	67	7
7	26-27	6	8-9	12-13	37	16	11-12	68	8
8	28-29	7	10-11	Ester 1-2	38	Luk 1	Hoogl 1-2	69	9
9	2 Kron 1-2	8	12	3-4	39	2	3-4	70	10
10	3-4	9	13	5-6	40	3	5-6	71	11
11	5-6	10	14-15	7-8	41	4	7-8	72	12
12	7-8	11	16-17	9-10	42	5	Jes 1-2	73	13
13	9-10	12	18	Job 1-2	43	6	3-5	74	14-15
14	11-12	13	19-20	3-4	44	7	6-8	75	16
15	13-14	14	21	5-6	45	8	9-10	76	17
16	15-16	15	22	7-8	46	9	11-13	77	18
17	17-18	16	23	9-10	47	10	14-15	78	19
18	19-20	17	24	11-12	48	11	16-17	79	20
19	21-22	18	25	13-14	49	12	18-19	80	21
20	23-24	19	26	15-16	50	13	20-22	81	Hand 1

21	25-26	20	27	17-18	51	14	23-24	82	2
22	27-28	21	28	19-20	52	15	25-26	83	3-4
23	29-30	22	Mrk 1	21-22	53	16	27-28	84	5-6
24	31-32	23	2	23-25	54	17	29-30	85	7
25	33-34	24	3	26-28	55	18	31-32	86	8
26	35-36	25	4	29-30	56	19	33-34	87	9
27	Esra 1-2	26	5	31-32	57	20	35-36	88	10
28	3-4	27	6	33-34	58	21	37-38	89	11-12
29	5-6	28	7	35-36	59	22	39-40	90	13
30	7-8	29	8	37-38	60	23	41-42	91	14
31	9-10	30	9	39-40	61	24			

Dag **Okt** **Nov** **Des**

1	Jes 43-44	Ps 92	Hand 15	Jer 39-40	Ps 121	1 Kor 15	Eseg 41-42	Spr 1	Tit 1-3
2	45-46	93	16	41-42	122	16	43-44	2	Filemon
3	47-48	94	17	43-44	123	2 Kor 1	45-46	3	Heb 1-2
4	49-50	95	18	45-46	124	2-3	47-48	4	3-4
5	51-52	96	19	47-48	125	4-5	Dan 1-2	5	5-6
6	53-54	97	20	49-50	126	6-7	3-4	6	7-8
7	55-56	98	21	51-52	127	8	5-6	7	9-10
8	57-58	99	22	Klaag 1-2	128	9-10	7-8	8	11
9	59-60	100	23	3	129	11	9-10	9	12

10	61-62	101	24-25	4-5	130	12	11-12	10	13
11	63-64	102	26	Eseg 1-2	131	13	Hos 1-3	11	Jak 1-3
12	65-66	103	27	3-4	132	Gal 1-2	4-6	12	4-5
13	Jer 1-2	104	28	5-6	133	3-4	7-8	13	1 Pet 1
14	3-4	105	Rom 1-2	7-8	134	5-6	9-11	14	2-3
15	5-6	106	3-4	9-10	135	Ef 1-2	12-14	15	4-5
16	7-8	107	5-6	11-12	136	3-4	Joël 1-3	16	2 Pet 1-3
17	9-10	108	7-8	13-14	137	5-6	Amos 1-3	17	1 Joh 1-2
18	11-12	109	9-10	15-16	138	Fil 1-2	4-6	18	3-4
19	13-14	110	11-12	17-18	139	3-4	7-9	19	5
20	15-16	111	13-14	19-20	140	Kol 1-2	Obadja	20	2 Joh
21	17-18	112	15-16	21-22	141	3-4	Jona 1-4	21	3 Joh
22	19-20	113	1 Kor 1-2	23-24	142	1 Tess 1-2	Miga 1-4	22	Judas
23	21-22	114	3-4	25-26	143	3-4	5-7	23	Op 1-2
24	23-24	115	5-6	27-28	144	5	Nah 1-3	24	3-5
25	25-26	116	7	29-30	145	2 Tess 1-3	Hab 1-3	25	6-7
26	27-28	117	8-9	31-32	146	1 Tim 1-2	Sef 1-3	26	8-10
27	29-30	118	10	33-34	147	3-4	Hag 1-2	27	11-12
28	31-32	119:1-64	11	35-36	148	5-6	Sag 1-4	28	13-14
29	33-34	119:65-120	12	37-38	149	2 Tim 1-2	Sag 5-9	29	15-17

30	35-36	119:121-176	13	39-40	150	3-4	Sag 10-14	30	18-19
31	37-38	120	14				Mal 1-4	31	20-22